

**DIE DOELBEWUSTE GEBRUIK VAN DIE ELEMENT VAN  
ONSEKERHEID VAN DIE TERAPEUT IN GESINSTERAPIE**

deur

**HEDWIG RUTH VAN DER WESTHUIZEN**

Voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir die graad

**MAGISTER ARTIUM IN DIE SOSIALE WETENSKAPPE  
(GEESTESGESONDHEID)**

aan die

UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA

STUDIELEIER: MEV H D GROBLER

November 2003

## SUMMARY

This is a constructivistic, qualitative single case study of the reflections of a social work post-graduate student in a practical family therapy training situation, to illustrate the integration of person centered and systemic family therapy theory. The element of uncertainty of the therapist, is the focus of this study.

The element of uncertainty, being a part of both the therapist and the therapeutic process, especially if challenged to make paradigm shifts and master new theory and skills, is identified, described, redefined and constructively applied.

The focus is to highlight the use of the reframed element of uncertainty in empowering the therapist in the therapeutic process of family therapy. It is outlined how uncertainty can also be of value to empower the therapist to evolve an own unique therapeutic style.

Key terms:

Certainty; Uncertainty; Paradigm shift; Systemic family therapy; Cybernetics; Post-graduate training of Social Workers; Constructivism; Reframing; Person centered family therapy; Metaphor.

## OPSOMMING

Onsekerheid is deel van die ewige, lewende, groeiende en voortdurend veranderende skepping. Die mens as deel van hierdie skepping se bestaan is nooit staties nie en is deel van die proses van voortdurende beweging en verandering. Menswees impliseer meestal onvoorspelbaarheid en 'n gebrek aan beheer en sekerheid oor die toekoms.

Met hierdie studie word op die element van onsekerheid gefokus as deel van die terapeut en die terapeutiese proses, veral wanneer die terapeut te midde van die proses van 'n paradigmaskuif, nuwe teorie en praktiese vaardighede moet bemeester. Die inherente onsekerheidskonsep van die paradigma waarheen die denkskuif gemaak word, word noodwendig deel van die studiefokus.

Dit is 'n enkele gevallestudie van die refleksie van 'n maatskaplike werk nagraadse student in 'n praktiese opleidingsituasie in gesinsterapie. Dit word ondersteun deur 'n literatuurstudie rondom die teoretiese inhoud en proses van die paradigmaskuif, wat bygedra het tot onsekerheid. Die element van onsekerheid en die herdefiniëring daarvan word verder bespreek. Die doel is om te illustreer dat die element van onsekerheid 'n bemagtigingsfaktor vir die terapeut en die proses in gesinsterapie geword het. Verder word ook aangedui hoe die element van onsekerheid die maatskaplike werker as terapeut op 'n breër vlak kan bemagtig.

## ERKENNING

Baie dankie aan my Vader vir die geleentheid om te lewe en te midde van die onsekerheid van my eie kortstondige bestaan ook hierdie leerervaring te kon hê en vir die sekerhede wat dit gebring het.

Baie dankie vir Prof. Wilfred van Delft, Ida van Dyk en Hanka Grobler wat vir my die geleentheid gegee het om te midde van my eie onsekerhede en my steeds bly uitdaag het om tot meer sekerheid te kon groei.

Dankie veral vir Hanka, my studieleier, wat so lank met my onsekerheid gedeel het en by my onsekerheidstabiliteit aangesluit het, en die herformuleringsproses moontlik gemaak het.

Baie dankie vir my man Burg wat al dertig jaar met die “onsekerheid” getroud is, en vir my kinders Fanie, Anna-Mart en Elze wat lewenslank ma se proefkonyne is. Dankie vir hul vier se vertrouwe, geduld, ondersteuning en liefde, ten spyte van ons gedeelde onsekerhede.

Dankie vir my wonderlike familie en goeie vriendinne wat ek baie afgeskeep het in die studietyd, vir die sekerhede van die bande wat ons bind, te midde van die onsekerhede van ons daaglikse lewe.

# **INHOUDSOPGAWE**

## **HOOFSTUK 1**

### **AGTERGROND, DOEL EN METODE VAN DIE STUDIE** **p 10**

1.1 Inleiding	p10
1.2 Agtergrond	p13
1.3 Doel van die studie	p 15
1.4 Mikpunte van die studie	p 15
1.5 Navorsingsontwerp	p 16
1.5.1 Oriëntasie	p 16
1.5.2 Tipe navorsing	p 16
1.6 Beperking van die studie	p 19
1.7 Oorsig	p 20

## **HOOFSTUK 2**

### **LITERATUURSTUDIE** **p 21**

2.1 Inleiding	p 21
2.2 Omskrywing van enkele sleutelbegrippe	p 21
2.3 Onderskeiding tussen Positiewisme en Konstruktiewisme	p 25
2.3.1 Inleidend	p 25
2.3.2 Positiewisme	p 26
2.3.3 Konstruktiewisme	p 29
2.4 Konstruktiewistiese gesinsterapie	p 32
2.4.1 Inleidend	p 32

2.4.2	Basiese konstruktivistiese elemente in sistemiese gesinsterapie	p 32
2.4.3	Herdefiniëring as konstruktivistiese intervensie	p 34
2.4.4	Die uitdagings en verantwoordelikheid van konstruktivistiese gesinsterapie	p 34
2.5	Die persoonsgesentreerde benadering	p 39
2.5.1	Inleidend	p 39
2.5.2	Basiese konsepte	p 39
2.6	Die sisteembenadering	p 45
2.6.1	Inleidend	p 45
2.6.2	Basiese konsepte	p 47
	2.6.2.1 Kubermetika	p 48
	2.6.2.2 Kubermetika van kubermetika	p 48
	2.6.2.3 Geheel	p 49
	2.6.2.4 Sirkulariteit	p 49
	2.6.2.5 Verandering	p 50
	2.6.2.6 Stabiliteit	p 51
	2.6.2.7 Ekwifinaliteit	p 51
	2.6.2.8 Patrone, hiërargie en grense	p 52
2.7.	Sistemiese gesinsterapie	p 53
2.7.1	Inleidend	p 53
2.7.2	Hoof-elemente van die terapeutiese proses in sistemiese gesinsterapie	p 53
	2.7.2.1 Die individu in konteks van die gesinsisteem en ander sisteme	p 53
	2.7.2.2 Sirkulariteit	p 55
	2.7.2.3 Die terapeut	p 57

2.7.2.4 Tweede-orde verandering	p 61
2.7.3 Slotsom	p 66
<b>HOOFSTUK 3</b>	
<b>DIE KONSEP VAN ONSEKERHEID</b>	<b>p 67</b>
3.1 Teoretiese agtergrond	p 67
3.1.1 Definiëring en omskrywing van onsekerheid	p 67
3.1.2 Onsekerheid in gesinsterapie	p 71
3.1.3 Herdefiniëring van onsekerheid	p 82
<b>HOOFSTUK 4</b>	
<b>WAARNEMING IN DIE NAVORSING</b>	<b>p 86</b>
4.1 Agtergrond	p 86
4.2 Agtergrond van die gesin wat deel is van die gevallestudie	p 86
4.3 Die leerervaring rondom die gebruik van onsekerheid tydens die eerste gesinsterapiesessie.	p 89
4.3.1 Voor gesinsterapiesessie	p 89
4.3.2 Die verloop van die eerste sessie	p 90
4.3.2.1 Die teenwoordigheid van die "vertroude terapeut" van die gesin – die vashou aan stabiliteit en ontkenning van onsekerheid	p 90
4.3.2.2 Die opleidingskonteks en die druk om te begin verander – die erkenning van onsekerheid	p 98
4.3.2.3 'n Refleksie oor onsekerheid van die terapeut	p 98
4.3.3 Verdere sessies	p 100

4.3.3.1 Die groei-ervaring in die toepassing van van tweede-orde kubernetiese intervensies te midde van onsekerheid	p 100
4.3.3.2 Die dinamika van die sistemiese terapeutiese proses te midde van die terapeut se onsekerheid	p 104
4.3.3.3 Die groeiproses by die gesin te midde van die herkonstruksie van die onsekerheidskonsep deur die terapeut	p 111
4.4 Herdefiniëring van onsekerheid by die terapeut	p 123

## **HOOFSTUK 5**

### **GEVOLGTREKKINGS** p 127

5.1 Inleidend	p 127
5.2 Die gebruik van onsekerheid in die terapeutiese proses	p 127
5.3 'n Laaste refleksie oor die groeiproses van die terapeut	p 130
5.4 Slotsom	p 134

### **BIBLIOGRAFIE** p 135

### **ADDENDUM** p 144



*" This is a highly personal document, written primarily  
for myself, to clarify an issue  
which has become increasingly puzzling."*

*[ Carl Rogers 1961:200 ]*

# HOOFSTUK 1

## AGTERGROND, DOEL EN METODE VAN DIE STUDIE

### 1.1 INLEIDING

Die behoefte aan sekerheid en sekuriteit is een van die mees basiese menslike behoeftes. Wanneer sekerheid ervaar word bring dit 'n gevoel van veiligheid en geborgenheid. Die gevoel van onsekerheid is egter ook 'n deel van die menslike bestaan. Dikwels word dit vergesel deur die gevoelens van onveiligheid en angstigheid.

Niks wat lewe is egter ooit staties en onveranderlik of “seker” nie. Die hele skepping is in voortdurende verandering, beweging en siklusse van groei, vervorming, sterwe en nuwe lewe. Daar is 'n sekere reëlmaat in die skepping te midde van die veranderinge - natuurwetmatighede wat 'n roetine en sekerhede op die ondermaanse bewerkstellig – dag volg na nag, winter kom na herfs en dan kom lente en somer. Daar is sekere sosiale strukture waarbinne mense saamleef en werk, soos gesinne, skole, kerke, en vele meer, waarbinne sekere roetines, norme en verwagtinge geld. Die bekendhede en sekerhede skep 'n gevoel van stabiliteit en veiligheid - gee orde en voorspelbaarheid en moontlik 'n gevoel van “in beheer wees” vir die mens. Verskillende groepe in die samelewing het verder verskillende en unieke verwagtinge, strukture en reëls wat “sekerhede” skep in die onderskeie groepe. Net so het elke unieke mens ook sy eie unieke punktuasie rondom “sekerhede” en “onsekerhede”.

Bateson [1979:74] sê dat dit juis die proses van voortdurende verandering is wat organismes, en dus ook mense en die samelewing in geheel, stabiel en in balans hou. Die voortdurende proses van lewe en groei in die mens se lewensiklus maak verandering met sy sekerheid en onsekerheid 'n gegewe.

Drastiese veranderinge vereis dat groter aanpassings gemaak word om 'n gevoel van balans en sekerheid te herstel. Wanneer sekerhede wegsypel en onsekerheid aan die stuur is, word 'n onaangename gevoel van beheerverlies ervaar. Vir sommige mense dien onsekerheid as 'n stimulus en uitdaging en benodig hulle die adrenalien van die onsekerheidsproses om 'n kwaliteit lewe te lewe. Dit is moontlik hierdie mense, wat die berg Everest aandurf, of rekspronge van hangbrue af doen voor ontbyt. Sulke mense ervaar die onsekerheid voor 'n skaakwedstryd of 'n verhoogoptrede as aansporing om beter te presteer. Vir ander mense kan onsekerheid egter weer totaal immobiliserend wees en bydra dat hulle ontoereikend voel en swakker presteer.

Navorsers is van mening dat mense egter oor die algemeen sekere areas in hul lewe het waarvoor hulle graag voorspelbaarheid en sekerheid sal wil hê, alhoewel daar ander areas is waar hulle onsekerheid sal aanvaar of selfs verwelkom.

Oor die algemeen is onsekerheid iets wat mense nie graag wil ervaar nie, en waarvan hulle so gou as moontlik ontslae sou wou raak, veral waar dit dan sou reflekteer op hul eie vermoëns ten opsigte van 'n bepaalde saak. Onsekerheid kan as uitdaging dien om hul vermoëns as toereikend te bewys, maar dit kan ook verlamvend inwerk op hul funksionering. Daar is oor die algemeen 'n begeerte en geneigdheid by die mens om die onsekerheid met sekerheid te wil vervang. Binne die natuur, maar ook binne menslike sisteme word die voorspelbare reëlmatighede 'n bron van sekuriteit. Mense skep 'n roetine, reëls en wette om sekerheid in 'n gedeelte leefarea te bring. Wanneer hierdie sekerheid in 'n mindere of meerdere mate uitgedaag word, kan dit verwarring, angstigtheid en onsekerheid meebring, asook die hunkering na die herstel van die stabiliteit. Dit is byvoorbeeld baie merkbaar in ons land met die veranderinge op 'n breë vlak, wat die afgelope tien jaar deel geword het van die Suid-Afrikaanse bestaan. Op alle terreine in die samelewing vanaf staatstrukture, private

instansies, besighede, kerke, opleidingsinstansies en ook op persoonlike vlak, word Suid-Afrikaners blootgestel aan die proses van verandering en die onsekerheid wat daarmee saamgaan.

In hierdie navorsing is daar verskeie vlakke van onsekerheid wat ter sake is, waaronder die volgende:

- Onsekerheid as inherente deel van die lewe, volgens die epistemologie wat as fondasie dien van hierdie studie
- Onsekerheid wat die kliënt ervaar te midde van sy probleemsituasie
- Onsekerheid oor die uitkoms van die terapie
- Onsekerheid by die terapeut oor haar vermoë om sekere of moontlik alle kliënte te help
- Onsekerheid by die terapeut te midde van 'n paradigmaskuif ten opsigte van terapie
- Onsekerheid van die terapeut rondom haar eie terapeutiese vaardigheid
- Onsekerheid te midde van 'n veranderende samelewing en 'n veranderende terapeutiese omgewing.

Die terapeut, sowel as die kliënt, is nie alleen in hul persoonlike lewens nie maar ook in die breër samelewingsisteme, sowel as in die hulpverleningsituasie, blootgestel aan 'n proses van verandering en onsekerheid. Dit is te verwagte dat die kliënt in die terapeutiese sisteem destabilisering en onsekerheid kan ervaar, juis wanweë sy "probleem". Die aanname kan moontlik deur die kliënt, andere en ook die terapeut self gemaak word, dat die terapeut meer sekerheid in hierdie sisteem behoort te ervaar. Die terapeut se professionele kennis en ervaring kan 'n redelike mate van sekerheid en gevoel van "in beheer wees" vir die terapeut bied, ten opsigte van haar eie professionele rol en die verwagte reaksie van die kliëntesisteem.

Die vraag is egter of dit noodwendig so **is** en **moet wees** dat die terapeut **meer sekerheid** as die kliënt ervaar. Verder kan ook gevra word wat gebeur wanneer hierdie sekerheid **nie** deur die terapeut ervaar word nie en **hoe** sou die onsekerheid dan die terapeut, die terapie en die kliënt beïnvloed.

Die onsekerheid wat die navorser as terapeut ervaar in die opleidingsituasie, wanneer nuwe uitdagings op terapeutiese vlak gestel word, terwyl sekere stabiliteite bevraagteken word, word die onderwerp wat bestudeer word.

## **1.2 AGTERGROND**

Die ervaring van onsekerheid deur die navorser as terapeut in die opleidingsituasie ten opsigte van gesinsterapie, het geskied op verskeie vlakke waar verandering ingetree het. Onder andere was daar die klemverskuiwing van individuele - na gesinsterapie. Verder was daar 'n verandering van liniêre na sirkulêre en sistemiese denke. Daar was ook blootstelling aan 'n verskeidenheid nuwe teorieë en tegnieke, wat ook soms teenstrydig met mekaar voorgekom het. Verder was daar ook die verandering van 'n positivistiese na 'n konstruktivistiese epistemologie. Daar was dus nie alleen nuwe teorieë, tegnieke en benaderings wat geïntegreer moes word nie, maar veral 'n nuwe fondasie van die navorser as terapeut se hele benadering tot terapie en meer nog – 'n nuwe manier van dink oor mense, menswees en die lewe in geheel.

In hierdie studie is daar gekyk na die proses van professionele groei by die navorser as terapeut toe sy haar terapeutiese grense moes vergroot ten tye van nagraadse studies. Die sekerhede van die ou terapeutiese verwysingsraamwerk van die navorser as terapeut is

bevraagteken. Verder is ook ondersoek of die navorser in hierdie toestand van destabilisering en onsekerheid effektief terapieë kon funksioneer, en of dit tot voordeel van die terapeut/navorsers en die kliëntsisteem aangewend kon word. Met hierdie studie is die ervaring van onsekerheid by die navorser as terapeut te midde van die terapeutiese proses, die terapeutiese groei en terapeutiese herdefiniëring ondersoek.

Die paradigmaskuif het reeds onsekerheid by die navorser as terapeut geskep. Om 'n verdere skuif te moes maak juis na 'n paradigma wat vol onsekerhede is, het die saak baie gekompliseer.

Die blootstelling aan die konstruktivistiese filosofie het as stimulus en rigtinggewende faktor van hierdie studie gedien. Die gebrek aan voorspelbaarheid en die basiese onsekerheid wat 'n terapeut kan ervaar, word as inherente gegewe aanvaar in die konstruktivistiese denkraamwerk. Hierdie manier van dink oor mense, gebeure en probleme, staan reëlreg teenoor die tradisionele positivistiese manier van dink oor wetenskaplike feite en sekerhede – ook ten opsigte van die terapeutiese proses. In hierdie navorsing is op die persoonsgesentreerde en ook die sistemiese fasette van gesinsterapie in die breë gefokus. Daar is nie in diepte ingegaan in die verskillende benaderings nie, maar wel op die onsekerheidservaring te midde van die paradigmaskuif van die navorser as terapeut en die uitwerking daarvan, op die terapeut, die kliënt en die terapeutiese proses.

Die hipotese is gemaak dat as 'n terapeut die gevoel van onsekerheid ervaar tydens die terapeutiese proses, haar konstruksie van die onsekerheid as 'n swakheid, immobiliserend op die hulpverleningsproses kan inwerk. Deur die konsep van onsekerheid te herformuleer en as 'n gegewe in die terapeutiese proses te konstrueer, kan dit die proses positief beïnvloed.

### 1.3 DOEL VAN DIE STUDIE

Die doel van die studie is om die proses van die navorser as terapeut, se onsekerheid wat ontstaan te midde van 'n paradigmaskuif ten opsigte van terapie, te ondersoek en te beskryf. Dit is ook die doel van hierdie studie om te kyk **òf**, en indien wel, **hòè**, hierdie element van onsekerheid by die navorser as terapeut tydens die verskuiwingsproses tot voordeel van die terapeut, die kliënt en die terapeutiese proses gebruik kan word, en of die inherente onsekerheidselement in die paradigma waarheen verskuif is, voordelig aangewend kan word in 'n breër konteks.

### 1.4 MIKPUNTE VAN DIE STUDIE

- Dit is eerstens die mikpunt van die ondersoeker om die aard van die onsekerheid van die navorser as terapeut te ondersoek.
- Dit is ook die mikpunt om die faktore wat bydrae tot die element van onsekerheid by die navorser as terapeut binne haar terapeutiese rol te identifiseer en te ondersoek.
- Verder is dit die mikpunt om vas te stel of die aanwesigheid van die onsekerheidselement deur herdefiniëring konstruktief aangewend kan word.
- Laastens word die vraag ondersoek of die navorser as terapeut in die terapeutiese proses met die gesin, geleidelik na meer sekerheid [‘n finale sekerheid moontlik] beweeg. Alternatiewelik word ook ondersoek of sekerheid en onsekerheid afwisselende en komplimentêre ervarings is van die navorser as terapeut in die terapeutiese proses met die gesin.

## 1.5 NAVORSINGSONTWERP

### 1.5.1 Oriëntasie

In hierdie navorsing word 'n gevallestudie gedoen vanuit 'n konstruktivistiese benadering. Die onsekerheid van die navorser as terapeut word die primêre fokus van die ondersoek. Die navorser as terapeut se ervaringe word op 'n meta vlak binne die terapeutiese- en opleidingsstelsel waargeneem en word deel van haar navorsingsonderwerp. Haar ervaring van onsekerheid is die fokus van die navorsing. Die maatskaplike werker navorser is nie die *kundige wetenskaplike en observeerder van die navorsingsmateriaal* nie, maar 'n mededeelnemer in die navorsingsproses – die navorser word ook die nagevorsde en die skeiding tussen navorser en nagevorsde verdwyn. Die navorser en haar beskrywings word deel van die navorsingsproses. [Collins 1991:304] Daar word meestal na die “navorser as terapeut” verwys, maar die term “navorser” of “terapeut” word soms afsonderlik en alternatiewelik gebruik waar die konteks dit regverdig.

### 1.5.2 Tipe navorsing

Kwalitatiewe navorsing word gedoen deur 'n enkele gevallestudie rondom die belewenis van onsekerheid van 'n terapeut tydens in 'n opleidingsituasie ten opsigte van gesinsterapie. 'n Gevallestudie word dikwels volgens Anastas [1999:96], gebruik om 'n unieke of 'n eienaardige verskynsel, element of proses te ondersoek, dikwels in verhouding met meer algemene konsepte, teorieë en/of verskynsels. Die fokus van die navorsing is enersyds om die inhoud en proses van die element van onsekerheid tydens die leerervaring van die terapeut toe te lig. Terselfdertyd is die fokus ook op die kliëntgesin en die opleidingsstelsel en dan laastens ook die epistemologiese raamwerk wat 'n integrale deel van die navorsing vorm.



Die tradisionele gevallestudie is een van die oudste en geëerde metodes van navorsing van die helpende professies. Freud en Rogers het onder andere van hierdie metode gebruik gemaak. Die gevallestudie kan 'n enkele persoon insluit, maar ook 'n gesin, organisasie, gemeenskap, gebeurlikheid of sisteem. 'n Gevallestudie word ook dikwels gebruik wanneer die navorser nie baie kontrole oor die navorsing het nie, in diè sin dat die navorser die proses nie kan beheer of manipuleer nie [Anastas 1999:93-94]. Yin [1994:13] beskryf 'n gevallestudie as 'n "empirical enquiry that investigates a contemporary phenomenon within its real-life context, especially when the boundaries between a phenomenon and context are not clearly evident." Dit word ook aangedui dat 'n gevallestudie van besondere waarde kan wees wanneer veranderingsprosesse ondersoek word [Anastas 1999:94].

Die vrae wat die navorser het, en hoe die vrae geformuleer word, sal ook die keuse van 'n navorsingsmetode beïnvloed. [Whiston 1996: 617]. Dit word ook vermeld dat, alhoewel die navorsing ten opsigte van 'n enkele gevallestudie vir sommige navorsers vreemd mag wees, dit histories nog altyd gebruik is in opleiding. Hierdie metode is spesifiek waardevol wanneer volledige data van 'n hoë gehalte van een gevallestudie versamel moet word.

De Vos, et al [1998: 266 – 268] is van mening dat die paradigma van die navorser toegelig moet word en die teoretiese fondasie van die navorsing uiteengesit moet word. Daarom is dit van belang dat die konstruktivistiese epistemologie, wat as basis van hierdie studie dien, uiteengesit en vergelyk word met die positivistiese epistemologie, waaruit die navorser gekom het. In 'n gevallestudie kan daar slegs 'n beskrywing, sonder teorie, van die gebeure gegee word, maar die teorie kan ook gebruik word om die navorser te begelei in die navorsingsproses en beskrywing van die data. Anastas [1999:95] beklemtoon ook die belang van koppeling aan teorie om groter oortuigingswaarde aan die gevallestudienavorsing te gee. Derhalwe sal tersaaklike konstruktivistiese teorieë soos die persoonsgesentreerde- en sisteemteorieë toegelig word.

Anastas [1999:95] haal vir Yin [1994] en Fongay & Moran [1993] aan, wat van mening is dat gevallestudies meer produktief is wanneer teorie voor en tydens konseptualisering gebruik word, omdat dit volgens hulle, meer rigting gee aan die dataversameling en analise. Hulle is die mening toegedaan, dat teoretiese studie kan bydrae tot 'n groter betroubaarheid en moontlik ook 'n veralgemeningswaarde van gevolgtrekkings wat gemaak word, siende dat daar nie statistieke en ander kwantitatiewe inligting beskikbaar is nie. In die lig van die konstruktivistiese benadering van hierdie studie, is die teoretiese studie egter noodsaaklik en bruikbaar deurdat die roumateriaal in 'n bepaalde konteks ge-evalueer word en dat afleidings gemotiveer word, en nie noodwendig, indien ooit, veralgemeen kan word nie.

Volgens Anastas [1999:96,105] is dit belangrik dat daar 'n verskeidenheid van verantwoordbare metodes moet wees om data in te samel, soos onder andere deur middel van onderhoude, observasie en geskrewe dokumentasie. Dit verleen groter kredietwaardigheid aan die studie. In hierdie gevallestudie is inligting versamel deur videoband-opnames, prosesnotas en verbatim transkripsies van gesinsterapie-sessies, asook supervisienotas, klasnotas en dagboek-inskrywings van die navorser as terapeut. Hierdie data is op grond van die relevante teorieë gekategoriseer en geïnterpreteer.

Gevallestudienavorsing kan òf kwalitatief òf kwantitatief wees, òf ook beide. [Whiston 1996:617]. Hierdie studie is kwalitatief. Kwalitatiewe navorsing is meer gepas waar subjektiewe ervarings in 'n sosiale of terapeutiese konteks die onderwerp van navorsing is. [Collins 1991:301].

Dit word verder beklemtoon dat die grens tussen die navorser en die navorsing omskryf moet word, vanweë die vloeibaarheid van die proses van hoë kwaliteitsnavorsing. "Die navorser raak noodwendig deel van die navorsingproses en word ook die "nagevorsde". Die reflektiewe proses is van groot belang in die navorsing volgens Stake [1994:242], soos aangehaal deur

Anastas [1999:97]. "Qualitative case study is characterized by the main researcher spending substantial time, on site, personally in contact with activity and operations of the case, reflecting, revising meanings of what is going on."

Anastas [1999:98], beklemtoon verder dat die navorser 'n duidelike navorsingsvraag behoort te hê wat die navorsing rig. Vir hierdie navorsing is die vraag of die element van onsekerheid by die navorser as terapeut wel gebruik kan word in gesinsterapie, en indien wel, op watter wyse.

## **1.6 BEPERKING VAN DIE STUDIE**

Die studie is beperk tot die refleksie van die navorser as terapeut in 'n Maatskaplike Werk Magistergraad opleidingstuasie oor die konsep "onsekerheid." In die opleidingsstelsel is ses mede-maatskaplike werk nagraadse studente en drie dosente betrokke. Verder is een gesin, met wie gesinsterapie in die opleidingskonteks gedoen is, deel van die navorsing.

Die studie word toegespits op die spesifieke element van onsekerheid wat by die navorser as terapeut ontstaan en wat in terme van die konstruktivistiese ko-evolueringsproses herdefiniër word om sodoende 'n andersoortige betekenis en bruikbaarheid te verkry.

Dit is 'n persoonlike konstruksie van die navorser as terapeut ten opsigte van gesinsterapie, wat ontwikkel uit die onsekerheid wat ervaar is tydens die opleidingssituasie.

## 1.7 OORSIG

In **hoofstuk 1** word die doel van die navorsing en die motivering van die keuse van die navorsingsonderwerp, die navorsingsoriëntasie, asook die motivering van die spesifieke keuse van die navorsingsmetode, omskryf.

In **hoofstuk 2** word die teoretiese agtergrond wat tersake is vir hierdie navorsing, weergegee. Tersaaklike sleutelbegrippe, epistemologieë en teorieë word omskryf en kortliks bespreek. Die sisteembenadering in gesinsterapie word ten slotte in die gedeelte aangespreek.

In **hoofstuk 3** word oor die konsep “onsekerheid” en die herdefiniëring daarvan gereflekteer.

In **hoofstuk 4** word ‘n gevallestudie met ‘n gesin in terapie beskryf, waardeur die proses van identifisering en gebruik van die onsekerheidselement by die terapeut geïllustreer word, in die konteks van die gesinsterapeutiese proses.

In **hoofstuk 5** word die waarnemings wat gemaak is met die gevallestudie bespreek en toegepas op ‘n meta vlak en tot ‘n gevolgtrekking gekom, in die lig van die navorsingsdoelwit.

## HOOFSTUK 2

### 2 LITERATUURSTUDIE

#### 2.1 INLEIDING

Die navorser stel haar ten doel om in hierdie hoofstuk die konsepte wat gebruik word in die navorsing duidelik te klariëer en om die basiese epistemologie en teorieë wat gebruik is, te omskryf. Om die navorsingsgebied af te baken word daar gefokus op aspekte wat volgens die navorser as terapeut se punktuasie, tot haar eie onsekerheid bygedra het.

#### 2.2 OMSKRYWING VAN SLEUTELBEGRIPPE

- **Epistemologie** – Hiermee word verwys na die wetenskaplike studie van die denkproses van die mens. In die “Universal English Dictionary” word die volgende betekenis aangegee: Die Grieks van die basiswoord “*epistēmē*”, beteken: “knowledge, understanding, science” en die van “*epistamai*”, beteken weer: “I know how, understand, know”; terwyl “logy” beteken: “treatise, science, doctrine” [Wyld 1961:372,634]. **Epistemologie is die verstaan van hoe die mens probeer om te verstaan. Dit is die studie van hoe spesifieke organismes, soos die mens, weet dink en besluit. In die terapeutiese konteks dui dit op die formele studie van hoe terapeutiese realiteite gekonstrueer, in stand gehou en verander word.** [Piercy & Sprenkle 1986:280].

Dell [1985:2] beskryf die betekenis van epistemologie onder andere as: “To philosophers, epistemology is that branch of philosophy which investigates the origins, structure, methods, and validity of knowledge.”

- **Paradigma** – Dit verwys na 'n konsepsuele denkraamwerk. Dit is afgelei van die Grieks *paradeigma*, wat “pattern, model” beteken en “*paradeiknumi*” wat beteken “I exhibit, represent, I show, tell”. **In hierdie konteks word na 'n patroon van denke of verwysingsraamwerk verwys.** [Wyld 1961:827]. Spies [1999:20] beskryf paradigmas as wêreldsienings of filosofieë wat die sosiale prosesse en instellings van mense rekursief vorm en reflekteer, en wat voortdurend kan verander. Dell [1985:2], haal Scheffen aan wat onderskei tussen 'n paradigma en 'n epistemologie, wat soms in die gesinterapeutiese veld vermeng of alternatiewelik gebruik word. **'n Paradigma word beskryf as 'n “body of theories, methods, and findings about a particular phenomenon” en verder “an epistemology is much broader than a paradigm, for it is a way of thinking about all phenomena, about all of nature.”**
  
- **Punktuasie** – Die bekende woorde van Hamlet: “there is nothing either good or bad, but thinking makes it so” [Watzlawick 1967:95], neem die essensie van die begrip rondom punktuasie saam. **Met punktuasie word bedoel die invalshoek van die lede in 'n sisteem** [Piercy & Sprenkle 1986: 32]. Die mens is selektief in die ontvangs en interpretasie van 'n magdom data. Die punktuasie van die individu beïnvloed die seleksie en interpretasie van inligting. Konflik in 'n sisteem, is dus dikwels ook konflik tussen uiteenlopende punktuasies, met die vaste oortuiging dat daar net “een realiteit”, naamlik die "eie," is [Watzlawick 1967:95].
  
- **Sisteme** – Die konsep “sisteem” verwys na 'n **geheel wat bestaan uit eenhede wat in verhouding met mekaar staan en in interaksie met mekaar verkeer.** Die geheel is deel van en meer as die dele en die interaksieproses tussen die dele [Wyld 1961: 1232]. Watzlawick [1967:120] haal die definisie van Hall en Fagan aan om 'n sisteem te beskryf as “a set of objects together with relationships between the objects and their attributes”. Die skrywers beklemtoon verder dat die dele van 'n sisteem gesien word as

mense in **verhouding** met mense, en nie as losstaande individue nie. [Watzlawick 1967:120]. 'n Enkele mens kan op sigself ook as 'n sisteem beskou word, bestaande uit verskillende dimensies. Daar word na die studie van sisteme verwys as "kubernetika."

- **Gesin** - Die gesin word beskryf as die kleinste maatskaplike eenheid in die samelewing, bestaande uit 'n man, vrou, kind of kinders, gewoonlik onder een dak. [Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk 1995:20] Schriver verwys in sy beskrywing van die term "gesin", na die gesin van oorsprong, wat met bloedbande verbind is, (maar ook nie noodwendig nie) en die gesin wat psigologies verbonde is aan mekaar. Die gesin kan dus ook insluit die mense met wie 'n persoon verkies om mee saam te leef. [Schriver 1995:236-237].

In 'n sisteemkonteks word 'n gesinsisteem dan **gekenmerk deur individue wat in 'n saamleefsituasie in interaksie is en met emosionele bande gebind word. Die lede van die gesin vervul 'n verskeidenheid van rolle en funksies wat deur reëls gereguleer word** [Andolfi 1980:6]. Selvini et al [1978:3] beskryf die gesin in sistemiese terme as volg: "a self-regulating system which controls itself according to rules formed over a period of time through a process of trial and error" [Jones 1993:9].

- **Terapie** in die Maatskaplike Werk konteks verwys na die professionele handeling om groei, heelwording en verandering by 'n kliënt of kliëntesisteem, waar 'n maatskaplike probleem ervaar word, te bewerkstellig. Die Griekse woord *therapeus*, waaruit *terapie* en *terapeut* afgelei is, beteken om gesond te maak [Le Roux 1990:103]. Hulpverlening in die maatskaplike werk profesie word in die "Social Work Dictionary" gedefiniëer as: "The applied science of helping people achieve an effective level of psycho-social functioning" [Barker 1991:221]. In die Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk

[1995:41] word beklemtoon dat maatskaplike werk hulpverlening 'n proses is waardeur 'n maatskaplike werker van sekere tegnieke en metodes gebruik maak ten einde maatskaplike probleme te voorkom, te verlig of uit die weg te ruim, om die maatskaplike funksionering van die kliëntesisteem te bevorder.

Vir die doel van hierdie navorsing word die beskrywing van Anderson & Goolishian as waardevol beskou: **“Therapy is a linguistic activity in which being in conversation about a problem is a process of developing new meanings and understandings.** The goal of therapy is to participate in a conversation that continually loosens and opens up, rather than constricts and closes down. Through therapeutic conversation, fixed meanings and behaviors [the sense people make of things and their actions] are given room, broadened, shifted, and changed. There is no other required outcome” [Anderson & Goolishian 1988:381].

- **Gesinsterapie** – Met die term gesinsterapie word verwys na die terapie waar op die gesin met sy individuele lede as geheel en as eenheid gefokus word. Die behandeling van 'n individuele kliënt geskied deur alle lede van sy gesin te betrek in 'n poging om sy probleemgedrag te verander en die maatskaplike funksionering van die kliënt en sy gesin te bevorder [Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk 1995:22]. Barker [1988:1,17-18] verduidelik dat die konseptualisering van hoe probleme ontstaan het, verander het. Vroeër is hoofsaaklik op die intra-psigiese prosesse en ondervindinge in die kinderjare wat as bydraend tot die probleem kon wees, gefokus. In sistemiese gesinsterapie word ook gefokus op die verband tussen huidige probleme wat 'n individu ondervind en die interaksie binne die gesinsisteem en ook met ander verwante sisteme. **Daar is 'n spesifieke klemverskuiwing in gesinsterapie na die gesin as 'n sistemiese geheel, wat dan in sy totaliteit die terapeutiese eenheid word.**



## 2.3 ONDERSKEIDING TUSSEN POSITIWISME EN KONSTRUKTIWISME

### 2.3.1. Inleidend

Alle terapie is op bepaalde teorieë gebaseer. Die teorieë gee struktuur en rigting aan die terapie, maar 'n teorie is gefundeer in 'n bepaalde filosofie, 'n epistemologie en paradigmas. Vir die navorser is dit belangrik dat die epistemologie wat as basis dien van haar teoretiese aanslag as terapeut, moet aansluiting vind by haar persoonlike lewensfilosofie. Taibbi [1996:8] beklemtoon ook die feit dat die terapeut haar onderliggende filosofie moet uitklaar. "In order to make a good match between our theory and ourselves, we need to first step back and look at the landscape and decide what we believe." [Taibbi 1996:8]

Laura Frugeri [McNamee & Gergen 1992:42] en Barker [1988:49] sluit hierby aan en sê dat dit nodig is vir die terapeut om haar epistemologiese perspektief uit te klaar. Dit bied die fondasie waarop sy haar teorieë en toepassing van modelle en tegnieke baseer en ook hoe sy haarself handhaaf in haar beroeps- en ook persoonlike omgewing. Sistemiese gesinsterapie opsigself het volgens Barker [1988:49-50] 'n epistemologie van sy eie ontwikkel, wat aanpassings verg, en wat steeds in wording is, en dus aanpasbaarheid en vloeibaarheid van die gesinsterapeut verg.

Hierdie studie is deel van 'n epistemologiese groeiproses van die navorser vanweë haar eerste blootstelling aan die konstruktivistiese epistemologie in die nagraadse opleiding. Dit was in teenstelling met die positivistiese epistemologie waarop haar mensbeskouing en teorieë rondom terapie gebaseer was. Die verskille in die positivistiese en konstruktivistiese benadering tot kennis in die konteks van hierdie studieveld, word dus allereers uitgelig.

### 2.3.2 Positiewisme

Volgens die positivistiese epistemologie word daar **onderskei tussen die wetenskap en die wetenskaplike navorser wat iets buite homself ondersoek**. Daar word van die **veronderstelling uitgegaan dat daar 'n objektiewe realiteit is, wat ondersoek kan word deur akkurate waarneming en geldige gevolgtrekkings te maak**. Die wetenskaplike **ondersoeker moet dit wat hy ondersoek en in glo, onderwerp aan 'n objektiewe waarheid, buite homself**. Hy moet sy eie opinie en moontlike vooroordele ten alle koste uitsluit van sy *wetenskaplike* bevinding en hou by die *logiese* wetenskaplike feite. Die subjektiewe waarneming moet getoets word teen 'n objektiewe realiteit. "In their quest for a scientific approach to knowledge the Logical Positivists believed that they had found in the *Verification Principle* an instrument for filtering out genuinely factual statements from those which appeared to be so, but where not in fact." [Brown 1968:170]. Die waarheid van 'n hipotese moet dus getoets word deur die ondersoek en vergelyking van feite. Terapie vanuit 'n positivistiese epistemologie vertoon die volgende eienskappe: [Atkinson & Heath 1997:8]

- Die ontdekking van die *objektiewe waarheid* is moontlik en die hele terapeutiese proses word daarop gefokus
- Dit is moontlik en daarom ook noodsaaklik om die *feite van hoe 'n kliënt of gesin werklik is*, te verkry
- Die *ware* en *geldige* feite en geskiedenis van die probleem is van primêre belang.
- *Akkurate interpretasie* van die probleem is belangrik
- Wanneer die *objektiewe waarheid wel voldoende ontdek* is, word die *intervensie* daarvolgens gerig en *lei dit tot verbeterde psigologiese gesondheid*.

Wat die terapeut se rol betref, sê McNamee en Gergen [1992:1] dat die aanname gemaak word dat **dit vir die mens moontlik is om die "ideale kenner" te wees - om as enkeling die wêreld ten volle te ken en toepaslik daarin op te tree, en dus effektief te funksioneer**.

Hierby aansluitend word dit ook aangeneem dat die wetenskaplike terapeut dus die “ideale kenner” sal wees ten opsigte van effektiewe funksionering, en dus al die kennis en antwoorde sal hê wat mense benodig. “It is the image of the expert, independent, and individual 'knower' that therapeutic practitioners have largely adopted in the present century. It is the therapist who carefully observes and deliberates, and who offers his or her conclusions about the adequacies and inadequacies of independently situated others. And it is the common individual who suffers from inadequacies, who may regain a fulfilling life by giving way to expert knowledge. Interestingly, most of these inadequacies, as the scientist-therapist finds, can be traced to the inabilities (pathologies) of the individual to function as the ideal knower.” [McNamee & Gergen 1992:1-2].

**Die klem op veroorsakende faktore, akkurate diagnose en interpretasie daarvan en dikwels ‘n spesifieke voorgeskrewe behandelingsprogram, plaas ‘n groot deel van die verantwoordelikheid op die terapeut, om verandering en groei by die kliënt te bewerkstellig. Dit is nie alleen ‘n liniêre proses nie, maar ook ‘n paternalistiese en outokratiese benadering.** Die rol van die kliënt is die “ontvanger” van die diagnose, interpretasie en behandeling. Indien die kliënt nie reageer op die intervensie soos wat die terapeut en/of die samelewing vereis nie, word die kliënt verder gediagnoseer met etikette soos, “swak prognose” of “gebrek aan insig”. Die terapeut bly die spesialis en in beheer van die terapeutiese proses.

**Die verskuiwing van of een epistemologie na ‘n ander, geskied nie oornag nie en is ‘n geleidelike en onsekere, asook ‘n intellektueel uitdagende proses.** Wanneer daar oorweging geskenk word aan ander konstruksies rondom terapie, soos in hierdie studie waar die basiese sekerhede rondom positiwisme uitgedaag word, ontstaan daar ook vrae en onsekerhede oor die nuwe konstruktivistiese denkraamwerk. In die oorgangsproses van die

positiwistiese na 'n konstruktivistiese epistemologie is daar volgens Fruggeri [McNamee & Gergen 1992:42-44], drie basiese dillemmas waarmee die terapeut gekonfronteer word, nl:

- Die bevraagtekening van die mediese model waar rondom baie van die uitgangspunte en benaderings in psigoterapie ontwikkel het. Die mediese model het geleer dat die genesing van 'n patologiese toestand berus op die *spesifieke, korrekte identifisering of diagnose van die toestand*. Deur die “korrekte” aanwending van die “korrekte” intervensies, moet die toestand “genees”. Hierdie konstruksie word nou bevraagteken.
- 'n Klarifiëring van die terapeut se vermoëns om verandering te bewerkstellig. As die terapeut dan nie 'n spesialis is nie en nie met “vaardige intervensies” die kliënt “genees” nie, is daar dan enige waarde in sy betrokkenheid met die kliënt? “The therapists’ interventions then do not have an effectiveness in themselves, since their efforts are linked to the meanings that the clients attribute to them.” [McNamee & Gergen 1992: 42]
- 'n Verwarring rondom die etiese en professionele verantwoordelikhede van die terapeut. Die konstruktivistiese persepsie dat “no one can do anything to anybody”, wat in hierdie konteks verwys na die feit dat die kliënt nie noodwendig magteloos en passief in die terapeutiese proses staan nie, kan ongemak en onsekerheid by die terapeut meebring. Is dit dan enigsinds moontlik en sinvol om terapie te probeer doen? Hierdie klemverskuiwing kan die terapeut met 'n gevoel van magteloosheid laat, in die sin dat die terapeut dan geen effek in die terapeutiese proses kan hê nie.

Hierdie dillemmas word waarskynlik tot 'n mindere of meerdere mate ervaar deur alle terapeute wat 'n paradigmatik van hierdie aard moet maak.

### 2.3.3 Konstruktiewisme

Die uitgangspunt van konstruktiewisme is dat die waarnemingsproses in die sosiale wetenskappe nie absoluut en objektief kan wees nie. Die ontdekking van 'n enkele objektiewe waarheid is nie moontlik nie – daar is 'n unieke waarheid wat in die unieke konteks gekonstrueer kan word [Efran et al 1988:28]. Alhoewel daar 'n werklikheid daarbuite is wat waargeneem en ondersoek kan word, beïnvloed die *waarnemer* die ondersoekproses noodwendig. **Dit is dus nie moontlik om objektief waar te neem nie.** *Konstruktiewisme beklemtoon die waarnemer se deelname in die konstruksie van die waarneming.* Die punktuasie van die waarnemer moet in ag geneem word wanneer die waarneming beoordeel word. Neutraliteit en volkome objektiwiteit is 'n onmoontlikheid, aldus Efran et al [1988:29], en dikwels is redelike sterk vooroordele wat spruit uit bepaalde ideologieë, waarneembaar.

*Uitvindings* ["inventions"] wat in die geesteswetenskappe gemaak word, kan nie vergelyk word met *ontdekkings* ["discoveries"] soos soms in die natuurwetenskappe moontlik geag word. Kelly se konstruksie hieroor is : "I must make it clear at the outset. I did not find this theory lurking among the data of an experiment, nor was it disclosed to me on a mountaintop, nor in a laboratory. I have, in my own clumsy way, been making it up." [Efran et al 1988:28]. Watzlawick sê in die verband: "In other words, objectivists are *inventors* who think that they are *discoverers* – they do not recognize their own inventions when they come across them. **Good constructivists, on the other hand, acknowledge the active role they play in creating a view of the world and interpreting observations in terms of it.**" [Efran et al 1988:28]. Von Glasersveld beskryf die proses as volg: "There is the realization that knowledge, that is what is "known" cannot be the result of a passive receiving, but originates as the product of an active subject's activity. [Atkinson & Heath 1987:9]. Konstruktiewisme negeer nie die bestaan van 'n onafhanklike, eksterne wêreld nie, maar beklemtoon dat dit nie moontlik is om deur 'n proses

van objektiewe waarneming daardie wêreld te leer ken nie. Waarnemers se konstruksies verskil van mekaar op grond van elke mens se unieke reaksie op inligting. **Dit gaan nie oor wie reg of verkeerd is nie, maar wel daaroor dat die konstrueerder net so 'n realiteit is waarmee rekening gehou moet word, as die realiteit wat hy waarneem, en dat sy waarneming noodwendig daardie realiteit beïnvloed** [Atkinson & Heath 1987:9-10]. Engel sê in aansluiting hierby: **“We create the world that we perceive not because there is no reality outside our heads, but because we select and edit the reality we see to conform to our beliefs about what sort of world we live in”** [De Jongh Van Arkel 1991:61].

Die kern van konstruktiewisme is **dat die hipoteses wat ontwikkel, nie direk bewysbaar is nie**. Hipoteses word wel gebruik omdat hulle *bruikbaar is om die ondersoekproses te rig* en deel is van 'n bestaande manier van werk in die wetenskaplike ondersoekproses. Konstruksies [so ook hipoteses], kan nooit perfek en finaal wees nie en is dan in elk geval ook nooit direk bewysbaar nie, volgens George Kelly [Efran et al 1988:28]. 'n Hipotese bestaan om twee redes wat niks met die objektiewe waarheid te doen het nie, naamlik of dit *bruikbaar is* en as dit nog *nie bewys is as negatief nie, is daar nie 'n beter alternatief nie*. “The theoretical sword of constructivism cuts in all directions. It teaches that hard and fast boundaries cannot be objectively drawn around any particular unit – family or otherwise” [Efran et al 1988:30]. Ook in die natuurwetenskaplike rigtings kan alles nie bewys word nie, en moet aanvaar word dat baie “bevindinge” gedagtekonstruksies is van wetenskaplikes (bv. die fisika wette).

Daar het klemverskuiwings plaasgevind in die sosiale wetenskappe ten opsigte van die siening van tradisionele wetenskaplike kennis en navorsing. **Die superieure, logiese rasonale, wetenskaplike fundering van kennis word grootliks uitgedaag deur die aanname dat kennis gefundeer is in die sosiale konteks**. In die sosiale wetenskappe, waar die mens sentraal staan as fokus van die studie, is die weergawe van gebeure afhanklik juis van mense

wat dit moet weergee. Die taal, kultuur, die kommunikasieproses, die verhouding waarin hulle staan tot diegene of die aspekte wat nagevors word, speel 'n rol in die navorsing.

Konstruktivistiese denke laat ruimte en gee 'n verdraagsaamheid vir verskillende realiteite. **“Constructivism holds that we occupy different realities, and it provides ways of identifying and working with the epistemologies that bring forth these realities.”** [Fisher 1991:3]. Neutraliteit, in die sin van dat die navorser nie standpuntloos op die ou end is nie, is nie moontlik nie omdat die belange en aksies van die wetenskaplike navorser nie losgemaak kan word van sy of haar observasie nie [Efran et al 1988: 29].

Daar is aldus McNamee en Gergen [1992:2-3], **'n toennemende ongemak met die meer kliniese “ekspert/terapeut” beeld.** Die konstruktivistiese siening is dat die tradisionele skeiding tussen die ekspert /terapeut [“knower”] en die kliënt as objek [“known”] wegval, en dat die kenner deel word van die observasieproses. Die waarnemer staan nooit los van die waargenome nie. Die tradisionele siening van die 'ekspert' en objektiewe analitiese wetenskaplike ten opsigte van mense byvoorbeeld in die psigiatriese veld, word bevraagteken en as eensydig beskou. Die terapeut moet dus ook bewus wees van haarself as persoon en van haar waarnemingsproses. Daar word in gedagte gehou dat 'n terapeutiese interpretasie nie objektief kan wees nie, maar onderworpe is aan die voorveronderstellings van die terapeut, soos reeds vermeld. Daarom word die diagnosering en klassifisering van kliënte in die psigiatriese wetenskappe as beperkend beskou, deurdat dit nie ruimte laat vir die uniekheid van verskillende kliënte en terapeute nie. Dit mag moontlik meer van waarde wees vir die psigiatriese sisteem as vir die kliënt.

## 2.4 KONSTRUKTIWISTIESE GESINSTERAPIE

### 2.4.1 Inleidend

Wanneer mense in hul persoonlike leefwêreld of gesinsverhoudinge probleme ervaar soek hulle hulp met die verwagting dat die terapeut sal help om die probleem “op te los”.

**Verskillende mense het verskillende konstruksies oor die hulpverlenings- of terapeutiese proses. Dit geld vir die hulpverlener sowel as die hulpontvanger.** Die

sosiale konstruksie is, oor die algemeen dat ‘n professionele persoon ‘n ander persoon [persone] in sy professionele hoedanigheid deur spesiale metodes en tegnieke, help om beter te funksioneer en sy probleem[e] te hanteer en oorkom. Met ‘n konstruktivistiese benadering tot hulpverlening in gesinsverband, is dit van belang om na die basiese konstruering van die navorser rondom gesinsterapie te kyk, asook na teorieë, wat tot die navorser as terapeut se bepaalde konstruksie oor sistemiese gesinsterapie bygedra het.

Die konstruktivistiese epistemologie is fundamenteel ten opsigte van die keuse van die persoonsgesentreerde- en sisteem teorieë wat later in meer diepte beskryf sal word. Daar word allereers na sleutel konstruktivistiese elemente in gesinsterapie gekyk.

### 2.4.2 Basiese Konstruktivistiese elemente in sistemiese gesinsterapie

Konstruktivisme beklemtoon die *verantwoordelikheid tot deelname en betrokkenheid van beide die kliënt en die terapeut* binne die terapeutiese sisteem, waarvan die uitkoms van die proses nie voorspel kan word nie [Efran et al 1988: 33]. Die wederkerigheid van die proses word telkens beklemtoon. Terapie is nie iets wat aan die gesin “gedoen” word nie, maar iets wat gesamenlik deur die terapeut en die gesin gekonstrueer word.



Daar vind 'n klemverskuiwing in die benadering tot die terapeutiese proses plaas. Die fokus is nie primêr op die "probleem" [dikwels die "probleemgesinslid"] van die gesin nie, maar op die betrokkenheid en bydrae van al die gesinslede tot die probleem. Die hele gesin word betrek en gelei om te deel met hul konstruksies rondom die gedrag en simptome van die "probleemdraer" en ook hul interaksiepatrone in die gesin. Kelly, 'n individuele konstruktivis, het die siening gehad dat 'n gedragswyse nie as 'n probleem gekonstrueer moet word nie, maar eerder as 'n poging om 'n vraag te konstateer. "Kelly saw symptoms as nothing more or less than human questions, behaviourally expressed, that had lost their moorings. The connective threads, which might have lead the person to either a satisfactory answer of a better question, were missing. This left him or her stranded in mid-air. He wanted to help such individuals reformulate their questions, so that inquiry could begin to move forward again". [Efran et al 1988: 32].

Kelly beklemtoon ook dat die mens geneig is om aan bekende konstruksies en maniere van dink vas te hou. Terselfdertyd het die mens ook die vermoë om die geïkonne konstruksies wat hulle gevorm het, te kan herken. Verder beskik die mens ook oor die reserwes om nuwe konstruksies te kan maak. Die mens het dus die inherente vermoë om te kan verander. Die doel van die terapeutiese proses word dan om die kliënt in kontak te bring met alternatiewe vrae en alternatiewe antwoorde (alternatiewe konstruksies), wat alternatiewe gedragspatrone mag laat ontwikkel.

Myers [1998:243] noem die moontlikheid dat sterk verdedigingsmeganismes mense soms verhinder om effektief met probleemsituasies te deel. Om die siening van mense te probeer verander deur 'n eerste-orde intervensie, is daarom dikwels nie betekenisvol nie. Dit is dan nodig dat mense totaal nuwe konstruksies moet vorm, wat hul manier van dink oor hulle situasie sal verander, sodat hulle alternatiewe gedragspatrone kan eksploreer. Hiervoor is tweede-orde veranderinge nodig, wat impliseer dat mense se fundamentele konstruksies oor

gebeure en die betekenis wat daaraan geheg word, moet verander, alvorens veranderinge in gedrag sal kan plaasvind. Hieruit blyk dit egter duidelik dat verandering in basiese konstrunkte van mense nie sommer maklik gebeur nie. Fundamentele konstrunkte wat perspies, waardes, gedrag ondermeer van mense bepaal, word mense se stabiliteit, en word nie sommer net prysgegee nie. Dit word deel van mense en sisteme se funksionering, struktuur en bepaal die prosesse en die patroonmatighede binne die verskillende sisteme. Die voorspelbaarheid verskaf sekuriteit en sekerheid te midde van die onvermydelike en “normale” veranderingsprosesse van menswees, soos reeds beskryf.

*Onsekerheid is kenmerkend* van konstruktivistiese terapie en daar is geen sekerheid waarheen die ondersoek of gesprek lei nie, nog minder wie in beheer van die rigting is waarheen die terapeutiese proses gaan.

Simboliseringsmiddele, soos taal, speel 'n fundamentele rol in die vorming, definiëring en herdefiniëring van konstrunkte. Konstruktivistiese terapie kan beskou word as 'n gespesialiseerde vorm van kommunikasie en is 'n baie kreatiewe en kollektiewe kommunikasieproses tussen die terapeut en die gesin. Die ondersoek en uitklaring van inhoud van kommunikasie, kommunikasiepatrone, skep van andersoortige kommunikasie, gebruik van metafore en herdefiniëring, is deel van die konstruktivistiese proses.

Herdefiniëring, as integrale deel van konstruktivistiese terapie, word afsonderlik bespreek.

### **2.4.3 Herdefiniëring as konstruktivistiese terapeutiese intervensie .**

Herdefiniëring of herformulering is 'n **konstruktivistiese proses om nuwe betekenis te gee aan 'n konsep, situasie of gebeure, waardeur die moontlikheid van verandering bewerkstellig word.** Die betekenis van gebeure of 'n verskynsel word verander, deurdat dit

vanuit 'n ander hoek beskryf word. Die doel van herdefiniëring volgens Watzlawick, "...to reframe is to change the conceptual and/or emotional setting or viewpoint in relation to which a situation is experienced and to place it in another frame which fits the 'facts' of the same concrete situation equally well or even better, and thereby change its entire meaning." [Andolfi 1979:5]. In die sistemiese konteks word die "geïdentifiseerde pasiënt" se "probleem" anders omskryf as die beskrywing wat aan die gesin bekend is. "Redefinition of the problem for which therapy has been requested is the cornerstone on which the entire therapeutic process rests. It is the most creative aspect of therapy, and the one that makes it possible for the family to become the protagonist of its own change in the therapeutic situation." [Andolfi 1979:5] Herdefiniëring bied aan die gesin nuwe konstruksies rondom hul probleem en situasie, wat die vorige konstruksies minder bruikbaar maak. Dit bied verder ook aan die terapeut alternatiewe en verruiming van die terapeutiese moontlikhede. [Andolfi 1979:10].

Wanneer die terapeut probleme of gebeure andersoortig benader en beskryf as wat die gesinlede (individueel of gesamentlik) dit gedoen het, word die betekenis en konstruksie daarvan verander. Deur 'n "nuwe" konstruksie oor probleme of gebeure, wat verskil van die wat die gesinlede individueel en gesamentlik gehad het te vorm, word die betekenis daarvan verander. Die beskrywing moet kan aansluit by die verwysingsraamwerk van die gesin, om hulle sodoende in staat te stel om nuwe konstruksies te kan vorm rondom hul situasie.

Dit is 'n tweede-orde terapeutiese proses om deur herformulering nuwe betekenis binne die geïdentifiseerde formulering van 'n gesinsituasie te bring. Die *doel van die herformulering moet wees om die probleem te vereenvoudig, of 'n ander vars perspektief daaraan te gee, maar dit moet vir die gesin relevant en aanvaarbaar wees* [Efran et al 1988: 34]. Die terapeutiese waarde lê in die feit dat dit hoop bied aan die kliënt, deurdat nuwe moontlikhede ontsluit word, te midde van 'n negatiewe en pynlike situasie wat moontlik al vir 'n lang tyd ervaar word. Verder is dit ook 'n nooit voltooiende proses nie, maar 'n kreatiewe aaneenlopende proses. Waar 'n

herdefiniëring nie effektief is nie en nie aansluiting vind met die gesin nie, of selfs uitgedien raak, is daar ruimte vir voortdurende herdefiniëring.

Metafore kan as 'n vorm van herdefiniëring beskryf word, en word verder toegelig.

Die woord, "metafoor", is afgelei van die Latynse "metaphora" wat oordrag beteken. Hier word bedoel dat die eienskap[pe] van een objek aan 'n ander, totaal verskillende objek oorgedra word, met 'n spesifieke doel in gedagte. "Figure of speech in which a word or a phrase is used to denote or describe something entirely different from the object, idea, action, or quality which it primarily and usually expresses, thus suggesting a resemblance or analogy" [Wyld 1961:723]. Myers [1998:243] beskryf 'n metafoor as **'n manier van kommunikasie wat meer as een betekenis het, en wat gebruik kan word in terapie om kliënt te help om ooreenkomste of patrone in gebeure te kan herken**. Myers haal ook verskeie skrywers aan wat die waarde van die gebruik van metafore as 'n tweede-orde intervensie in terapie beklemtoon. Die gebruik van metafore skep die moontlikheid om nuwe konstruksies te ontwikkel en stimuleer groei [Myers 1998:243].

Die gesin wat terapeutiese hulp soek [in hierdie konteks] het 'n bepaalde punktuasie of definiëring rondom hulself, hul situasie en/of probleem. Die definiëring van die terapeut sal nie noodwendig hiermee ooreenstem nie. Die herdefiniëring van die situasie en/of probleem in 'n anderssoortige en meer bruikbare formaat vir die kliënt sowel as die terapeut, kan instrumenteel wees in die terapeutiese proses. "They are asking the therapist to help with the reality that they have framed. The therapist's first problem in joining the family is to define the therapeutic reality. Therapy is a goal oriented enterprise, to which not all truths are relevant. By observing the family members' transactions in the therapeutic system, the therapist selects the data that will facilitate problem solving" [Minuchin & Fishman 1981:74].

Andolfi sien herdefiniëring van die probleem waarvoor die terapie versoek is, as die basis van die konstruktiewe terapeutiese proses. Hy beskryf dit as 'n kreatiewe aspek van die terapie wat die kliënt bemagtig om die agent van sy eie verandering te wees. “ **Redefinition of the problem for which therapy has been requested is the cornerstone on which the entire therapeutic process rests**”. [Andolfi 1979:5]. Trouens herdefiniëring, nie alleen van die probleem nie, maar ook van talle ander aspekte van die gesin se konstruksies kan die stimulus word wat 'n andersoortige proses en meer natuurlike verandering in die gesin in beweging bring.

#### **2.4.4 Die uitdagings en verantwoordelikheid van konstruktivistiese gesinsterapie**

Dit moet beklemtoon word dat konstruktivisme *nie passiwiteit en 'n gebrek aan aksie* impliseer nie. Om konstruktivisties te werk, verg juis aktiewe en kreatiewe denke van beide die terapeut en die gesin. Nog minder is daar regverdiging vir 'n gebrek aan beplanning en voorbereiding, metodiek, strategie, doelwitte en verwagtinge rondom gesinsterapie nie.

Konstruktivisme is verder *nie 'n dekmantel vir oneffektiwiteit, onbekwaamheid en hulpeloosheid nie*. Golann waarsku teen die moontlikheid van die *misbruik van konstruktivisme om oneffektiwiteit of onbekwaamheid van 'n terapeut te verbloem of toe te smeer* [Golann 1988:68]. Hy argumenteer ook dat konstruktivisme misbruik kan word en gevaarlik kan wees, indien die terapeut nie met nederigheid en integriteit tot die gesin toetree nie [Golann 1988:70]. Die inherente respek van die konstruktivistiese terapeut vir die konstruktivistiese beginsel, negeer egter vir die navorser hierdie standpunt. Respek vir die konstruksies van alle mense, ook die eie en die van die gesin, is juis die fondasie van die epistemologie.

Konstruktivisme impliseer verder ook *nie dat die terapeut totaal “verdwyn” as mens nie*. Sy mag haar eie waardes, beginsels en opinie hê, en kan dit selfs deel in die sisteem, maar dwing dit nie af nie en bly steeds ‘n ko-konstrueerder in die proses, tesame met die gesin, ook in die konstruksie van hul unieke sieninge en waardes. Konstruktivisme *sluit verder nie uit dat die terapeut haarself as ‘n kundige en spesialis op ‘n sekere gebied kan uitgee nie*. Die konstruktivistiese terapeut stel die kundigheid wat sy het tot die beskikking van die terapeutiese proses wat ontwikkel in die terapeutiese sisteem [Efran et al 1988:34]. Die terapeut moet egter deurentyd bewus wees dat sy kundig is ten opsigte van haar eie konstruksies en nie van dié van ander kundiges en/of die gesin in terapie nie. Die konstruktivistiese benadering skep die geleentheid om weg te beweeg van rigiede en wetmatige denke ten opsigte van mense en hul probleme. Efran beklemtoon hoe waardevol dit is vir die terapeut om soms sy invalshoek te verander. “It is useful to have the freedom to “change lenses” from time to time, first considering one level of analysis and then shifting to a larger, smaller, or different unit of study. Each analysis opens up new possibilities for intervention.” [Efran et al 1988:32]. Die individu, egpaar, gesin, uitgebreide familie en die gemeenskap, bied elk ‘n unieke invalshoek wat aanvullend tot mekaar gebruik kan word. Die konstruktivis behou die afsonderlikheid sowel as die interafhanklikheid van konstruksies in gedagte en maak gebruik van ‘n verskuiwing van sy terapeutiese posisie om multi-dimensioneel na ‘n situasie te kan kyk.

Bodgan [1988:51] vra die vraag of alle konstruksies dan noodwendig waardevol is – is die een so goed as die ander? Hy kom tot die gevolgtrekking dat, alhoewel alle waarnemings konstruksies van die werklikheid is, sommige konstruksies meer waardevol as ander kan wees. **In die terapeutiese proses sal konstruksies wat vir die gesin waardevol is, bydrae tot groei en verandering.**

## 2.5 DIE PERSOONSGESENTREERDE BENADERING

### 2.5.1 Inleidend

Carl Rogers word as die vader van die persoonsgesentreerde benadering beskou. Die benadering is humanisties en konstruktivisties en kan effektief ten opsigte van individue, gesinne, groepe en gemeenskappe aangewend word. Die uitgangspunt met hierdie terapeutiese benadering is dat dit die terapeut se funksie is om in die eerste plek 'n ideale klimaat vir terapeutiese groei te skep. Dit word bereik deur die aanvaarding van, en aansluiting met, die konstruksies van die persoon of gesin [in hierdie konteks]. Sodoende word veilige omstandighede geskep waarin die mens se natuurlike potensiaal na vore kom om hom of haar dan so in staat te stel om sy of haar eie groei en verandering te genereer.

Rogers beskryf sy terapie self as volg: "Effective counselling consists of a definitely structured permissive relationship which allows the client to gain an understanding of himself to a degree which enables him to take positive steps in the light of his new orientation." [1942:18]. Hierdie gunstige terapeutiese klimaat word deur die terapeut se onvoorwaardelike aanvaarding van die kliënt en die terapeut se egtheid, warmte, kongruensie en empatie geskep [Louw et al 1989:546].

### 2.5.2 Basiese Konsepte

Rogers, as humanis, plaas die **self** van die mens sentraal in sy teorie oor menswees. Die konstruksie van 'n mens se self bepaal sy gedrag. Die "self" van die mens is beskryf as die min of meer konstante geheel van waarnemings oor die self [Rogers 1961:200]. Daar word onderskei tussen 'n ware self en 'n ideale self en die voordurende proses van groei en wording [selfaktualisering] om die ideale self te word. Dit berus op die beginsel van alle

lewende organismes wat die natuurlike [ biologiese ] vermoë het tot aktualisering of groei. Hierdie proses is aktief, direktief en selektief.

Hierdie beginsel van die mense se natuurlike proses van **selfaktualisering** is baie sentraal in die persoonsgesentreerde benadering. Die wording van die ideale self dra by tot die gevoel van eiewaarde en betekenis van die mens. Hoe nouer die verband tussen die ware en die ideale self, hoe groter is die persoon se ervaring van eiewaarde en tevredenheid en sekerheid. “ **Human beings, like every other living organism - plant or animal – have an inherent tendency to develop all their capacities in ways that serve to maintain or enhance the organism. This is a reliable tendency, which, when freed to operate, moves human beings toward what is determined for growth, maturity, life enrichment.. Given a reasonable climate for growth, the tendency to further actualise the organism can be relied on, even to overcome obstacles and pain.**” [Rogers 1985: 1382]

Rogers self sê dat ten spyte van die kompleksiteit van menslike problematiek, dat dit op die ou end daarom gaan dat die persoon in kontak met sy ware self wil wees. “Below the level of the problem situation about which the individual is complaining – behind the trouble with studies, or wife, or employer, or with his own uncontrollable or bizarre behavior, or with his frightening feelings, lies one central search. It seems to me that at the bottom each person is asking, ‘ Who am I, *really*? How can I get in touch with this real self, underlying all my surface behavior? How can I become myself?’” [Rogers 1961:108]. Rogers het *selfvervreemding* as die primere komponent van abnormale gedrag beskou en *selfwaarneming* as die sleutel tot herstel. [Louw 1989:554] ‘n Persoon sal kongruensie ervaar wanneer die selfkonsep en die eie lewenservaringe met mekaar ooreenstem – met ander woorde die ervaringe bevestig en in pas is met die self. Inkongruensie word ervaar as die self en die ervaringe nie ooreenstem nie. Wanneer die persoon ervaringe nie kan integreer met sy selfkonsep nie, vind daar distorsie, ontkenning, veralgemening of ‘n rigiede waarneming en interpretasie van die



ervaringe plaas. Wanneer 'n persoon bedreig voel, rig hy verdedigingskanse op wat verhinder dat hy informasie kan integreer, en groei kan plaasvind. Die persoon ervaar dan 'n gevoel van verdeeldheid en disorganisasie in sy menswees. Die fokus van die terapie is dan om die kliënt te begelei in die proses van uitdrukking of simbolisering van gevoelens, gedagtes en ervaringe, wat tot nog toe ongesimboliseerd was en integrasie van hierdie ervaringe met die self. [Kirschenbaum & Henderson 1989: 23]

Derhalwe het die persoon 'n omgewing nodig waarbinne **onvoorwaardelike positiewe aanvaarding** ervaar word, voordat hy kan groei en verander. "In therapy, with its climate of acceptance and safety and its freedom to explore one's feelings whatever they may be, it becomes possible for the client to experience all the feelings that have not been admitted into his concept of self. Once experienced in an accepting climate, they can gradually be incorporated into his self-picture, and he thereby achieves more unity and integration between the person he organismically is and the self he perceives himself as being." [Kirshenbaum & Henderson 1989:24]

Die **proses van terapeutiese verandering** word verder deur Kirshenbaum en Henderson [1989:25], toegelig. Die kliënt beweeg op 'n kontinuum van ontkenning van gevoelens en ervaringe [ongesimboliseer], na 'n toestand waar dit in die hede ervaar en akkuraat uitgedruk [gesimboliseer] kan word. Dit sluit ook in 'n verandering in die wyse waarop die self ervaringe en gevoelens hanteer, wat moontlik beweeg van intellektualisering na die onmiddellike uitdrukking van ervaringe. Die veranderingsproses sluit ook in die verandering van denkpatrone. "From construing experience in rigid ways that are perceived as external facts, the client moves toward developing loosely held constrictings of meanings and experience, constructs modifiable by each new experience." [Kirshenbaum & Henderson 1989:25]. Aldus hierdie skrywers, demonstreer navorsing dat namate die integrasieproses van die kliënt vorder daar 'n toenemende mate is van aanpasbaarheid en die vermoë om te groei en te verander.

Verder word dit gemakliker om gevoelens en ervarings in die hede te ervaar, te aanvaar en te kan uitdruk. Die vermoë om tentatiewe, in plaas van rigiede konstruksie te vorm, ontwikkel. Kongruensie en opregtheid in verhoudings verbeter asook 'n gevoel van eenheid en integrasie van die self. [Kirschenbaum & Henderson 1989:25-26].

O'Hanlon [1993:7] sê ook dat empatiese aanvaarding en erkenning van gevoelens en ervarings alleenlik, nie noodwendig tot verandering by die kliënt sal lei nie. Dit word benadruk dat gevorderde terapeutiese tegnieke nodig is om die kliënt te lei tot die simbolisering en integrasie van ongesimboliseerde ervarings, asook om die kliënt te begelei met die herstrukturering van die self. Die aanvaarding van die self affekteer ook die aanvaarding van andere, [insluitend die gesinslede] en affekteer kommunikasie en gedragpatrone. So ook sal terapeutiese insette en veranderinge in die gesinsisteem, meebring dat elke gesinslid ook begelei sal moet word in die proses van ontdekking en wording van sy of haar ware self. Die toenemende integrasie van die individuele self, lei ook tot 'n ontdekking en wording van 'n andersoortige en moontlik meer kongruente self van die gesin.

Dit is dan 'n primêre voorwaarde vir suksesvolle persoonsgesentreerde terapie dat die terapeut in hierdie rigting werk deur die empatiese toetrede tot die leefwêreld van die kliënt. Die kliënt word deur gevorderde empatiese tegnieke begelei om tot 'n proses van integrasie te groei. Die onvoorwaardelike aanvaarding, kongruensie, opregtheid, empatie en warmte van die terapeut is, soos reeds vermeld, die fondasie van die terapeutiese proses wat aan die kliënt die veiligheid bied om op sy eie tyd op sy eie manier te groei na sy ideale self [Louw 1989:546–547]. Kongruensie of egtheid beteken dat die terapeut die risiko moet neem om haarself te wees as mens, en nie agter die professionele masker skuil nie. Die effektiewe gebruik van die self van die terapeut is 'n baie belangrike komponent in persoonsgesentreerde terapie. Derhalwe word dit beklemtoon dat die terapeut ook haarself binne 'n terapeutiese situasie moet waarneem en deursigtig kan wees daarvoor. [Louw 1989:547–548]. "...being genuine

also involves the willingness to be and express, in my words and my behavior, the various feelings and attitudes which exist in me.” [Rogers 1961: 33]

Empatie behels volgens Louw [1989:549] twee aspekte, naamlik die akkurate inleef deur die terapeut in die gevoelens en ervaringe van die kliënt en die suskesvolle oordra van hierdie proses aan die kliënt. Louw haal Meador en Rogers aan wat sê : “The therapist in the fullness of his own person, tries to immerse himself in the feeling world of his client in order to experience that world within himself.” [Louw 1989:548]

’n Deurslaggewende aspek in die geslaagdheid van persoonsgesentreerde terapie is die gehalte van die terapeutiese verhouding. “If I can provide a certain type of relationship, the other person will discover within himself the capacity to use that relationship for growth, and change and personal development will occur”. [Rogers 1961:33]. Boy [1990:309] beklemtoon dat daar dikwels in terapeutiese kringe, die belang van diagnoses, behandelingsplanne, strategieë, oefeninge en tegnieke oorbeklemtoon word, ten koste van die menswees van die terapeut. Hy is verder van mening dat die kwaliteite van die terapeut se menswees in persoonsgesentreerde terapie ’n bydraende faktor in die uitkoms van die terapie is. [Boy 1990:308] Hierby moet egter die kliënt se menswees en medeverantwoordelikheid vir die uitkoms van die terapie nie buite rekening gelaat word nie. **“The essence of some of the deepest parts of therapy seems to be a unity of experiencing.”** [Rogers 1961:202]. Hier verwys Rogers na die intense ervaring van eenwording en begrip - die konneksie - tussen die kliënt en die terapeut, en beklemtoon hy die menswees en subjektiewe belewenisse van die terapeut in die terapeutiese proses. Dit word ook beklemtoon deur Monte [1977:214] “Being can not be assessed by the usual scientific or psychoanalytic methods. It can only be intuitively grasped.”

Alhoewel persoonsgesentreerde terapie een van die mins direkte terapeutiese metodes is, is dit nie 'n passiewe proses nie. Dit kan wel soms 'n stadige proses wees aangesien die terapeut haar deur die kliëntsisteem en diè se proses moet laat lei. [Louw 1989:551] Die terapeut dui dus nie die rigting aan waarheen die kliënt moet ontwikkel nie, maar gebruik wel gevorderde empatiese tegnieke soos onmiddellikheid, metafore, koppeling van verwante sake, uitlig van temas en teenstrydighede, om die kliënt in kontak te bring met aspekte van homself wat hetsy verdring of op verwronge wyse in die onderbewuste gebêre is, of wat hy moontlik totaal ontken. Die persoonsgesentreerde terapeut gebruik nie tegnieke ten op sigte van kliënte wat nie aansluit by die verwysingsraamwerk van die kliënte nie, en stel nie die kliënt bloot aan toetsing van hipoteses deur strategiese en strukturele skuive in die kliëntesisteem, wat die kliënt onveilig en bedreigd laat nie. Ohlson [Shamai 1988:312] erken dat **die oënskynlike gebrek aan aksie vir sommige terapeute egter 'n probleem kan wees**. “The emphasis on authentic encounter, coupled with the nondirective orientation of person-centred work, makes this philosophy a difficult one to adopt. A therapist who desires action, and who believes that more responsibility for the change lies with them than with the client, may not be well suited for person-centred counselling”. Die persoonsgesentreerde benadering sal moontlik nie aansluit by alle terapeute se stabiliteite nie. Die persoon wat diagnosties en direktief werk, kan moontlik moeiliker aansluiting vind by hierdie benadering. Monte [1977:233], verwoord die kritiek wat dikwels teenoor die persoonsgesentreerde benadering uitgespreek word, dat dit nie geskik sou wees vir alle kliënte nie, en dat daar 'n behoefte kan wees ten opsigte van sekere, meer versteurde of soms minder begaafde kliënte, aan 'n meer direkte aanslag. In teenstelling daarmee is hierdie navorser egter van mening dat daar selfs in hierdie gevalle, deur toepassing van die basiese beginsels van die persoonsgesentreerde benadering, van respek en aansluiting by die persoon se lefwêreld, wel effektiewe intervensies meestal by alle tipes kliënte, bewerkstellig kan word. Die persoonsgesentreerde benadering is 'n leefwyse en 'n lewensfilosofie. Rogers self het dit beklemtoon dat alle teorieë tog 'n mate van feilbaarheid

het, maar het 'n deurbraak gemaak in die beklemtoning van die aanpasbaarheid en plooibaarheid van die terapeutiese proses. [Monte 1977:230].

Inheren in die persoonsgesentreerde benadering is 'n visie en 'n geloof rondom die potensiaal van menswees. Indien die terapeut haar met hierdie paradigma vereenselwig, word dit geïntegreer as deel van haar menswees en dus ook haar benadering tot terapie.

Die vraag is egter ook: Is die persoonsgesentreerde benadering versoenbaar met die sistemiese benadering tot gesinsterapie?

## **2.6 DIE SISTEEMBENADERING**

### **2.6.1 Inleidend**

**Die sistemiese benadering fokus op die interaksieprosesse van die individu as onlosmaaklike deel van 'n verskeidenheid van sisteme, maar ook op elke individu as 'n sisteem op sy eie.** Sistemiese denke is denke in terme van dele as deel van 'n groter geheel. Die fokus is op die geheel maar ook op die dele waaruit hierdie geheel bestaan en die verband en wisselwerking tussen hierdie dele.

“For Rogers, as well as other humanistic theorists, the most important matter in the consideration of personality is the person as a whole, including the individual's conscious awareness, freedom to choose, self-determination, and quality of experiences. In his organismic approach, the human organism is viewed as a total being whose physical, psychological and spiritual aspects cannot be separated except by artificial means.” [Monte 1977:215]

Jones gee die volgende beskrywing van 'n sisteem: "A system can be described as a group of elements in interaction with one another over time, such that their recursive patterns of interaction form a stable context for individual and mutual functioning; to the degree that the system is open, interaction with elements outside itself will exert mutual influence" [Jones 1993:2] Die integrale konsep van **tyd en orde** ten opsigte van sisteme word ook deur Watzlawick et al [1967:120] beklemtoon wanneer Lennard en Bernstein aangehaal word: "Implicit to a system is a span of time. By its very nature a system consists of an interaction, and this means that a sequential process of action and reaction has to take place before we are able to describe any state of the system or any change of state."

Die onlosmaaklike invloed van die **omgewing** van sisteme word deur Hall en Fagan uitgelig:

"For a given system, the environment is the set of all objects a change in whose attributes affect the system and also objects whose attributes are changed by the behavior of the system." [Watzlawick 1967:121]

### **Die sistemiese metafoor word gebruik om die proses binne die gesin te verduidelik.**

Die lede van die gesin funksioneer as onafhanklike individue, maar ook as onlosmaaklike dele van die groter gesinsgeheel. Om die gesin as 'n sisteem te beskryf is van waarde om te illustreer dat 'n groep individue wat interaksie het met mekaar, ook kan funksioneer as 'n eenheid. Die sisteem wat so ontstaan, het dan ook weer 'n invloed op die individue se interaksie en gedrag, terwyl die individue weer 'n invloed het op die werking van die sisteem. [Nichols 1987:25]

Daar is **verskillende benaderings** in hierdie veld, onder andere strukturele-, strategiese-, narratiewe-, psigodinamiese, eko-sistemiese, probleemoplossende- en vele meer. Taibbi [1996:4] noem dat daar vele modelle is wat almal ondersteun word deur 'n verskeidenheid van tegnieke en metodes, wat ook onderling uitgeruil en gebruik kan word. Dit is dan ook inderdaad

so, dat oor die jare tegnieke en metodes van mekaar geleen is, sodat die onderskeiding tussen die modelle meer diffuus geword het. Vir die doel van hierdie navorsing word daar nie op die verskillende vorme wat gesinsterapie kan aanneem ingegaan nie, alhoewel daar na sommige benaderings verwys mag word. Daar sal op die toeligting van breë onderliggende sistemiese beginsels in gesinsterapie gefokus word.

Laura Fruggeri beklemtoon die fundamentele skuif wat die terapeut moet maak as sy sistemies wil werk. Komende vanuit 'n pragmatiese, strukturele en strategiese raakwerk, word **ou en nuwe modelle geïntegreer en moet 'n nuwe terapeutiese konstruksie gemaak word.** "They are attempting to integrate old and new models, old certainties and new sets of premises. The new scientific paradigm raises some questions that do not merely pertain to therapeutic techniques. Instead, **they challenge the very notion of psychotherapy and the identity of the therapist.**" [McNamee & Gergen 1992:41]

Om die veld van gesinsterapie te betree kan aanvanklik bedreigend en oorweldigend deur 'n terapeut beleef word. Taibbi beskryf die proses as volg: "...you are swept up and suddenly dropped down into a realm that seems strange, bewildering, intimidating. Even though it's your office, you're the outsider. Six people talking at once, each wanting your attention, each testing the limits..... **That is how it seems to go in family therapy – too much happens too fast.**" [Taibbi 1996:3]

## 2.6.2 Basiese Konsepte

Daar is sekere **basiese konsepte** wat ten opsigte van alle sisteme geld en wat van belang is by gesinsterapie, aldus Watzlawick et al [1967:156 –160], Stevens [Locke 2001:184], Jones [1993:4-5] asook Piercy en Sprenkle [1986:263].

### 2.6.2.1 Kubermetika

Die term verwys na die wetenskap van sisteme, waar die **werking en organisasie van die sisteme** bestudeer word. Die kubermetiese teorie beskryf die **kommunikasieproses van lewende sisteme**. Die **patrone en verhoudinge** van en binne, sisteme word bestudeer. “Cybernetics is primarily concerned with understanding and managing the organization of systems – whether machines, individuals, families, industries, or whole ecosystems.” [Piercy & Sprenkle 1986:263] Kenmerkend van kubermetika is die beweeglikheid van die proses – dit is nooit staties nie. Kubermetika bestudeer die proses van balans en konstantheid wat verkry word deur die **voortdurende proses van beweging, verandering en stabilisering van sisteme**. Die komplimentêre verhouding wat in sisteme bestaan tussen die intrinsieke veranderingsproses en die net so integrale proses van die behoud van stabiliteit, asook die patrone en organisasie wat binne sisteme hierdeur ontstaan, word bestudeer. [Piercy & Sprenkle 1986: 280] Dit is van belang om bewus te wees van die twee komplimenterende prosesse in sisteme, naamlik van die voortdurende proses van verandering wat aanspraak maak op die sisteem en daarteenoor die handhawing van bekende stabiliteite. Die kubermetiese beginsels wat in die sisteem werksaam is, is van groot belang in die terapeutiese veranderingsproses.

### 2.6.2.2 Kubermetika van kubermetika

Tweede-orde kubermetika verwys na die **insluiting en deelname van die waarnemer in die sisteem** wat sy waarneem of mee werk. [Piercy & Sprenkle 1986: 280]. Dit beklemtoon die punktuasie van die rol van die terapeut deur die insluiting van die terapeut as integrale deel van die terapeutiese sisteem. “Consequently, the therapist, observer, researcher and javelin thrower become part of what is treated, observed, diagnosed and thrown respectively” [Keeney & Ross 1983:376]. Die skrywers vat hierdie konsep as volg saam: “Cybernetic of Cybernetics,



in effect, jumps an order of observation and attends to the cybernetic organization of the whole therapist-client hybrid system.” [Keeney & Ross 1983:376]. Die rekursiewe proses tussen die terapeut en die kliëntesisteem is dus ook deel van die waarneming, en die terapeut word nie as ‘n “objektiewe buitestander” beskou nie [Jones 1993:xiii,21].

### 2.6.2.3 Geheel

Die sisteem [gesin] kan alleen as ‘n **geheel** verstaan word, en nié deur alleenlik afsonderlike dele te ontleed nie. Die individu se funksionering kan dus ook alleen binne konteks van die kenmerkende gesinsgeheel verstaan word. Die verhouding tussen die dele is beide iets **meer as, en** iets **anders as** wat die individue in die sisteem inbring. “Wholeness, that is the interrelation and interdependence in the behaviours of family members“ [Jones 1993:4].

### 2.6.2.4 Sirkulariteit

Die kommunikasie in sisteme is **sirkulêr**. Sirkulariteit is die essensie van sisteme, wat aan die sisteem die vermoë gee om te funksioneer, maar ook stabiliteit te behou. **Positiewe en veranderings-beklemtonings [simmetriese] en negatiewe en stabiliserende [komplimentêre] terugvoering** is ‘n inherente deel van die sirkulêre sistemiese proses. Die patrone in die gesin word instandgehou, versterk of kan ook verminder en verander word, deur die terugvoering wat intern, van die lede van die gesin, of ekstern van buite die gesinsisteem, gegee word.

Hippocrates het reeds gesê: “All parts of the organism form a circle. Therefore, every part is both beginning and end.” [Watzlawick 1967:46] Die ingewikkelde proses van menslike kommunikasie word as ‘n sirkelvormige proses voorgestel. Gedrag word eerder sirkulêr as liniêr waargeneem. **In plaas van liniêre, oorsaak-gevolg, opeenvolgende gedrag, word**

**gedrag as herhalende, beweeglike sirkelvormige patrone gesien waarin al die dele van 'n sisteem deelneem en 'n wederkerige invloed op mekaar het.** [Piercy & Sprenkle 1986:32]. Vir die doel van hierdie studie is die interpretasie van gedrag in terme van oorsaak en gevolg nie bruikbaar nie, vanweë die aanvaarding van die sirkulêre, aaneenlopende interaksieproses in die sisteem [Watzlawick 1967:96]. "Circularity refers to the way in which the therapist conducts the interview, by responding to feedback from the family, and by seeking information about relationships and about difference between people, relationships, events, etc. and over time." [Jones:1993:15].

#### **2.6.2.5 Verandering**

Verandering in een deel van die sisteem, bring mee dat alle dele van die sisteem noodwendig beïnvloed word. Net soos die probleem van een deel van die sisteem, nie losgemaak kan word van die res van die sisteem nie, sal verandering in een deel van die sisteem noodwendig die totale sisteem raak.

Verandering is die proses van oorgang, groei, omwenteling, verwisseling [Bosman et al 1988:751]. Wyld beskryf verandering as: "**to take *instead of* ; substitute of one thing for another**; to change countenance; to change one's mind; change one's tune, note in speaking; to "cause"; to become different in any respect; "cause" to pass from one state to another; alteration in sequence of events; variety; novelty" [Wyld 1961:171]. In die konteks van sistemiese gesinsterapie word die term **eerste- en tweede- orde verandering gebruik**. **Eerste-orde verandering** verwys na die voor die handliggende en "gesonde verstand" manier waarmee 'n probleemsituasie "anders" hanteer word. Hier word dikwels op 'n liniêre, oorsaak-gevolg gefunksioneer, en die vraag *waarom*, word gevra. **Tweede-orde verandering** daarenteen vewys na die proses wat gerig is op die eerste-orde proses, wat nie die verwagte groei en verandering te weeg bring nie. Die vraag is hier *wat* gebeur en nie *waarom* nie.

"While first-order change always appears to be based on common sense [for instance, "the more of the same" recipe], second-order change appears weird, unexpected, and un-commonsensical, there is a puzzling, paradoxical element in the process of change" [Watzlawick et al. 1974:83].

#### 2.6.2.6 Stabiliteit

Alle sisteme, ook gesinssisteme het 'n natuurlike geneigdheid om weerstand te bied teen verandering en om terug te keer na 'n toestand van **balans, struktuur en stabiliteit** wanneer dit met verandering gekonfronteer word. Piercy en Sprenkle [1986:32] verwys na die begrip homeostase, wat dui op **die geneigdheid van die sisteem om ekwilibrium, balans en stabiliteit te probeer behou, deur verandering te weerstaan en die status quo te probeer handhaaf**. Die konsep van kognitiewe homeostase, waarna Watzlawick [1967:58] verwys as hy sê: "The nervous system is organized (or organizes itself) so that it computes a stable reality", word deurgetrek na alle sisteme. Mense en sisteme het die inherente eienskap om stabiliteit te handhaaf, te midde van verandering, en te kompenseer of die stabiliteit te herstel wanneer die sisteem uitgedaag word om te verander. Die proses van die handhawing van stabiliteit is komplimentêr ten opsigte van die proses van verandering in sisteme. "The complimentary relationship of change and stability, is in fact a definition of cybernetic process. Remaining balanced on a high wire requires constant change of one's body position". [Keeney & Ross 1983:377].

#### 2.6.2.7 Ekwifinaliteit

Die voorsetsel "equi" komende van Latyn, verwys na "equal", dit wil sê, gelykwaardig. Die begrip "ekwifinaliteit" in hierdie konteks, aldus Watzlawick [1967:127], verwys na die beginsel dat **diesselfde resultate [bedoelende uitkomst, gedrag, simptome], nie noodwendig**

**diesselfde bron van oorsprong [bedoelende oorsaak] het nie, maar gelykwaardig kan wees. So het een “oorsaak” nie ‘n noodwendige, tipiese eensoortige “gevolg” nie.** Die rol van die interaksieproses en organisasie binne die sisteem, as reaksie op die “oorsaak”, word beklemtoon as ‘n gelykwaardige faktor in die uitkoms. “If the equifinal behavior of open systems is based on their independence of initial conditions, then not only may different initial conditions yield the same final result, but different results may be produced by the same “causes”. [Watzlawick 1967:127]. Die beginsel van ekwifinaliteit plaas die fokus op die rol van die proses binne sisteme, in stede daarvan om gedrag te herlei alleenlik na die oorspronlike “oorsaak”, in die hulpverleningsproses. Ekwifinaliteit word in ag geneem in die fokus op die verhoudingsaspek en nie noodwendig op die geskiedenis en die inhoud van die gesprek nie. Diesselfde gevolge mag spruit uit verskillende oorspronge en daarom word daar nie op die oorsake gefokus nie, maar op die proses wat die gedragpatrone in standhou en/of die veranderinge, in die gesin teweegbring. “Truth, selection, and distortion are less important for the understanding of present interaction than how the material is used and what kind of relationship is defined.” [Watzlawick 1967:160].

#### **2.6.2.8 Patrone, hiërargie en grense**

Die waarneming van die rolle van die lede in die sisteem asook die reëls wat in die sisteem geld, die organisasie en patrone in die gesin, is van groot belang in sisteemwerk. Hierdie aspekte beïnvloed onder andere die gedrag en posisie van lede in die sisteem en ook die aard van die kommunikasie. Groter sisteem soos die gesin, kan ook kleiner sisteme binne die groter sisteem insluit. Hierdie kleiner sisteme word afgebaken deur grense, wat baie vas en geslote kan wees, of ook meer oop en diffuus, en wat dus minder of meer kommunikasie deurlaat. Hierdie “grense” en “reëls” in ‘n sisteem word weereens beïnvloed deur die konstruksies van die individue.

## 2.7 SISTEMIESE GESINSTERAPIE

### 2.7.1 Inleidend

Gesinsterapie word gebruik omdat baie probleme wat mense ervaar binne die konteks van die gesin plaasvind. Volgens navorsing waarna Andrew Christensen verwys [Kelly 1983:397], hou ongeveer 60% van verhoudingsprobleme waarvoor mense hulp soek verband met hul gesinslewe. Dit bring 'n klemverskuiwing van individuele probleemgedrag na die sosiale organisasie en patrone in die gesin mee. **Die terapiefokus verskuif na die patrone, wat die probleemgedrag van een persoon in 'n gesin met die ander gesinslede verbind** [Keeney & Ross 1992 :xi]. Andolfi [1979:5-6] beskryf die gesinsterapeutiese proses as volg: "In family therapy, relationships between individual behavior and the family group are analyzed within a broader conceptual framework derived from systems theory and communication theory. Reality is seen as a totality of interacting systems. In observing human interaction, we apply the same principles and deductions as are valid for the systems in general."

### 2.7.2 Hooflemente van die terapeutiese proses in sistemiese gesinsterapie

#### 2.7.2.1 Individu in konteks van die gesinsisteem en ander sisteme

Die **individu** se psigiese lewe omsluit 'n kommunikasieproses na binne, met homself en 'n kommunikasieproses met sy omgewing waarvan hy deel is. Die individu beïnvloed sy sosiale konteks en word voortdurend daardeur beïnvloed. **Die individu word dus altyd as 'n subsisteem van 'n groter sosiale sisteem gesien, en hierdie geheel moet in aanmerking geneem word.** Die individu is nie die sentrum van wanfunksionering nie, maar word gesien in verhouding tot sy gesinsisteem en ander sisteme in sy leefwêreld.

Ten spyte van die uiteenlopende benaderinge onder sistemiese gesinsterapeute, is een gemeenskaplike beginsel waaroor hulle ooreenstem, *die faktor dat die individu onlosmaaklik deel is van lewende sisteme, en dat die verandering in een deel van die sisteem, 'n effek het op die res van die sisteem. Dit is dan vanselfsprekend dat dit van kardinale belang is in die terapeutiese aanslag, waar die hele sisteem dan aangespreek moet word, in soverre dit die individuele kliënt betref.* [Corey 1993:367] Corey haal Goldenberg aan, wat sê dat die terapeut alle gedrag en simptome wat die individu openbaar binne die konteks van die gesin en die samelewing behoort te beskou, alhoewel dit nie die interne dinamika binne die individu uitsluit nie. Corey sê verder: **“Systemic therapists do not deny the importance of the individual in the family system, but they believe that an individual’s life is more than a single therapist could ever hope to have.”** [1993:368-369].

‘n Probleem by die individu word ook in konteks van die groter gesin en ook gemeenskap met die ander sisteme waarvan hy deel is, gesien. **Dit is belangrik om betekenis van simptome en gebeure binne konteks te beskryf, en nie alleenstaande te interpreter nie.** As iets uit konteks gehaal word, word dit betekenisloos. So ook kan ‘n gebeurtenis ‘n totaal nuwe betekenis kry in ‘ander konteks [Efran et al 1988:28]. Veranderinge in die gesinsisteem dra by tot die veranderinge in die innerlike psigiese prosesse van lede van daardie sisteem. Die omgekeerde is ook geldig.

Die gesinsterapeut misken nie die belang van die individu en die interne prosesse nie, maar neem in ag dat die individu ‘n integrale deel is van ‘n gesinsisteem. ‘n Individu met ‘n “probleem” mag die simptoombraer wees van ‘n proses wat in die gesin aan die gang is. Die probleem is dan deel van die interaksiepatrone binne die sisteem. “An individual’s level of functioning is a manifestation of the way in which the family is functioning” [Corey 1993:369]. **Individuele gedrag moet in die konteks van die gesinsdinamika, patrone en reëls verstaan word.** “What we can observe is behavior, which can only be understood against the

background of a given context. We are what we seem only through our environment. Our present life structures arise “just so”. It’s a reality worked out together in interaction” [Weber & Simon Hargens 1988:35]. Om die kliëntgesin dus te begryp moet die terapeut **die konstruksies van die gesin** oor hulself, [individueel en gesamentlik], hul waardes, problematiek, persepsie oor verandering en stabiliteit, ensomeer verstaan. “I see the process of systemic therapy as characterized by a primary focus on working with the system members’ constructions, their ‘world views’ from within a circular framework.” [Real 1990 :256]

Andolfi [1979:5] sê dat **een van die vernaamste doelwitte van die terapeut is om die lyding [probleem] te verlig waarvoor die kliënt hulp gesoek het**. Terapie word toegespits om die kliënt by te staan binne in sy konteks of gesinsisteem deur die ontsluiting van die latente terapeutiese waarde van die sisteem.

**Sistemiese gesinsterapie** word as insluitende term gebruik om te dui op die insluiting van die betekenisvolle figure van ‘n kliënt [die simptoondraer] se lewe in die terapie, wat meestal die gesin is, maar ook wyer kan uitkring. Die klem is hier op die **kubernetiese prosesse in die sisteem**. Die **basis** van sistemiese gesinsterapie is dat die **individuele funksionering die beste verstaan word in terme van die verhoudingskonteks binne die gesinsisteem en die prosesse en patrone van sy gesinsisteem asook die breër eko-sisteem**.

### 2.7.2.2 Sirkulariteit

Taibbi [1996:14] som die klemverskuiwing in terapie op as ‘n verskuiwing van ‘n vertikale, liniêre en psigoanalitiese individuele terapie, [wat op die veroorsakende faktore en die geskiedenis ingaan], na gesinsterapie met ‘n horisontale, kinetiese, sirkulêre benadering [wat kyk na die organisasie in die gesin, die gedragpatrone, en die manier waarop dit in stand gehou word]. Louw noem dat die hipotese ontwikkel het dat die simptome van die individuele

kliënt 'n funksie is van sy interaksie met sy gesinslede [Louw 1989:592]. Dit is dus noodsaaklik om die individuele simptome in konteks met die gesinsdinamiek te beskryf.

Andolfi beklemtoon ook verder, dat in gesinsterapie die terapeut die **terapeutiese proses verskuif na die interaksieprosesse en patrone in die gesin**. Die verskillende konflikte in die gesin word blootgelê om sodoende weg te beweeg van die identifisering van die “skuldige” (die simptome draer) en die oorsake van simptome, in die sisteem. Andolfi sluit ook die interaksiepatrone en moontlike konflikte van die gesin, in die breër sosiale konteks, by gesinsterapie in [Andolfi 1980:1-4].

In sistemiese gesinsterapie **verskuif die terapeutiese fokus van die semantiese of betekenis [die “waarom”] na die politiese, die gedragsprosesse en patrone [die “hoe”]**. Tog bevat alle terapie, insluitend sistemiese gesinsterapie op die ou end beide politiese- en semantiese elemente. Hierdie twee elemente is rekursief en vervleg en kan ook op die ou end nie geskei word nie. Die een dien as raamwerk vir die ander. [Keeney & Ross 1992:7] In gesinsterapie is die individu in die sisteem wat die “probleemdraer” sou wees, wel van belang, maar die fokus verskuif meer na die proses in die gesin wat hierdie “probleem” in stand hou. Die “probleem[e]” word as die simptome van die aard van funksionering van die sisteem beskou. In die terapeutiese proses is die veronderstelling dat indien die instandhouding van die “probleem” waardeloos word vir die sisteem, verandering en die gesamentlike ontwikkeling van die lede moontlik gemaak word.

Die waarneming en herkenning van die gesinslede se punktuasies, rolle, gedrag, emosionele patrone en verhoudingspatrone binne konteks is belangrik. Die instandhoudingsproses van die simptome deur die sisteem moet herken kan word. Die terapeut moet ook die vaardigheid ontwikkel om die sisteem so aan te spreek dat verandering moontlik word. Die gesin se natuurlike behoefte is om sy stabiliteite behou en verandering teen te staan. Die faktore wat



kan bydrae om die verandering te wil maak en opnuut te stabiliseer in 'n andersoortige funksioneringspatroon, moet deur die terapeut aangespreek word.

Sistemiese terapie konsentreer op die **mense sowel as die interaksie en gedragspatrone in menslike sisteme, die verhouding tussen hierdie patrone, die herhalende aard daarvan, asook die veranderinge of gebrek aan verandering** wat oor verloop van tyd in hierdie patrone plaasvind. Die terapeut neem waar hoe hierdie patrone interreageer op alle vlakke van funksionering in die sisteem. [Hargens 1988:35] “Systemic therapy demands the **skill to recognize patterns and their relationships on the one hand, and to set in motion processes of differentiation or stabilization, on the other** [generation of information]“ [Weber & Simon in Hargens 1988:36].

### 2.7.2.3 Die terapeut

“**The role of the therapist is therefore completely redefined: his objective is to unbalance the equilibrium of the system and of each of its members in order to activate the system’s inherent capacity to evolve new forms of encounter and participation. The ultimate goal of therapy is the attainment of a new equilibrium between self and function on an individual and systemic level.**” [Andolfi 1980:13] Hierdie doel word bereik deur 'n ondersoekende proses waarin die gesin die leidende rol speel. Binne die terapeutiese konteks word geleentheid aan die gesin gebied om met nuwe kommunikasiepatrone te eksperimenteer. Die terapeut tree as konsultant en ook later as supervisor in die verband op [Andolfi 1980:13]. “In this way the therapist can utilize his skills to restore competence to the family system, so that the family can become the protagonist in its own process of growth.” [Andolfi 1980:13].

**Die verantwoordelikheid van verandering lê nie by die terapeut alleen nie, maar die gesin word betrek om medeverantwoordelikheid te neem en ook te kwalifiseer wat die**

**aard van daardie verandering moet wees.** Hoffman [in Golan 1988] beklemtoon die gesamentlike verantwoordelikheid van die kliënt en die terapeut by die eerste- en tweede-orde veranderingsproses. “..the therapist collaborates to set up a situation whereby second-order changes can take place...The therapist is part of a mutual system of influence...” [Hoffman in Golan 1988:66]

Wanneer die **terapeut** met die gesin of die individu werk, word die terapeut se gedrag deel van die konteks . Daar word dus ‘n nuwe sisteem gevorm – die **terapeutiese sisteem**, wat weer die gedrag van al sy lede beïnvloed. Daar rus ‘n besondere etiese verantwoordelikheid op die konstruktivistiese terapeut, omdat die terapeut deel raak van die sisteem waar nuwe konstruksie saam met die gesin gevorm word. “In other words, from this point of view, therapy is a dialogue about the interlocking wants, desires, and expectations of all the participants, including the therapist“ [Efran et al 1988: 32].

“Psychotherapy can then be defined as a process of deutero-learning (Bateson, 1972); that is a process of co-constructing a context in which a change in the set of alternatives from which choice is made becomes possible”. [McNamee & Gergen 1992:48]. McNamee en Gergen beklemtoon dat terapie ‘n **proses van ko-konstruksie tussen die terapeut, die kliënt en die betekenisvolle sisteme van die kliënt moet wees.** [1992:49]. Keeney beklemtoon die besondere belang van die terapeutiese of helende waarde wat in die verhouding tussen die terapeut en die kliëntsisteem is en die proses van interaksie wat binne hierdie terapeutiese sisteem plaasvind. “The emphasis upon the pattern or dance rather than the dancers, leads one to realize that both the therapist and client are parts that constitute the whole of an ever-changing en evolving relationship context.” [Keeney 1983:15].

Die andersoortige klem van sistemiese terapie wat op ‘n **tweede-orde kubernetiese beginsels** berus, word deur Keeney [1983:19] as volg onderskei: “the behaviors of client **and**

therapist could be seen as “interventions” that attempt to alter, modify, transform, or change the behavior of the other individual in a way that will solve his problem. In other words, clients are treating therapists at the same time therapists treat clients. This framing of therapy is an example of cybernetics, which views the behavior of both client and therapist as circularly or recursively connected.” Sistemiese terapie het die besondere eienskap dat die gedrag van die verskillende persone in die sisteem mekaar wederkerig beïnvloed. Die intervensie van die terapeut is nie ‘n eenrigtingaksie nie, maar deel van die sirkulêre sistemiese proses. In strukturele-, maar ook in strategiese gesinsterapie neem die terapeut medeverantwoordelikheid om ‘n konteks vir verandering te skep. Andolfi beklemtoon dat: “In the systemic view, the therapist’s intervention is based on a systemic analysis of the family’s problems and on the activation of the family’s self-therapeutic potential.” [Andolfi 1980:12] Die terapeut neem alle aspekte in die gesin waar wat die “probleem” instandhou. Deur gebruik te maak van tweede-orde veranderingstrategieë, maak sy die gesinslede bewus daarvan en ook van die moontlikheid om alternatiewe patrone te ontwikkel.

**Golann [1988:51] het spesifieke kritiek uitgespreek ten opsigte van die “manipulerende mag”,** soos hy dit beskryf, wat sommige terapeute tydens gesinsterapie op ‘n onsensitiewe wyse gebruik. “The strong, direct involvement in the family’s coalitions, the use of power as a basic technique and construct, the emphasis on the hierarchical distinction between expert and family, all contrast with the aspirations of second-order family therapy as described by Hoffman” [Golann 1988: 53]. Verder word die strategiese benadering in sisteemterapie, soos deur Erickson, Fish, Weakland, Haley en Papp en andere, ook deur Golann beskryf as : “direct and planned influence of persons and are based, in large part, on an analysis of power relationships that they aim to modify “ [Golann 1988:53].

Golann verwoord moontlik die kritiek wat daar in sommige kringe is ten opsigte van die misbruik van die “mag” van die terapeut om die gesin te beïnvloed . Hy spreek hom sterk uit

teen die formulering van konstruksies deur die terapeut vir die gesin rondom hul situasie wat die terapeut self nie noodwendig geloofwaardig vind nie. **“A better alternative would be to suggest that the therapists learn to hear empathically and honestly, and sensitively to describe the family’s dilemma of living.** The important balancing of stability and change communications, which Keeney and Ross have emphasized, is not incompatible with empathic understanding of family members’ problems” [Golann 1988:63].

Die noodsaaklikheid daarvan om empaties te bly werk, word beklemtoon. Hoffman is van mening dat **die terapeut se teenwoordigheid alleenlik reeds ‘n invloed het op die kliënt** - daar is nie ‘n moontlikheid dat wederkerige beïnvloeding nie plaasvind nie, net soos daar nie ‘n moontlikheid is dat kommunikasie nie plaasvind nie. **“ I believe that in therapy you are always trying to have an influence, just as you can’t “ not communicate.”** Sy verwerp egter die idee van kontrole en beheer. **Daar is wel sprake van mag, maar dit is gelëe in die konteks van die sisteem.** “ Power is always attached to a context of relationships, not to a person. To say that “the therapist must maintain control” is a poor description because it sets up a unilateral schema. The therapist is part of a mutual system of influence, and the power idea obscures its recursive nature” [Hoffman in Golann 1988:66].

Dit wil voorkom of daar wel verskillende uitgangspunte in verband met die mag van die terapeut is. Die konstruksie rondom die “mag” van die terapeut, kan die terapeut weer in die “ekspert” posisie plaas. Die idee van ko-konstruksie met ‘n magsbalans word veral deur Hoffman beklemtoon. **In tweede-orde gesinsterapie word verandering tewegebring deur die mag en dus die verantwoordelikheid vir verandering, in interafhanlikheid tussen die gesin en die terapeut te deel.**

Keeney en Ross [1983:376] beklemtoon dat tweede-orde kubernetika die punktuasie van **die terapeut se posisie in die terapie** aanspreek en haal Bateson aan in die verband: “...the

probes we use to investigate our clients always have an end which is pushed into us". [Keeney en Ross 1983:376] In die Kubermetika van Kubermetika word die interaksie en dinamika van die totale terapeutiese sisteem, die kliëntgesin en die terapeut in aggeneem.

Fruggerri [McNamee & Gergen 1992:4] sê dan verder dat psigoterapie dus eintlik 'n sosiale konstruksieproses word, waarbinne probleme opgelos word en groei en verandering plaasvind. Wanneer mense na 'n terapeut gaan met hul probleem is die verwagting tog dat hulle hulp sal ontvang. Die terapeut kan dit nie ontkom om as 'n "veranderingsagent" gesien te word nie [McNamee & Gergen 1992:48].

**“ The fresh perspective that family therapy offers is that our lives are coordinated within our families such that what “they” do is a function of what “we” do. It is an enormous insight, and it puts us in charge of our own lives. To “get” it in family therapy is to realize that, while we are inescapably bound together, we are ultimately free – free to get what we want and need out of family life.”** [ Nichols 1987:39]

Die terapeut beweeg voortdurend van die posisie van ko-konstrueerder as deel van die terapeutiese sisteem, na 'n meta-posisie van die buitestaander. Dit vereis voortdurende kontak met haarself, asook kongruensie en egtheid.

#### **2.7.2.4 Tweede-orde verandering**

Die geneigdheid van sisteme om ewilbrium en stabiliteit te probeer handhaaf deur verandering te weerstaan of te korrigeer, bied 'n verklaring waarom gesinslede nie altyd [meestal nie] op "logiese" intervensies vir verandering, reageer nie. "From the perspective of double discription, **change and stability** can be seen as two sides of a cybernetic complimentarity. From this higher order view, families cannot be described as changing

without consideration for their stability and vice versa. **The complimentary relation of change and stability is, in fact, a definition of cybernetic process**” [Keeny en Ross 1983:377].

**Indien die gesin se behoefte aan stabiliteit nie gehoor en aangespreek word nie, kan die boodskap van verandering verlore gaan.** Hierdie aspekte moet aangespreek word deur leergeleenthede te skep in die terapeutiese konteks met die gesin. Leer vind plaas deur ervaring en aksie, en ook deur die belewenis van 'n verskil van dit wat bekend is. Bateson het gesê “information is a difference” [Israelstam 1988:189]. **Dit is die gesinsterapeut se taak om leerervaringe binne die terapeutiese sisteem met die gesin te skep, deur “anders” te kommunikeer, sodat die gesinsisteem dit kan “hoor” en bruikbaar vind vir die veranderingsproses.**

Daar word onderskei tussen eerste-orde en tweede-orde kubernetiese veranderinge in gesinsterapie [Watzlawick et al 1974:1-30]. Eerste-orde verandering is die voor die handliggende en logiese verandering wat in die gesinsisteem kan plaasvind, en waarvoor terapeutiese blootstelling nie *noodwendig* nodig is nie. Die tweede-orde verandering is die verandering wat *terapeuties geïnnisiëer* kan word, wanneer die eerste-orde verandering nie geslaagd is nie en die behoefte aan stabiliteit so sterk is, dat die eerste-orde veranderingsproses deel word daarvan om die probleem instand te hou.

Dit is die vermoë van die terapeut om beide die behoeftes aan stabiliteit en verandering van die kliënt aan te spreek, wat in konteks, beweging en groei kan skep. Keeney en Ross stel dit treffend as volg: “**...A troubled system comes to therapy, in most cases with a request to alter the way it changes to stabilize itself. This [change of change] requires a source of usefull noise or meaningful Rorschach onto which new structure and pattern can be punctuated.**” [Keeney & Ross 1983:379]

Tweede-orde gesinsterapie is gerig op **die verandering van die manier van verandering**. Die behoefte van die sisteem aan die bekendheid van die stabiliteit word respekteer, maar ook die behoefte en die noodsaaklikheid van verandering word aangespreek deur iets nuuts in te bring wat vir die sisteem bruikbaar in die veranderingsproses kan wees, maar steeds by hul stabiliteite aansluit. [Keeney & Ross 1983:378]

Die **veelsydigheid en buigbaarheid** van die konstruktivistiese sistemiese benadering blyk juis uit die wegbeweeg van dichotomieë en dualisme van die een of die ander, en gebruik te maak van die rol van “betekenisgewing” deur die proses van sosiale en dus ook terapeutiese interaksie. “ It is a complementary, non-dualistic perspective. It does not substitute a concept with its opposite; it holds that the organizational closure of systems is maintained through interactions, that change occurs through stability, that autonomy takes place through constraints, and that in limits we find possibilities.” [McNamee & Gergen 1992:44] Daar word juis baie ruimte vir verskillende konstruksies van die terapeut en die gesinslede gelaat.

Keeney en Silverstein [Golann 1988:60] praat van **die kuns van die terapeutiese intervensie, waarvan die behoud van stabiliteit, maar ook verandering deur die inbring van nuwe perspektiewe en alternatiewe deur die terapeut**, deel uitmaak. Die gesinsterapeut moet wel die kuns en vaardigheid ontwikkel om gesinsintervensies te kan doen, maar steeds om sensitief en empaties te luister en op te tree.

Effektiewe gesinsterapie poog om die bestaande sisteemreëls te begryp en dan moontlik saam met die gesin te bevraagteken en te herdefiniër sodat daar verandering plaasvind. Die definiëring en beskrywings van die sisteem, die gelowe, verwysingsraamwerke en verklarings in die sisteem word verken en met die die sisteemlede geklarifiër. Alternatiewe beskrywings en verklarings word verder ook met die sisteem deurgewerk, met die doel om hul eie verklaringe te heroorweeg. Dit is hier waar die gebruik van metafore en paradokse onder

ondere nuwe maniere aan die gesin bied om hul situasie te definieer. In suksesvolle terapie word die alternatiewe moontlikhede deur die sisteemlede geïntegreer as deel van hul eie verwysingsraamwerk. “It seems that, in a therapeutic relationship, the challenge to the coherence between descriptions and beliefs constitutes a perturbation which challenges the individuals to generate a new coherence. Secondly, the most significant change in conversations [that is a change in the type of descriptions, explanations, attributions] occurs in correspondence with an intervention of the therapist that connects the multiple descriptions, explanations, attributions offered by the individuals in the course of the conversations.” [McNamee & Gergen 1992:50]

Bateson beskou **die bewusmaking van verskille** in die terapeutiese konteks van groot belang om verandering te bewerkstellig. “**Difference which occurs across time is what we call ‘change’**” [Bateson1972:452]. Dit is dus nodig om die “nuus” van verskil in die sisteem bekend te maak – “difference which makes a difference” [Bateson 1972:453] – om in die terapeutiese proses doelbewus te vergelyk, te onderskei en verskille uit te lig, en om sodoende die moontlikheid van verandering te stimuleer.

In die “Universal English Dictionary” [Wyld 1961:306], word “differ” aangedui as afgelei van die Latyn ‘*differre*’ wat beteken: “to carry in different directions,scatter; to disturb,distract; to publish, make known; to put off, to defer; to differ, **to distinguish from**”. “Difference” word aangedui as ‘distinguishing mark, characteristic’. Bateson, soos aangehaal deur Selvini Palazolli et al [1980:8] verduidelik hierdie konsep, as die verkryging van inligting deur vergelyking van relevante inligting in ‘n bepaalde konteks, waarvan ook die verhouding van die waarnemer van hierdie inligting, deel is. “ In this sense, our initial sensory data are always ‘first derivatives’, statement about *differences* which exist among external objects or statement about *changes* which occur either in them or in our relationship to them...”



**What we perceive easily is difference and change – and difference is a relationship”**

[Selvini Palazolli et al 1980:8].

Aldus Keeney en Ross [1983: 379-380] is dit van belang dat die terapeut al haar eie sensoriese prosesse sal inspan om die verskille ook in die boodskappe wat die gesinsisteem gee, uit te lig en kreatief na vore te bring in die sisteem sodat die gesin dit kan “hoor”. Israelstam [1988:189], beklemtoon ook die gebruik van verskille in terapie: “ When an issue to be understood is compared to something different, it often takes on a clearer meaning”

Wat van belang is in die konteks van hierdie studie, is die fundamentele konsepte van Bateson dat :

- Mense skep inligting deur die verskil wat waargeneem word tussen gegewes
- Die verskil wat waargeneem word, lê in die verhouding tussen die gegewes onderling en ook met die waarnemer of 'n verandering in 'n verhouding
- Verandering kan plaasvind wanneer genoegsaam kennis geneem word van verskille

**“Bateson maintained that the occurrence of any new event in the 'world of living' should be considered as a response to information about difference. In this world, recipients respond to, or act in relation to, a perceived difference or distinction. Distinctions are critical, as they provide the source of all new responses. The world of the living is one in which distinctions are drawn, where difference become a cause, 'where nothing can be understood until differences and distinctions are involved' “ [White 1986:170].**

“It has become increasingly clear to us during the past years that the attitude and expectations of therapists that therapy is chiefly concerned with changing the patient often turned out to be a dead end. We now find it more sensible to assume the position that it is the clients' right to be as they seem. We are now concerned above all to flexibly and inquisitively take advantage of

opportunities to introduce differences which make a difference for our clients". [Weber & Simon:Hargens 1988:39]

### **2.7.3 Slotsom**

In gesinsterapie vanuit 'n sistemiese paradigma, vorm die terapeut en die gesin 'n terapeutiese sisteem. Die funksie van die sisteem is om verandering in die gesin se patrone en organisasie te bewerkstellig sodat verandering ten opsigte van hul geïdentifiseerde probleem ervaar word. Beide partye dra verantwoordelikheid vir die terapeutiese en die veranderingsproses. Deurdat die terapeut sowel aanvaarde as alternatiewe ervarings en konstruksies eksplorieer rondom die patrone, konstruksies, reëls, grense en dinamiek binne in die gesin, word 'n proses van verandering in werking gestel.

"By facilitating the use of alternative modalities of transaction among family members, the therapist makes use of the family matrix in the process of healing. The changed family offers its members new circumstances and new perspectives vis-a-vis their circumstances. The changed organization makes possible a continuous reinforcement of the changed experience, which provides a validation of the changed sense of self." [Minuchin 1974:13 –14].

## HOOFSTUK 3

### DIE KONSEP VAN ONSEKERHEID

#### 3.1 TEORIETIESE AGTERGROND

##### 3.1.1 Definiëring en omskrywing van Onsekerheid

“Onsekerheid” word beskryf in die Beknopte Afrikaanse Verklarende Woordeboek [Kritzinger & Eksteen 1984:347] as: “twyfelagtig, onvas nie oortuig nie, onbetroubaar.” Onsekerheid kan beter verstaan word deur na die teenoorgestelde term, “sekerheid” te kyk wat beteken: “veiligheid, buite gevaar, waaraan nie te twyfel is nie, ongetwyfeld, iets wat vas staan, sonder twyfel, beslistheid, waarborg, om heeltemal seker te voel, veilig in jou werk te voel”.

“Uncertainty” word in die Universal English Dictionary [Wyld 1961:1309] aangegee as: “Condition or quality of being uncertain; absence; lack of certainty; a want of knowledge; state of not being assured of; state of not being certain, known or predictable; doubtful; undependableness; tendency to vary.”

Onsekerheid is, volgens die navorser se puntuasie, ‘n gebrek aan voorspelbaarheid en vaste riglyne en grense. Dit is om ‘n gevoel te ervaar van om sonder ‘n fondasie te wees – ‘n gevoel van vloeibaarheid en ‘n gebrek aan vastigheid, sekuriteit en rigting. Dit dra by tot ‘n gevoel van angstigheid en beheerverlies. Dit kan ‘n algemene gevoel wees, of gekoppel aan ‘n spesifieke situasie of aspek van ‘n persoon se lewe. In die hulpverleningskonteks kan dit by die kliënt sowel as die terapeut voorkom.

**“Uncertainty is** defined by Breznitz [1967] as a situation in which the degree of confidence that something would happen is equal to the confidence that it would not happen. Such uncertainty includes two elements that have an impact on the level of stress: the first is the probability that the threat will occur, and the second is the length of the uncertainty period. The length of the uncertainty period increases the level of stress. Thus, there is a high probability that people living for a long time under conditions of uncertainty will be affected by these stressors.”  
[Shamai 1998:246]

Onsekerheid is deel van die alledaagse lewe – van klein onsekerhede, soos “gaan dit reën vandag en moet ek my sambreel saamneem...” , tot groter onsekerhede, soos “.gaan ek hierdie siekbed oorleef..” of die blote onsekerheid en onbeheerbaarheid van die mens se daaglikse sekuriteit, soos geaksentueer deur die gebeure op 11 September 2001 in New York. Oor sommige onsekerhede het ons ‘n mate van beheer, en dikwels verdwyn hulle ook vanself. Sommige onsekerhede word egter nooit sekerhede nie en bly ‘n uitwerking hê op ons lewens. Die gevoel van “in beheer wees” en om kontrole of mag te hê, dra by tot die mate van sekerheid wat mense ervaar. Die ervaring van onsekerheid kan tot gevoelens van magteloosheid en beheerverlies bydra. Ook die konstruksie wat mense mag hê rondom hul eie mag en beheer, mag bydrae tot die gevoel van sekerheid of onsekerheid wat ervaar word. Marris [1996:1] is verder van mening dat onsekerheid dikwels kan voortvloei uit die ervaring van beheerverlies en die gebrek aan voorspelbaarheid. Hy is van mening dat mense kan probeer beheer verkry oor onsekerheid deur meer inligting te versamel om sodoende beter te kan verstaan. So probeer mense byvoorbeeld verhoudinge in voorspelbare patrone dwing, en val hul dikwels terug op strategieë wat in die kinderjare vasgelê is, al mag dit nie noodwendig effektief wees nie. Dit dui op die sisteem wat voortdurend daarna streef om stabiliteit en sekerheid te verkry.

Onsekerheid kan beskou word as 'n fundamentele aspek van die menslike lewe. Daar is dus stabiliteit en sekerheid in die wete dat ons altyd 'n mindere of meerdere mate van onsekerheid sal ervaar. Sommige mense kan die versteuring van sekerheid en stabiliteite as onaangenaam en selfs vreesaanjaend ervaar. Hierdie onsekerheid hoef egter nie noodwendig as 'n negatiewe faktor beleef te word nie. Onsekerheid kan as 'n uitdaging dien vir sommige mense om oor te gaan tot aksie om stabiliteit en moontlik die gevoel van oorwinning en beheer te ervaar. Dit wat onvoorspelbaar en onseker is in sy lewe, en die ewilbrium versteur, word aangespreek om 'n nuwe vlak van stabiliteit, sekerheid en beheer te verkry. Verandering is 'n gegewe in die ervaringswêreld en die enigste sekerheid wat aanvaar kan word is dat niks staties en konstant is nie. Wetenskaplike studie en navorsing, om patrone te ontdek en afleidings te maak, is een manier om "beheer en kontrole" te verkry oor onsekerhede. "We try to master it by discovering the regularities in events which enable us to predict and control them. When they do not turn out as we expected, we look for ways to revise our understanding, our purposes and means of control. When we cannot foretell what will happen, we try to keep our choices of action open; and when none of those choices seems hopeful, we try to withdraw into familiar certainties or fall into despair. **The management of uncertainty is therefore a very individual endeavour, because each of us learns in our own way, through our unique experience, to find patterns of events, and develops our own strategies of control and avoidance.**" [Marris 1996:1]

Die ontstaan van onsekerheid by die mens is 'n baie persoonlike saak en so ook die betekenis wat aan die konsep geheg word. 'n Meer algemene sosiaal gekonstrueerde betekenis rondom onsekerheid, is dat dit 'n swakheid is, geassosieer met ontoereikendheid en selfs onbeholpenheid. Dit is in skerp teenstelling van die konstruksie rondom sekerheid, wat met selfvertroue, gesag en "in beheer wees" geassosieer word. Oor die algemeen word onsekerheid as 'n swakheid in 'n mens se mondering gekonstrueer en is die behoefte om daarvan ontslae te raak. Wat maak mense met onsekerheid? Oor die algemeen probeer die

mens sekerheid uit onsekerheid skep. Die mens probeer beheer te verkry en die balans te herstel deur verskillende prosesse, onder andere :

- o Deur ander of die lewe te blameer wat die gevoel veroorsaak en vas te val in die gevoel
- o Deur die self te blameer en dit te integreer as deel van die self en ook daarin vas te val.
- o Deur dit te hanteer en nuwe betekenis te gee aan die ervaring

Vanuit 'n positivistiese raamwerk, word ervaringe soos onsekerheid dikwels geïnterpreteer op grond van inherente prosesse van die mens, eerder as persoonlike of sosiale konstruksies. Marris sê ook: "We tend to interpret the uncertainties of everyday life in terms of our self-doubts, rather than the social structures which condition them. We imagine that if we were cleverer, more educated, less shy, or more attractive, we could be more secure and confident as other people appear to be; and because each of us is hiding his sense of personal inadequacy, we are slow to discover how persuasively our culture introduces these feelings" [1996:12]. Deur die "self" te bevraag, blameer of te verwyt wanneer onsekerheid ervaar word, is ook 'n manier waarop mense soms probeer om gebeure te verklaar en kognitief ten minste probeer beheer verkry. Dit mag trouens makliker wees om te fokus op jou eie gedrag en gevoelens en dit te probeer verbeter, as om die sosiale sisteem te probeer verander of te verbeter. So ook, deur ander mense se optrede te bevraag en/of te blameer wanneer onsekerheid ervaar word, is 'n wyse van onsekerheidshantering. Marris meen dat onsekerheidservaring ook dikwels misbruik kan word deur die onsekerheid na ander wat minder mag in die sisteem het, af te wentel. Sodoende word die "skuld" of verantwoordelikheid vir die onsekerheid oorgedra aan die meer magtelose lede in die sisteem [Marris1996:12-14].

Vanuit die konstruktivistiese perspektief is die betekenis wat aan onsekerheid gekoppel word, 'n baie persoonlike konstruksie, en sal die hantering en die gebruik van die element van onsekerheid, berus op die konstruksie wat die persoon, in hierdie konteks, die terapeut,

daaroor het. Onsekerheid kan as stimulus dien tot verruimende denke, groei, ontdekking, opgewondenheid, afhangende van die konteks en die konstruksies van diegene en sisteme betrokke by die situasie.

Marris se konstruksie rondom onsekerheid is dan dat die mens beheer kry oor onsekerheid deur betekenis daaraan te gee en weer ewilibrum te kry. "The power of meanings to inform behaviour is understood by their usefulness to the self who adopts them. Correspondingly, **the management of uncertainty, in this view, rests fundamentally on developing a secure self, capable of trust and of sustaining it's integrity in the face of frustration**" [Marris 1996:27]. Alhoewel dit maar een konstruksie is, is die hunkering en ontwikkeling na 'n "sekerder" self te midde van faktore wat onsekerheid meebring, aansluitend by die beginsel van stabiliteit, waarna die menslike sisteem tog soos 'n pendulem swaai.

Vir sommige skrywers behels onsekerheid implisiet die soeke na sekerheid. Onsekerheid kan egter nie deurgaans as onwenslik op sigself beskou word nie en dit hoef nie noodwendig vervang te word deur sekerheid nie.

### **3.1.2 Onsekerheid in gesinsterapie**

Die betekenis wat aan 'n spesifieke onsekerheidservaring geheg word, deur 'n spesifieke mens in 'n spesifieke konteks, sal die invloed daarvan bepaal op daardie persoon, ook in die terapeutiese sisteem. Die ervaring van onsekerheid was veral verder vir die navorser as terapeut van toepassing waar die terapeut ontnem word van haar sekerhede en vertroude werkswyse, en 'n terapeutiese situasies moet hanteer met onbekende hulpmiddels en 'n benadering waarmee sy nog nie 'n gevoel van sekerheid en bekwaamheid ervaar nie. Hierdie gevoel kan verlamwend deurwerk as sy haarself bevraagteken en die "onsekerheidservaring" as "sleg" of "ontoereikend" konstrueer. Dit kan egter ook stimulerend

wees, as sy dit konstrueer as “ ‘n gegewe in die spesifieke situasie” - ‘n aanduiding dat daar een of ander aksie, inset, aktiwiteit of inligting benodig word om die balans te herstel, en om tot “meerdere sekerheid” te groei. Die gedagte van ‘n skaal of kontinuum van *onsekerheid – sekerheid*, waarop die mens en ook dus die terapeut die hele tyd heen en weer beweeg, mag ook ‘n bruikbare konstruksie wees. Die koppeling van “reg” of “beter” teenoor “verkeerd” of “slegter” aan sekerheid en onsekerheid, val dus weg, en beide word as ‘n *nodige en bruikbare* gegewe van menswees sowel as van konstruktivisties persoonsgesentreerde en sistemiese terapeutwees, beskou.

Alhoewel die element van onsekerheid moontlik nie ‘n tipiese verskynsel is by alle terapeute nie, sê Shamai tog: “It is possible to assert that in almost every therapeutic intervention there is a significant level of uncertainty” [Shamai 1988:257]. Shamai [1988:257] noem ook dat die meeste professionele persone in helpende professies onsekerheid ervaar in hul daaglikse werk en beklemtoon dat die hantering van hierdie onsekerheid ‘n integrale deel moet wees van die supervisieproses.

Onsekerheid kan dus in ‘n meerder mate ondervind word deur terapeute in ‘n praktiese opleidingsituasie, soos byvoorbeeld ook in die opleiding in sistemiese gesinsterapie. “ **I still have vivid memories of my early days in this profession – not of the successes, nor even the failures, but the anxiety, the overwhelming sense at times that I had absolutely no idea what I was doing. Not because I didn’t know anything, I did; my head was filled with theories...**” [Taibbi 1996:vii]

Die aantal teorieë wat aangespreek word in die bemeestering van gesinsterapie kan intimiderend wees. Hoe moet besluit word watter benadering is die beste, watter tegniek, watter metode om wanneer te gebruik te midde van ‘n stortvloed van verbale en nie-verbale



informatie wat in 'n gesinsessie na vore kom, sal voordelig wees – vir die gesin, vir die terapeut? [Taibbi 1996:4]

McNamee en Gergen [1992:1] verwoord die standpunt rondom die “ekspert”-beeld van die terapeut. “It is this image of the expert, independent, an individual knower that therapeutic practitioners have largely adopted in the present century. It is the therapist who carefully observes and deliberates, and who offers his or her conclusions about the adequacies and inadequacies of independently situated others.” Nichols [1987:51] sê tereg dat kliënte teen die tyd dat hulle kom vir hulp, so raadop is met hulself, dat hulle maar te gereed is vir die “spesialis” om oor te neem. Die kompleksiteit van gesinsproblemtatiek en die hoë verwagtinge wat gestel word rondom hulpverlening, kan soms meebring dat die terapeut voel dat sy ten alle koste moet kan help.

Dit is juis hierdie verwagtinge van die terapeut wat veronderstel is om die “slim spesialis” van menslike gedrag en gesinsprobleme te wees, wat baie druk kan plaas op die terapeut om professioneel te presteer en resultate en oplossings vir gesinne se probleme te bied. Dit kan bydra tot 'n gevoel van bedreiging, as die terapeut ervaar dat sy nie ten volle “seker” is nie.

Aan die ander kant bring die verskuiwing in die tradisionele siening van terapeutiese funksie naamlik om nie meer die ekspert te wees nie, ook onsekerheid, juis vanweë die onbekendheid daarvan. Dit geld vir beide die kliënt en die terapeut. Die bekende manier van terapie doen en die aanvaarding dat daar nie noodwendig 'n “ekspert” en 'n leier in die terapie is nie, kan bydrae tot die gevoel van gebrekkige sekuriteit en beheerverlies. Van beide die kliënt en die terapeut word aanpassings geverg.

Hoe dit ook al sy, wil dit voorkom of hierdie onsekerhede dus deel bly van die terapeutiese sisteem – die kliënt en die terapeut kan voortdurend fluktuasies van meerder of mindere

onsekerhede ervaar. Die terapeutiese sisteem op sigself dra by tot onsekerheid. Daar is onsekerheid rondom die rolle van die partye, die verwagtinge en die uitkoms van die terapie. Die kliënt in afwagting van die afspraak, is onseker oor watter inligting om bekend te maak of te verswyg, is onseker oor die werking van die dikwels ingewikkelde en burokratiese terapeutiese sisteem en is verder ook onseker oor die persoon, siening en reaksie van die terapeut, ten opsigte van hom of haar. Die kliënt doen tot 'n sekere mate afstand van 'n deel van selfkontrole en mag en plaas dit oor in die hande van die terapeut, en dit op sigself kan tot onsekerheid bydra. Om 'n effektiewe gesinsterapeut te wees, is ook nie net 'n kwessie van die bestudering van teorieë en die aanleer van tegnieke nie. Dit is nie 'n beperkte en afgebakende stel kennis en tegnieke, soos byvoorbeeld 'n motorwertuigkundige-ambagskap wat deurloop kan word nie, met voorspelbare sekerhede van 'n bepaalde fabrikaat se meganiese werking nie. Die mens is meer kompleks en onvoorspelbaar en die "herstel" van die mens kan nie volgens die fabrikaat se handboek stapsgewys gedoen word nie. **Dit is 'n intuïtiewe, innoverende proses** waar gebruik gemaak word van teoretiese en praktiese kundigheid om aan te sluit by elke unieke gesin [Taibbi 1996:1]. Dit verg 'n andersoortige ingesteldheid en bekwaamhede wat ontwikkel moet word. "Yes, family therapy can be tough. It requires a flexibility, a creativity, an ability to fly by the seat of your pants that exponentially increases with the number of people in the room and their level of distress and conflict."

[Taibbi 1996:3]

Efran et al [1988:33] verwys daarna as **'n bevrydende ervaring**, wanneer die terapeut ontwaak van die illusie dat sy objektiewe metodes kan gebruik om 'n stukkende sisteem "reg te maak". Dit is egter **ook 'n soberende ervaring** en die bewustheid dat dit baie meer behels as om net 'n paar oulike herdefiniërings, herstruktureringe en intervensies aan die gesin te verkoop, of daardie een geheimsinnige element te ontdek wat 'n totale herorganisasie in die gesin te weeg kan bring.

Menslike gedrag kan nooit ten volle geken en verstaan word en nog minder beheer word nie. Ook nie in die terapeutiese milieu nie. Dit beteken egter nie dat daar geen mate van voorspelbaarheid is nie en nog minder dat die mense binne die terapeutiese sisteem geen invloed op mekaar se lewens het nie. Beplanning en strategieë bly steeds 'n belangrike deel van terapie, ook binne 'n konstruktivistiese raamwerk, ten spyte van die feit dat sisteme nie voorspelbaar en beheerbaar is nie. Daarsonder sal terapie trouens onverantwoordelik wees en die gesprek rigtingloos en sinloos kan raak. Dit sou verder elke terapeut immobiliseer tot totale passiwiteit en besluiteloosheid. Van belang is egter dat die gesinsisteem deel is van die beplanning en verloop en rigting van die terapeutiese proses. Die konstruktivistiese terapeut is ook geregtig op haar eie opinies, waardes, doelwitte en metodes, al sou dit van die van die gesin verskil. Sy kan ook 'n kundige wees op haar gebied en kan die kundigheid in die terapeutiese proses deel met die gesin, maar sy word vrygestel van die "verpligting" om die "probleemoplosser" en ekspert van die kliënt se lewe te wees. [Efran et al 1988:34]. Sy moet steeds ook in gedagte hou dat sy haar eie persoonlike konstruksies het, wat mag verskil van die van die kliëntgesin en ook van ander professionele persone.

Taibbi gee die gerusstelling dat: "this means worrying less about following the chapter and verse of a particular theory and drawing instead upon your own creativity and flexibility. This is the key to good family therapy; utilizing your own strengths, style and values. Working with families in this way not only helps the family by giving them most of what you have to offer, namely, more of yourself, but in the long run keeps you energized and sane". [Taibbi 1996:4]

Terapie vanuit hierdie hoek word dus 'n dialoog of 'n gesprek rondom die gesamentlike verwagtinge van al die betrokke partye, insluitende die van die terapeut. Die rol van die terapeut kan aldus Kelly [Efran et al 1988:32] geherformuleer word as 'n *navorsingskonsultant*, omdat hy nie ingestel is om probleme op te los nie, maar om saam met die kliënt ondersoek in te stel na alternatiewe maniere om te lewe. Die belang van beide

partye se betrokkenheid en aanvaarding van volle verantwoordelikheid ten opsigte van die terapeutiese proses, al kan die uitkoms daarvan nie voorspel word nie, word ook beklemtoon.

McNamee en Gergen stel die voordeel van die “onseker” terapeut bo die “kundige” terapeut as volg: “.. the excitement for the therapist is in learning the uniqueness of each individual client’s narrative truth, the coherent truths in their storied lives. This means that therapists are always prejudiced by their experience, but that they must listen in such a way that their pre-experience does not close them to the full meaning of the client’s descriptions of their experience. This can only happen if the therapist approaches each clinical experience from **the position of not-knowing.**” [McNamee en Gergen 1992:30]

**Die inherente onsekerheidsbeginsel kom hier na vore.** Efran et al [1988:33] sê dat net soos ‘n kaptein van ‘n skip nie ‘n veilige reis vir sy passasiers kan waarborg nie, daar in die verloop van die terapeutiese gesprek geen waarborge vir die terapeut of die gesin is nie. **“No one knows for sure what adventure – for passengers and crew alike – lie beyond the bend of the river. One of the hazards of all “ conversation” , including therapy, is that you will never know exactly where it will end, and it is not altogether clear who is at the helm.”** [Efran et al 1988: 33]

Miermont, verwys na die **“onsekerheidsbeginsel”** as **‘n gegewe in gesinsterapie**. Hy is van mening dat dit nie moontlik is om die individuele patalogie van gesinslede en die dinamiek van die gesinsverhoudinge gelyktydig aan te spreek nie. Hy meen dat hier ‘n fundamentele onsekerheid is naamlik of die terapeut die individu in sy gesin moet behandel of hy eerder die gesin as verhoudingsstelsel moet behandel [Miermont 1987:432]. Alhoewel hy hierdie faset uitlig as fokus vir sy konstruksie van onsekerheid, is dit maar een konstruksie rondom die inherente onsekerheidsbeginsel, wat as ‘n gegewe aanvaar word, as ‘n inherente deel van menswees en dus ook van gesinsterapie. In die persoonsgesentreerde en sistemiese teorie

word daar egter juis beklemtoon dat die individu nie van sy konteks geskei kan word nie, wat ook die fokus is van hierdie navorsing. Terapeuties is dit juis van belang dat die konstruksie van die 'self' van die gesin, nie geskei word van die konstruksies en interaksie van sy individuele lede nie. Die uniekheid van elke gesinslid, die uniekheid van elke gesinsisteem en sy eiesoortige prosesse, bring met elke nuwe terapeutiese situasie, 'n unieke "onsekerheid" wat die terapeut op 'n unieke manier terapeuties kan aanspreek. Die beginsel van ekwifinaliteit is ook hier ter sprake, in die sin dat daar baie verskillende paaie kan wees na 'n geslaagde terapeutiese uitkoms. Dit bevestig weereens die basiese onsekerheid van die intervensies en die uitkoms, waarmee die terapeut moet deel in gesinsterapie. Locke et al [2001:188] bevestig dat verandering moeiliker voorspelbaar is in die gesinsisteem. Die verandering wat by 'n individu begin, affekteer die totale sisteem en andersom. Hierdie reaksie is nie voorspelbaar nie. Die beginsel van ekwifinaliteit word weereens bevestig.

Die onsekerheid in hierdie konteks verwys ook verder na die aflegging van die alwetende spesialismantel [die een wat al die antwoorde het] en die oopstelling en bereidwilligheid om die kliënt in die spesialisposisie te aanvaar. Die onsekerheid impliseer dat die terapeut gelei kan word deur die kliënt in die terapeutiese sisteem omdat die terapeut onkundig is waarheen om met die kliëntesisteem te gaan. Die terapeut gaan van die standpunt uit dat sy nie kennis dra van die kliëntgesin en sy afsonderlike lede se konstruksies rondom hulself, die ander gesinslede, hul probleem, hul siening en verwagtinge van terapie, die uitkoms van die terapie en hul verwagtinge rondom verandering, en ook nie van hulle stabiliteite nie. Die terapeut aanvaar dat sy dus "onseker" en onkundig is, en deur die kliënt se "sekerheid" gelei moet word, ten einde effektief terapeuties betrokke te wees.

Die onsekerheid van die terapeut ten opsigte van die terapie kan egter bly voortduur, omdat elke terapeutiese situasie weer uniek en eiesoortig is. Die terapeut kan dus eintlik onmoontlik seker wees van hoe die terapie gaan verloop, van hipoteses, van individuele reaksies en van

die dinamika van die gesinsisteem. Die uitgangspunt van sistemiese gesinsterapie **berus dan juis op hierdie benutting van die onbekendheid en die gesamentlike ontdekkingsproses deur die interaksieproses van die terapeut en kliëntesisteem.** Hoffman [McNamee & Gergen 1992:18] beskryf hierdie element van “onsekerheid” by die terapeut, as die van die “non-ekspert” terapeut. Die doelbewuste “onkundigheid” kan as doelloos en niksseggend voorkom, maar is nodig as die beginsel van die konstruering van ‘waarhede’ in samewerking met die gesin, gedurende die terapeutiese proses as uitgangspunt aanvaar word. Dit is die kennis wat in die terapeutiese interaksieproses gegeneer word en voortdurend verander en hernu word. Daarom kan daar nie eensydig deur die terapeut vooraf hipoteses oor die gesin gekonstrueer word nie en die terapeutiese sessies en detail beplan word nie. Daar word gesteun op die interaksionele proses om die hipoteses, idees, temas, stories en verloop van die gesprek te bepaal. **“The conversation, not the therapist is the author.”** [McNamee & Gergen 1992:18]

Dit is egter in teenstelling met die interpretasie van die terapeutiese proses deur vele ander sistemiese terapeute, waar die formulering van ‘n hipotese en beplanning van gesinssessies juis ‘n kardinale en rigtinggewende element vorm van die terapeutiese proses. Om maar net na ‘n enkele voorbeeld van Minuchin as ‘n strukturele gesinsterapeut, te verwys, waar die doelgerigtheid en aktiewe rol van die terapeut uitgelig word. “The scope of the family therapist and the techniques he uses to pursue his goals are determined by his theoretical framework. Structural therapy is a therapy of action. The tool of therapy is to modify the present, not to explore and interpret the past...The target of intervention in the present is the family system. The family therapist joins that system and then uses himself to transform it. By changing the position of the system’s members, he changes their subjective experiences”. [Minuchin 1974:14]. Dit dui op die aktiewe proses wat gevolg kan word in gesinsterapie, maar ook op die aansluiting allereers met die proses en raamwerk van die gesin, alvorens ‘n intervensie uitgevoer word. Volgens die navorser, moet daar dus weereens in gedagte gehou word dat

daar 'n kontinuum of pendulum effek tussen onsekerheid en sekerheid is waarbinne die terapeut en die gesin voortdurend verkeer, wat nie noodwendig negatief is nie, maar 'n gekonstrueerde realiteit is. Hiermee behoort die terapeut rekening te hou en dit mag daartoe bydrae om haar sensitief en op haar tone te hou vir die veranderende leefwêreld en persepsies van die gesin, van sessie tot sessie. Dit sluit egter nie gefokusde, beplande en veranderingsgerigte gesprek met die kliëntgesin uit nie.

Anderson en Goolishian, dui die belangrikheid aan van die gesprek in die terapeutiese sisteem en die gesamentlike konstruering van betekenis en begrip binne die sisteem. Die terapeut bevestig haar posisie dat sy nie weet nie – en dus onseker is, en erken dat sy en die kliënt deur die terapeutiese proses geleidelik sal word na 'n posisie van meer weet en meer sekerheid. Die klem is nie so sterk op verandering nie, maar eerder op die geleentheid vir gesprek en verkenning. [McNamee & Gergen 1992:26-28]

“This not-knowing position entails a general attitude or stance in which the therapist’s actions communicate an abundant, genuine curiosity. That is, the therapist’s actions and attitudes express a need to know more about what has been said, rather than convey preconceived opinions and expectations about the client, the problem, or what must be changed.” [McNamee & Gergen 1992:29] Die terapeut neem dus doelbewus 'n “onseker” posisie in, sodat hy deur die kliënt ingelig moet word oor wat in sy lewe aangaan – die kliënt se ervarings en interpretasie van sy situasie van gebeure, word geëksploreer. “Thus the process of interpretation, the struggle to understand in therapy, becomes collaborative.” [McNamee 1992:30]. Die terapeut en gesin konstrueer gesamentlik betekenis en verandering, maar die terapeut word gerig deur sy wetenskaplike kennis om die proses van verandering in werking te stel, te begelei en te versterk sodat die gesin dit as hul eie in stand sal hou. “This is the foundation of family therapy. The therapist joins the family with the goal of changing family organization in such a way that the family members’ experiences change. By facilitating the

use of alternative modalities of transactions among family members, the therapist makes use of the family matrix in the process of healing” [Minuchin 1974:13].

Die navorser as terapeut beleef dat die ervaring van onsekerheid nie noodwendig 'n gebrek aan kundigheid en ervaring impliseer nie, maar ook kan beteken dat die terapeut die gemaksones van haar bekende kennis en ervaring verlaat het ter wille van uitbreiding van kennis en ervaring en professionele groei. Die ondersoek en eksperimentering met nuwe teorieë en tegnieke in gesinsterapie verg waagmoed en kan blootstellend wees. Onsekerheid rondom die gebruik en eie vaardighede van spesifieke intervensies kan waarskynlik beleef word. Die vernuwing kan egter ook 'n opgewondenheid en groter openheid en verwagting rondom die terapeutiese veranderingsproses meebring .

In kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsing gedoen oor die persoonlike reaksie van 'n klein steekproef van 7 terapeute in opleiding [nie noodwendig gesinsterapie nie] waarvoor Williams en andere rapporteer [Williams et al 1997: 390-398], is daar gefokus op die ervaringe van die terapeute en hul supervisors tydens opleiding in terme van gevoelens van doeltreffendheid, selfvertroue in die gebruik van tegnieke, angstigtheid en teenoordrag. Die volgende gevoelens is deur terapeute gerapporteer:

- Angstigtheid en ongemaklikheid
- Afleibaar, afgetrokke en selfbewustheid
- Empaties en besorgd
- Gemaklik en tevrede
- Gefrustreerd en kwaad
- Ontoereikend en onseker

Die terapeute het almal 'n mate van onsekerheid of angstigtheid ervaar [alhoewel dit minder algemeen en minder gereeld voorgekom het, as van die ander gemelde gevoelens].



Voorbeelde van onsekerheid wat ervaar is, was tydens stiltes, terminasie of moeilike onderwerpe, kulturele verskille en 'n gevoel van oorweldiging deur die intensiteit van die kliënt se probleme [Williams et al 1997:394]. Behalwe hul eie gevoelens tydens sessies, het persoonlike faktore ook tot bekommernis en onsekerheid van die terapeute bygedra, naamlik rondom terapeutiese vaardighede en doeltreffendheid; die persepsie van die terapeutiese rol; die hantering van moeilike kliënte; die hantering van konflik binne die terapeutiese verhouding en ook van emosionele reaksies wat ten opsigte van 'n spesifieke kliënt ervaar word. Die meeste terapeute in opleiding het onsekerheid ervaar oor hoe om op die kliënt gefokus te bly, om op die gevoelens van die kliënt te konsentreer, hoe om terapie te beeëndig, hoe om 'n fokus saam met die kliënt te bepaal en ook frustrasie omdat hulle nie geweet het wat om altyd te sê of te doen nie, en veral ook om hul rol as terapeut te definieër [Williams et al 1997:395].

Alhoewel daar beide positiewe en negatiewe gevoelens ervaar is deur die terapeute in opleiding, is daar tog deurentyd groei en nuwe vaardighede aangeleer. [Williams et al 1997: 397]. Die waarde van **selfbewustheid en selfrefleksie en selfspraak van die terapeute** word beklemtoon. Die skrywers haal 'n studie van Nutt-Williams en Hill van 1996 aan waarin bevind is dat die selfspraak van die terapeut 'n groot invloed het op haar persepsie van haarself, van die kliënt en van die terapie. Veranderinge in selfspraak reflekteer in terapie. Die selfspraak rondom onsekerheid, in die sin of dit as 'n negatiewe of positiewe element beskou word, sal dus ook die terapeutiese proses beïnvloed. [Williams et al 1997:398].

Alhoewel die gevoel van onsekerheid meer prominent by slegs een persoon in hierdie steekproef was, is negatiewe gevoelens deurgaans deur al die terapeute in opleiding ervaar. "The trainees in this study often reported feeling comfortable, empathic, and caring in their counselling sessions, although they also had feelings of anxiety, frustration, inadequacy and distraction...**However, no one personal concern was reported by all or nearly all of the**

**trainees, which suggests that each trainee faced unique challenges in learning to be a therapist**". [Williams et al 1997:397].

In 'n studie oor die praktiese opleiding van gesinsterapeute, waaroor Helmeke en Prouty [2002:535] rapporteer, word verstaanbare verbale kommunikasie uitgeskakel, en moet die terapeut in opleiding staatmaak op nie-verbale kommunikasie. Wanneer die student onsekerheid ervaar en voel sy kan nie die "taal" van die kliënt verstaan nie, beveel Anderson en Galooshian juis aan dat die posisie van "onkunde" deur die terapeut ingeneem word. [Helmeke & Prouty 2002: 536] **"Experiencing this "not knowing" is a very important aspect of learning to provide respectful and creative therapy."** [Helmeke & Prouty 2002:539] Die "sekerhede" wat wegval het ook hier bepaalde voordele vir die terapeutiese proses. Die studente het geleer om baie minder staat te maak op hul aanvaarde aannames van gedeelde betekenis met die kliënt; hulle kon nie altyd die kliënt verstaan nie, en hulle was gevolglik meer nuuskierig en ook baie meer ingestel om seker te maak by die kliënt dat hul hipotese en aannames en afleidings korrek was.

**"Unlearning certainty, especially the assumption that we can easily understand someone else's words or experiences, can be difficult, but we think it is fundamental.** So much of connecting to another human being is about understanding and caring about each other. By decreasing their reliance on verbal language, therapists -in-training are provided an opportunity to discover that they have far more tools than they realized to be able to connect with other human beings". [Helmeke & Prouty 2002:542].

### **3.1.3 Herdefiniëring van Onsekerheid**

Die afleiding kan gemaak word dat onsekerheid verlamrend kan inwerk, maar ook nederigheid en nuuskierigheid kan bewerkstellig by terapeute.

Elke terapeut ken en konstrueer aspekte van haarself as terapeut en die terapeutiese proses op haar unieke manier. Ook die ervaring van onsekerheid, kry betekenis deur die konstruksie wat die terapeut daarvan maak. Hoe hierdie element van onsekerheid dus gedefiniëer word deur haarself en diegene betrokke in die terapeutiese omgewing sal in invloed hê op haar terapeutiese proses. "Constructivism proposes that we are substantially authors of our own destinies, but it is always in relation to others as a mutually constructed process" [Fisher 1991:14]

Die feit dat die terapeut slegs 'n ko-konstrueerder is in die terapeutiese sessie, dui juis op die inherente onsekerheid van die terapeutiese situasie. Die terapeut beheer nie die verloop van die sessie nie en daar is geen sekerhede wanneer die terapeut die terapeutiese sessie tegemoet gaan binne die konstruktivistiese filosofie nie. **Die onsekerheidselement is dus juis een sekerheid wat die terapeut het .**

Aldus Efran [1988:32] het George Kelly dit duidelik gestel dat hy as terapeut nie ingestel is om "probleme op te los" nie, maar om saam met die kliëntsisteem na ander moontlikhede van kyk na die werklikheid te eksploreer. " ..he was interested in co-investigating testable hypothesis about productive ways to live." Simptome in die kliëntesisteem sien hy as niks meer of minder as menslike vrae wat hul oorspronklike doel verloor het, maar steeds in gedrag hul uitdrukking vind. [Efran et al 1988:32] Hy het ook geglo dat die kliënt die vermoë het om alternatiewe maniere te vind om nuwe perspektiewe te vind in sy situasie. "Kelly, a constructivist par excellence, helped launch clients on a voyage of exploration. "[Efran et al 1988:32] Efran beklemtoon ook verder die gesamentlike verantwoordelikheid en verbintenis van die kliënt en die terapeut aan die terapeutiese verhouding, sonder dat hulle vooraf weet wat dit gaan inhoud en waarheen dit gaan lei.

Die belangrikheid van die medeverantwoordelikheid van die kliëntsisteem en die terapeut om verandering te bewerkstellig, word ook deur Nichols [1987: 62] beklemtoon: "Neither the therapist nor the client is responsible for change - both are." Die terapeut hoef dus nie akkurate diagnoses en meesterlike tegnieke aan te wend om verandering te bewerkstellig nie. Nichols [1987:62] beklemtoon dat die sukses van terapie egter ten dele afhang van die aard van die terapeutiese interaksieproses en of die kliënt hierdeur geïnspireer en aangemoedig kan word om te verander.

'n Waardevolle terapeutiese intervensie is volgens Efran et al [1988:28], een wat sy eie unieke waarhede genereer. Insteede dat die terapeut haar bekommer oor die akkuraatheid van 'n interpretasie, word dit meer belangrik dat 'n formulering of herformulering aansluiting vind by die gesin. Die bruikbaarheid van die konstruksies waartoe die terapeutiese sisteem kom, is van groter belang as die korrektheid daarvan. Dit is nie iets wat vooraf beplan of beheer kan word nie en waaroor die terapeut seker kan wees nie. Dit ontwikkel juis in samewerking met die unieke kliëntesisteem, in ooreenstemming met hul waardesisteem en verwysingsraamwerk. Die primêre verwagting in gesinsterapie is dat die terapeut persoonsgesentreerd en kreatief met die gesin te werk gaan en haar reeds geïntegreerde terapeutiese vaardighede gebruik om die gesin se leefwêreld te betree. Deur nuwe bruikbare alternatiewe gesamentlik te ontwikkel, word die gesin gelanseer op 'n ontdekkingsreis, soos Kelly tereg sê. Indien die terapeut te seker is van haar eie vaardighede en kennis, interpretasies en oplossings vir die gesin, kan dit nadelig inwerk op die terapie. Die ervaring van onsekerheid met terapie kan die terapeut aanmoedig om skerper op die kliëntgesin ingestel te wees, om sodoende te verseker om gepas met die gesin terapeuties om te gaan. Indien die terapeut die element van onsekerheid herken en erken, kan dit bydra daartoe dat die terapeut daardeur meer op die kliëntgesin konsentreer om die rigting, pas en groei van die terapie aan te dui. Dit stem ooreen met die persoonsgesentreerde en konstruktivistiese terapeutiese benadering.

Onsekerheid kan herdefiniër word as 'n voordelige en uiters bruikbare eienskap vir die konstruktivisties persoonsgesentreerde benadering tot gesinsterapie, aangesien dit die terapeut nie alleen meer sensitief en oop laat vir die uniekheid van elke nuwe gesin nie, maar ook meer deernis en begrip gee vir die gesin se onsekerheid in die verband.

Die realiteit van die gesin word in 'n sin herskep op 'n manier wat by hul stabiliteite aansluit, deur die selektiewe waarneming en konstruksies van die terapeut en die gesin van hierdie realiteit.

## **HOOFSTUK VIER**

### **WAARNEMING TYDENS DIE NAVORSING**

#### **4.1 AGTERGROND**

Navorsingsinligting is versamel vir hierdie gevallestudie deur die volgende prosesse:

- Die hou van 'n dagboek van die navorser as terapeut se reflektoring ten opsigte van die leerproses in die twee jaar tydens die teoretiese en praktiese kursusse in die magister studies. Dit het groepsupervisie, besprekingsklasse, rollespel, referate en geleentheid tot integrasie van die teorie in praktiese werk met gesinne, ingesluit.
- Die hantering van 'n gesin in ses gesinsterapie-sessies, volgens persoonsgesentreerde en sistemiese beginsels, terwyl medestudente en die supervisor agter 'n eenrigting-glas waarneem, en in telefoniese verbinding met navorser/terapeut is, om insette te kan lewer.
- Die dokumentering van die verloop van hierdie gesinsterapie-sessies deur video-opnames en prosesnotas.

#### **4.2 AGTERGROND VAN DIE GESIN WAT DEEL WAS VAN DIE GEVALLESTUDIE**

Name en feite is vir vertroulikheidsdoeleindes verander, sonder om aan die waarde en terapeutiese interaksie, afbreuk te doen. Die gesin was Engelsprekend en dus sal transkripsiegedeeltes wat aangehaal word noodwendig in Engels wees. Daar word na die gesin as die "Pikkewyn"-gesin verwys na aanleiding van die metafoer wat in die terapeutiese proses saam met die gesin ontwikkel het. In hierdie konteks word ook met die term "terapeut" na die navorser verwys.

Die Pikkewyn-gesin is saamgestel uit 'n moeder, Dee [35 jr], dogter, Natalie [18 jr] en jonger dogter, Anne [12 jr]. Hulle bewoon 'n huurhuis met drie slaapkamers. Saam met hulle woon Dan [37 jr], aanvanklik 'n loseerder en nou saamleefmaat van Natalie.

Vandat Dee se moeder, Claire, by wie die gesin ingewoon het, drie jaar tevore vermoor is, het die gesin se situasie stelselmatig versleg. Claire het 'n redelike pensioen ontvang van haar oorlede man, en soms ook hulp van haar meer welgestelde familie. Hierdie geld het egter ook vir Dee, wat nog nooit buitenshuis gewerk het nie, en haar twee buite-egtelike kinders onderhou. Die pensioen het na Claire se dood verval en daar was geen erfporsie nie. Nie alleen moes hulle die groot trauma rondom Claire se gewelddadige dood verwerk nie, maar is hulle ook blootgestel aan die uitgerekte ondersoekproses, hofprosedure en ook die publisiteit. Die gesin het traumaberading ontvang en is aanvanklik deur Claire se welgestelde familielede besoek en ondersteun. Die aandag en steun het geleidelik verminder en so ook het die finansiële hulp opgedroog.

Dit was ongeveer 'n jaar na die moord wat Natalie begin het om gedragsprobleme te openbaar. Sy het geweier om skool toe te gaan, en het ongewenste vriende, [volgens haar ma se konstruksie] gehad. Deur bemiddeling van 'n kerklike welsynsorganisasie, wat reeds betrokke was met materiële hulpverlening, is Natalie na 'n nywerheidskool gestuur, waarna sy gestabiliseer het en vir die volgende twee jaar goed presteer het op skool. Sy versoek om haar matriek met 'n korrespondensie-kursus te voltooi om sodoende weer met haar gesin verenig te word. Dit word toegestaan, waarna sy terugtrek huis toe. Intussen het die moeder Dee vir Dan, 'n getroude pa van twee kinders, wat vervreemd is van sy vrou en kinders as 'n losseerder ingeneem om die gesin se inkomste aan te vul. Natalie en Anne deel aanvanklik 'n kamer, maar dit was nie te lank nie of Dan en Natalie raak betrokke in 'n verhouding en Natalie trek in Dan se kamer in. Dan werk, maar moet sy vrou en twee kinders, wat elders in die nabye omgewing woon, ook onderhou. Hy betaal nie meer sy losies [wat vir Dee 'n

lewensnoodsaaklike bron van inkomste is], gereeld nie. Verder word Natalie se gedrag gaandeweg meer onaanvaarbaar vir Dee. Natalie weier om enige huistake te verrig en spandeer haar tyd agter 'n toe deur by Dan in sy kamer. Dee en Natalie baklei oor huishoudelike pligte, maar veral oor geld. Dee is ongelukkig dat sy steeds vir Natalie moet voorsien van kos, klere, sigarette, en boonop nog verwyrt word indien dit nie na Natalie se smaak geskied nie. Daarenteen weier Natalie om skottelgoed te was, vir iemand anders kos of koffie te maak en speel haar musiek so hard dat dit vir die res van die gesin steurend is. Sy het ook haar studies, waarvoor die wegestelde familie van Claire betaal het, gestaak.

Om verder by te dra tot die probleme, het Anne verander van Mamma Dee se steunpilaar, na 'n moeilike en onbeheerbare tiener. Sy weier om skool toe te gaan. Ten tye van die eerste sessie, ses maande in die skooljaar in, was sy al 43 dae afwesig van die skool. Die probleem het aanvanklik begin omdat sy nie die regte skooldrag gehad het, en deur die onderwysers afgeransel is. Daarna was daar vervoerprobleme en kon sy nie altyd by die skool uitkom nie. 'n Onderwyseres het aangebied om haar te kom oplaai, maar Anne weier om saam met die betrokke onderwyseres te ry. Natalie en Anne se daaglikse struwelinge oor beuselagtighede is ook vir Ma Dee 'n groot kopseer.

Dee is desperaat en weet nie meer wat om te doen nie en klop weer aan by die maatskaplike werker, Me. Campbell, van die kerklike welsynsorganisasie, wat reeds 'n geruime tyd dienste lewer ten opsigte van die gesin. Die organisasie wil die moeder Dee bemagtig deur haar na 'n woonstel in 'n sub-ekonomiese gedeelte van die stad te verskuif, waar haar verblyfskoste minimaal sal wees. Verder is die beplanning om Anne deur middel van 'n kinderhofbevel te verplig om skool toe te gaan of haar te verwyder na 'n nywerheidskool. Natalie en die vriend Dan sal dan verplig word om hul eie potjie te krap. Die gedagte was om die moeder Dee, wat nog nooit buitenshuis gewerk het nie, by te staan om dan 'n werk te bekom.



Nie een van die gesinslede was egter te vinde vir hierdie reëling nie. Dee wil nie die huis verlaat waar haar ma en sy vir 10 jaar gebly het nie. Sy het boonop drie groot honde, vyf katte, 'n eend en 'n paar hoenders, op die werf, waarvan sy nie kans sien om afstand te doen as sy na die woonstel moet trek nie. Die twee dogters is ook baie lief vir die diere, en wil nie afstand doen van hulle nie. Anne sê dat sy sal wegloop as hulle moet trek en dat sy nie na die ander "snob" skool sal gaan nie. Natalie beskuldig haar ma dat sy altyd na die "welfare" toe hardloop, en dat sy vir Anne moet vasvat. Dee ervaar dat sy nie beheer oor een van haar dogters het nie. Sy ervaar magteloosheid en is nie in staat om enige stappe te neem, om vorentoe te beweeg nie. As 'n alternatief is sy bereid om saam met haar gesin in te skakel vir terapie by Unisa wat die geleentheid bied vir hierdie studie.

### **4.3 DIE LEERERVARING RONDOM DIE GEBRUIK VAN ONSEKERHEID TYDENS DIE EERSTE GESINSTERAPIESESSIE**

#### **4.3.1 Voor gesinsterapie-sessies**

Die intervensies wat gedoen is voor die gesinsterapie-sessies by Unisa, was op die afsonderlike individue in die gesin gerig, en alhoewel almal ingesluit is, was die kommunikasie hoofsaaklik deur en met die moeder Dee gedoen. Hierdie insette het, sover vasgestel kon word hoofsaaklik op eerste-orde vlak geskied. Verdere insette wat gerig was op omgewingsmanipulasie, het gevloei uit die welsynsorganisasie se definiëring ten opsigte van die gesin se "ideale" funksionering. Die reaksie van die lede van die Pikkewyn-gesin is dikwels deur die navorser as terapeut in die maatskaplike werk veld ervaar. Die gevoel van vasgeval en moedeloos wees met 'n gesin wat nie wil reageer op die eerste-orde tipe insette nie, was bekend. Dit was juis die geleentheid om die moontlikheid van tweede-orde intervensies met hierdie gesin te toets. Die begrip van die kubernetiese prosesse in die gesin en ook die versoek van al die lede van die Pikkewyn-gesin om verandering, maar ook vir die behoud van

hul stabiliteite, het die toetrede tot die gesinterapie met hierdie gesin in 'n geheel ander lig geplaas.

#### **4.3.2 Die verloop van die eerste sessie**

##### **4.3.2.1 Die teenwoordigheid van die “vertroude terapeut” van die gesin - die vashou aan stabiliteit en ontkenning van onsekerheid**

Die eerste sessie is gesamentlik deur me Campbell en die terapeut hanteer. Die moeder Dee en jongste dogter Anne, het saam met me Campbell na Unisa gekom. Die sessie is gebruik om verhoudinge op te bou en die gesin aan die nuwe situasie bloot te stel.

Terapeut was werklik baie angstig en onseker in die nuwe situasie. Die teenwoordigheid van me Campbell waarmee die gesin reeds 'n jarelange vertrouensverhouding opgebou het, het dit beide vergemaklik en vergemoeilik. Me Campbell was die maatskaplike werker van die gesin wat reeds 'n pad met die kliëntgesin geloop het. Sy het die gesin gemotiveer om in te skakel vir terapie by die Departement Maatskaplike Werk by Unisa. Aan die een kant was dit gerusstellend om haar daar te hê, om die gesprek te inisiëer en te laat vloei. Aan die ander kant was dit juis 'n bedreiging, omdat die gesin haar ken binne die tradisionele raamwerk van hulpverlening by 'n gesinsorgsituasie. Die terapeutiese pad was vir hulle binne hul verhouding dus bekend en voorspelbaar. Volgens die terapeut se punktuasie, het dit haar as 'n buitestaander, in 'n bestaande terapeutiese sisteem ingebring, maar ook een wat veronderstel was om 'n besondere terapeutiese kragtoer uit te voer. Dit het 'n gevoel van verwagting en druk geskep en die terapeut se onsekerheidservaring rondom die kongruente toepassing van die nuwe terapeutiese toerusting aansienlik verhoog.

Die terapeut het aanvanklik op me Campbell gesteun om die proses in te lei en is daar ook baie op die inhoudelike van die probleme en minder op die proses in die gesin gekonsentreer. Dit was meer uit die feit dat die navorser as terapeut onseker was oor presies waar en hoe om te begin en wat om te sê, maar in refleksie besef navorser dat dit juis 'n aansluiting was by haar, sowel as me Campbell en die Pikkewyngesin se stabiliteit – dit was die “bekendste” plek vir almal om te begin. Die onsekerheid in hierdie hele konteks het die terapeut genoop om die gesinsproses en die kommunikasie wat hoofsaaklik deur die moeder Dee, gelei is, te volg. Dit het bygedra dat daar primêr gepraat is oor die moeder se probleem met Natalie. In terme van die terapeut se vorige punktuasie, sou die probleem van Anne se skoolafwesigheid van primêre belang wees en voorkeur aandag gekry het.

'n Uittreksel uit die prosesnotas van die eerste sessie illustreer die terapeutiese ambivalensie wat die terapeut ervaar het, en wat tot die gevoel van onsekerheid bygedra het..

*In hierdie onderhoud is mev Campbell ook teenwoordig aangesien sy en die gesin aan mekaar bekend is - dit is om aan te sluit by die stabiliteit van die gesin.*

*In die eerste onderhoud met die gesin is die terapeutiese gesprek gedeel deur my en me Campbell, maar sy het aanvanklik die gesprek hanteer.*

In refleksie, was dit in kongruensie met terapeut se onsekerheidstabiliteite, wat toe nog nie gesimboliseer en geverbaliseer was nie. Die fokus was op die feitelike aspekte en die “probleemdefiniëring” van die gesin, met die sisteemteorie vêr in die agtergrond. Die prosesnotas van die terapeut reflekteer dikwels die positivistiese “sekerhede” van beide die terapeute en die gesin.

*Dogter Natalie is tans die probleem. Sy bly saam met die vriend, in haar ma Dee se huis. Sy is lui en help nie in die huis nie. Sy gee ook nie aandag aan haar studies nie. Sy is onaangenaam teenoor Dee en Anne. Sy is 'n finansiële las vir die ma en die ma wil haar 'n les leer.*

*Alhoewel die aanmeldingsprobleem eintlik is dat Anne nie skool toe gaan nie, blyk dit gou in die onderhoud die moeder Dee ervaar dat Natalie, die oudste dogter die probleemdraer is. Sy het 'n vriend wat by hulle ingetrek het sonder om losies te betaal. Natalie is verder lui en wil nie help met die huiswerk of aandag aan haar studies gee nie. Sy is onaangenaam en onbeskof in haar optrede met haar ma en suster. Alhoewel Anne nie skool toe gaan nie, help sy haar ma en ondersteun haar baie. Die twee susters is egter voortdurend in konflik gewikkel. Die moeder is moedeloos en radeloos. Verder weier Natalie ook om saam na Unisa te kom.*

*Die terapeut en me Campbell fokus die gesprek op Anne se weiering om skool toe te gaan, uit die aard van die aangemelde "probleem".*

*Daar word navraag gedoen oor die "veroorsakende faktore" wat aanleiding gee dat Anne nie skool toe gaan nie. Anne brei uit oor die onderwysers se optrede wat vir haar onaanvaarbaar is. Die gesprek swaai egter baie vinnig na die ander dogter, Natalie, wat nie teenwoordig is by die sessie nie. Baie inligting word gedeel en die volgende "probleemareas" word bespreek :*

- o Die ernstige finansiële nood van die gesin*
- o Natalie se onbegrip vir die nood en haar onbetrokkenheid en gebrek aan steun aan die res van die gesin, deur die ander partye gedefiniëer as haar "luiheid".*
- o Die voortdurende bakleiery tussen Anne en Natalie*
- o Die probleem om die versorging van die huis en die verdeling van take tussen die gesinslede*

- *Anne se weiering om skool te besoek*
- *Natalie se traagheid om haar opleiding te voltooi en/of te gaan werk*

Die identifisering van probleemareas is, volgens die terapeut se ou positivistiese diagnostiese stabiliteit steeds noodsaaklik en belangrik. Sy regverdig dit wel, deur te konstrueer dat sy 'n andersoortige fokus het, waar die probleembepaling as basis dien om vas te stel watter gedrag van die sisteem hierdie probleem instand hou, om sodoende doelwitte en intervensies te kan konstrueer. Die eerste sessie was hoofsaaklik hierop gerig. Vanweë die opleidingsituasie en indringende vrae vanaf die supervisor en die span medestudente tydens en na die sessie, word terapeut wel ook gehelp om nie by die feitelike detail van die probleme te bly nie, maar om te reflekteer oor die gedrag van die gesinslede wat moontlik bydra om die probleme in stand te hou. Daar word ook gefokus om die gegewe inligting te groepeer en temas te ontwikkel, sodat die terapeut, maar ook die gesin uiteindelik en primêr, 'n greep [denkgreep] op die situasie kan kry. Alhoewel aanvanklik 'n baie moeilike denksprong, word daar dan die volgende temas geïdentifiseer:

- 'n Tema van geweldige verliese en tekort oor 'n lang tyd
- 'n Tema van verwarring, konflik, frustrasie en magteloosheid

In spanverband word besluit om die herhalend geverbaliseerde frustrasie van die moeder in haar hantering van die twee dogters se konflik te herdefiniëer as 'n vorm van "liefde, omgee en beskerming". Die metafoer van 'n moeder arend wat haar kinders in 'n nes versorg, word gebruik om konsep van "caring" aan die gesin voor te stel.

Ten spyte dus van die gevoel van onsekerheid tydens hierdie oorgangsproses, gebruik die terapeut die insette van die supervisor tydens die sessie en volg die geslaagde herdefiniëring van die voortdurende konflik, as "caring".

Die gebruik van 'n metafoor van die arend volg as 'n verdere herdefiniëring van die gesinsinteraksie. Die ma–arend met die twee voëlkinders wat weggaan en weer terugkom. Die proses van uit die nes uitskop en weer vang word uitgelig en veral dat die ma dit nie oor haar hart kan kry om die oudste voël uit te skop nie. Die gesin word huis toe gestuur met die boodskap dat hulle eintlik, ten spyte van al die konflik, baie lief is vir mekaar en op daardie manier uitdrukking gee aan hul behoefte om mekaar te versorg en te beskerm. Die gesin identifiseer baie goed met hierdie herdefiniëring, en ook met die huiswerk, wat met behulp van die supervisor en span opgestel word: Die gesin word gehelp om bewus te word van die gesinsproses en die patrone van interaksie. Hulle moet let daarop wanneer hulle met mekaar begin baklei, op watter wyse en vir wie hulle elkeen daardeur “beskerm” en “versorg”. Verder word hul kreatiewe potensiaal wat nou reeds na vore gekom het, beklemtoon en benut wanneer elke gesinslid versoek word om vir die volgende sessie voor te berei deur op 'n kreatiewe manier te verduidelik wat in hul gesin aangaan. Dit is dan vir die terapeut en die gesinslede 'n “eerste” om bewus te word van die prosesmatige in plek van die inhoudelike detail.

Dit wil voorkom of die onsekerheid van die terapeut tydens en rondom die hantering van die verloop van die sessie, nie deur die gesinslede negatief ervaar is nie, aangesien hulle beide deurentyd deelgeneem het aan die gesprek. Veral die moeder, maar ook Anne het gereageer en meegedoen aan die metaforiese gesprek. Dit was, sover vasgestel kon word, na hul jarelange ervaring met die welsynsistiem, inderdaad vir hulle “difference” en dus moontlik 'n alternatiewe en betekenisvolle wyse om na hul probleemsituasie en mekaar te kyk.

#### **4.3.2.2 Die opleidingskonteks en die druk om te begin verander – die erkenning van onsekerheid**

Die gevoel van geblokkeerdheid was so immobiliserend vir die terapeut ten tye van die aanvang van die gesinsessies, dat dit tot 'n *reflekteringsproses* gelei het. In ooreenstemming met die terapeut se positivistiese en liniêre paradigma, wat op daardie stadium nog haar stabiliteit was, moes sy die “oorsake” van die probleem opspoor en uit die weg ruim. In refleksie kan die terapeut se onsekerheid wat ervaar is verstaan word, as dat die terapeut die teoretiese kennis “gehoor” het, maar dit nog nie “geglo” het nie, en nog minder geïntegreer het. Ook hier was dit 'n geval van “ek wil verander, maar gee my asseblief my bekende manier van terapie terug, al weet ek dit werk nie eintlik nie.”

Die terapeut het gevoel soos 'n reisiger wat sonder kompas en stuurwiel die boot op die gevaarlike see na veiligheid moet stuur. Aanvanklik was die gevoel altyd daar dat sy op die verkeerde pad is met die gesin. Sy het hulpeloos en al hoe onsekerder gevoel sonder haar veilige roeispans van inhoudsvrae en probleemoplossings. Sy wou so graag moontlik oplossings en alternatiewe bespreek, planne van aksie uitwerk saam met die gesin, en het gevoel dat hierdie “gesaamvloeiery” met die proses van die gesin net 'n geronddobbery is op 'n baie bedreigende oseaan. Dit het haar baie skuldig laat voel teenoor die gesin, en laat voel dat sy hulle moontlik misbruik om haar eie studiedoelwitte te bereik. Die gevoel van valsheid en inkongruensie wat die terapeut ervaar het, het noodwendig 'n invloed gehad op haar spontaniteit en selfvertroue in die onderhoud. Dit kon ook in die lyftaal van die terapeut in die video opname waargeneem word.

Uit die opmerkings in haar dagboek in daardie tyd, kom die bedreiging van die terapeut se stabiliteit deur die “vreemde” materiaal steeds na vore. Na 'n jaar se teoretiese blootstelling, was die konstruktivistiese en persoonsgesentreerde inhouds nog geensinds geïntegreer as

deel van haar terapeutiese toerusting nie. Dit was baie vreemd en ongemaklik en het baie geforseerd en kunsmatig gevoel om te gebruik. Die natuurlike geneigdheid was om maar steeds op die inhoudelike te konsentreer van wat die gesinslede gee en probleemoplossend te dink, maar met die volle wete dat dit “verkeerd” was. Wat “korrek” [volgens die positivistiese paradigma] sou wees in die opleidingskonteks was egter nie vir die terapeut heeltemal duidelik nie. ‘n Aantekening uit terapeut se dagboek in hierdie tyd van ‘n medestudent se kommentaar tydens ‘n groepbespreking, is sprekend van die oorgangservaringe van die terapeut: *“We are still in the process of metamorphosis, the leaving behind of stabilities - asking content questions, is playing it safe for me and keeping to old stabilities.”* Dit het doelbewuste inspanning geverg van die terapeut, en ook die aanmoediging en hulp van die span agter die glas, om steeds elke keer wèer te fokus op die sistemiese prosesse in die gesin asook in die gesinsterapie-sessie, en die gesprek weg te lei van die feitelike detail van die probleme, wat weereens almal teenwoordig in die sessie se stabiliteit was. Die terapeut het die gebruik van tweede-orde tegnieke as geforseerd en onnatuurlik ervaar, maar het tog probeer om dit te implimenter om sodoende ‘n andersoortige ervaring vir die gesin en die terapeut self te skep. Daar is gaandeweg meer ge-eksperimenteer met die tegnieke en verder ge-eksplorieer om ‘n prentjie te kry van die interaksiepatrone binne die gesin.

Die terapeut het wel doelbewus gelet op die verloop van die proses tydens die onderhoud. Die spraaksamheid van die ma van die gesin en haar gemaklikheid binne die terapie het bygedra tot ‘n redelike vloeiende kommunikasieproses. Die terapeut en kliënt kon verder aansluiting vind bymekaar deur gedeelde belangstelling in konstruksies oor kuns en diere. Die terapeut kon tot die kliënt se leefwêreld toetree en het die waarde van die belewenis van een faset van haar eie kongruensie en opregtheid in die terapeutiese sisteem ervaar. Sy het in ooreenstemming met haar eie menswees te midde van die onsekerheid daarin geslaag om aansluiting met die gesin te vind, en die basis vir die gesinsterapeutiese proses te lê. Die werking van die sistemiese prosesse in terme van die ma se “baie” praat en Anne se “baie



minder” praat asook die “teenwoordigheid” van Natalie ten spyte, en moontlik *juis* as gevolg van haar afwesigheid, was deel van die waarneming waarvan die terapeut bewus geword het. In refleksie voel die terapeut aanvanklik onbevredigd en ook ‘n bietjie “vals”. Die herdefiniëring van die konflik na ‘n “wyse van omgee”, was nie kongruent met haar eie siening nie, en is deur haar as “oneerlik” gepunktueer. Sy het skuldig hieroor gevoel teenoor die gesin. Sy sou graag die probleem van Anne se weiering om skool toe te gaan op ‘n eerste orde vlak wou hanteer en “voel” dat sy die gesin nou regtig gehelp het. Haar punktuasie van “hulp” was dat Anne skool toe sou begin gaan – ‘n eerste-orde intervensie. Die terapeut kon op daardie stadium nie die waarde van die tweede-orde intervensie insien nie en het haarself afgevra of sy miskien net nie “goed genoeg” was nie, om hierdie ingewikkelde prosesse van sistemiese gesinsterapie ooit te bemeester. In latere refleksie het die sinvolheid van die gebeure ten spyte van die terapeut se ervaring van onsekerheid of dit “korrek” sou wees, eers vir terapeut as navorser duidelik geword.

Die feit dat daar heelwat raakpunte was tussen terapeut en die gesin, soos diere en kuns, het meegewerk om dit ook ‘n persoonsgesentreerde sessie te maak, met ‘n redelike mate van warmte en opregtheid, die ongewone opleidingsituasie ten spyte.

Die onsekerheid en angstigheid wat die terapeut ervaar het om te begin met die eerste terapeutiese sessie, het haar gedwing om kennis te neem daarvan. Die “diagnose” van die “probleem” is deur die terapeut self gemaak – sy was nie seker hoe om die gesinsterapie te doen nie.

Die paradigmaskuif in die terapeutiese benadering van ‘n individuele psigo-analitiese en diagnosiese mediese raamwerk, na die meer persoonsgesentreerde en sistemiese gesinsterapeutiese benadering, was nog in proses. Sy het nie meer die stabiliteit en geborgendheid van haar ou denkraamwerk ervaar nie, maar die leemte was nog nie met ‘n

nuwe stabiliteit gevul nie, en dit het haar onseker gelaat. Dit was soos 'n ambagsman voor die werksbank, wat sy vertroude gereedskapskis by die huis vergeet het, en nou met iemand anders se onbekende instrumente iets besonders, ten aanskoue van sy voorman en medewerkers, moet vervaardig.

#### **4.3.2.3 'n Refleksie oor onsekerheid van die terapeut**

Hierna kom die ontledingsproses – die selfbevraagtekening van die navorser as terapeut. Wat is aan die gang? Wat is fout met my? Die moontlike bydraende faktore tot haar onsekerheid is as volg gelys:

- Die onbekendheid en verwarring rondom die redelik ongestruktureerde proses [volgens terapeut se punktuasie] van die nagraadse opleidingsituasie
- Die betreklike onbekendheid van die studente en die dosente vir die terapeut. Die terapeut het nie een van die studente of dosente geken voordat die opleiding begin het nie, en was ook vir 'n tydperk van tien jaar nie deel van die professionele maatskaplike werk diensveld nie. Die res van die groep was almal aktief in die veld en ook bekend aan mekaar.
- Die onbekendheid van die verskeidenheid paradigmas en teorieë waaraan die terapeut blootgestel is. Die verskuiwing van 'n positivistiese na 'n konstruktivistiese verwysingsraamwerk, van individuele na sistemiese terapie, en die bemeesting van 'n magdom nuwe begrippe en terminologieë soos konstruksies, sirkulariteit, herdefiniëring, ekwifinaliteit, paradoks, ensomeer.
- Die oënskynlike teenstrydige aspekte van die persoonsgesentreerde en die verskeidenheid van sistemiese benaderings, van sirkulariteit en van eerste- en tweede orde kubernetika.
- Die beklemtoning van aktiewe en kreatiewe gesinsterapeutiese intervensies.

- Die positivistiese en moralistiese paradigma wat nog haar stabiliteit was, het haar genoodsaak om die onsekerheid wat sy ervaar het as “nie goed nie” te etiketteer. In die Bybel staan dat: “For being as he is a man of two minds, hesitating, dubious, irresolute, he is unstable and unreliable and uncertain about everything he thinks, feels, decides.” [Amplified Bible 1987:1444]. Dit impliseer dus ook ‘n waardebevestiging wat gevestig word aan dit wat gedefinieer word. Die persoonlike waardesisteem en wewysingraamwerk van die terapeut sal dus die spesifieke negatiewe definiering bepaal.
- Die terapeut se geloofskonstruksies was vir ‘n geruime tyd in die studietydperk ‘n struikelblok om die paradigmaskuif te maak. Die veranderingsproses het haar geloofstabiliteite bevraagteken en uitgedaag. Ten einde vrede te kry om die paradigmaskuif te integreer sonder om haar eie geloofsoortuiging te versak, het ook ‘n proses van onsekerheid ten opsigte van waardes ontken.

Daar was fasette van die onsekerheid van die terapeut wat met die proses van refleksie, tussen die terapie sessies duideliker geword het:

- onsekerheid binne die terapeut as mens wat ‘n buitestander gevoel het in die sisteem
- onsekerheid oor die blootstelling voor ander studente en die supervisor by wie sy nie veilig gevoel het nie vanweë die feit dat hulle haar krities moet waarneem tydens die terapeutiese sessies en moet beoordeel
- onsekerheid geskep deur interne druk tot prestasie en erkenning en die vrees om nie hieraan te kan voldoen nie
- onsekerheid wat kom uit haar ou paradigma rondom oplossings wat aan die gesin gebied moet word om hulle funksionering “beter te maak”
- onsekerheid spruitende uit die feit dat sy nog nie die paradigmaskuif voltooi het nie, en ook nog nie die andersoortige teorie met haar bestaande teoretiese raamwerk geïntegreer het nie

- onsekerheid wat terapeut teenoor die kliëntgesin ervaar het, omrede sy verantwoordelik gevoel het vir hul “herstel” en bang was vir die moontlikheid om hulle skade te berokken in die “leerkurwe” om die gesinsterapeutiese proses te bemeester

### **4.3.3 Verdere sessies**

#### **4.3.3.1 Die groei-ervaring in die toepassing van tweede-orde kubernetiese intervensies te midde van onsekerheid**

Tydens die tweede sessie het Natalie weer nie gekom nie, en was die moeder Dee, Anne en die terapeut teenwoordig. Die terapeut en die Pikkewyngesin was meer gemaklik met mekaar en die onsekerheid by al die partye was aansienlik minder.

Die terapeut het egter haar eie vermoëns om “intelligent” en kreatief met die sistemiese prosesse van die gesin om te gaan, nog steeds bevraagteken. Sy was nie toegelaat in terme van die “nuwe” benadering om ‘n plan van aksie uit te werk vir die gesin nie en mog nie fokus op die “probleme” wat sy as belangrik beskou het nie en wat so dringend opgelos moes word nie. Sy wou so graag “intelligent, kundig en in beheer en seker” voorkom [vir die res van die span en die gesin], en het weereens die druk van “sukses” en “resultate” ervaar. Haar konstruksie was: “Hierdie gesin kom 60 kilometer vêr om by Unisa [deur mense wat veronderstel is om baie slim te wees], gehelp te word, en **ek** is die een wat iets manjefieks moet laat gebeur.” In refleksie het die terapeut as navorser besef dat dit steeds die positivistiese stabiliteite binne in haarself was, wat so ‘n sterk innerlike druk op haar geplaas het, en haar angstig en onseker gemaak het.

Die waarneming van onsekerheid van die terapeut is deur haar as ‘n probleem gepunktueer, tot so mate dat dit ‘n gevoel geskep het dat sy nie in staat was om met die opleidingsproses

voort te gaan nie. Hierdie intense ervaring en die bewuswording daarvan was die motivering tot die navorsingsproses.

In die tweede sessie, word die terapeut verras deur die moeite wat die gesinslede met hul huiswerk gedoen het. In teenstelling met haar konstruksie dat die vorige sessie “min” waarde vir hulle kon gehad het, het hulle nie alleen met groot moeite vir die sessie opgedaag nie, maar ook hulle entoesiastiese samewerking gegee met die huiswerk. Die terapeut het haarself verwonderd afge vra of dit dan die effek van die andersoortige benadering is? “Information is a difference?”

Die fokus van die huiswerk was om die gesinslede hierdeur bewus te maak van die interaksieproses en die patrone in hulle gesin. Anne het op kreatiewe wyse die gesin se dinamika wiskundig verduidelik. Sy verduidelik die “Bodman-rule” en sê dat in hulle gesin die “hakies” Natalie verteenwoordig, wat altyd *eerste* kom, terwyl sy en haar ma *laaste* kom. Die supervisor sluit daarby aan deur terapeut aan te moedig om met die wiskunde metafoor te vloei en sodoende op die **proses** te bly fokus en nie weer in die **feite** verstrengel te raak nie.

*Anne: Mom is sort of at the end..she does not know what to do Natalie gets away with everything since she came back.*

*Therapist: When Natalie was away .. was she subtracted ? Who came first then?*

*Anne: All came first then ... we were like ‘together..’*

*Therapist.. and when she was in school was she then in brackets?*

*Anne: .....[bly stil]*

Die terapeut was op daardie stadium onseker hoe om die tema verder te ontwikkel en vir Anne was dit ook moeilik om verder uit te brei daarop. Die tema van besorgdheid en versorging en die voël-metafoor is verder deur die moeder ontwikkel deurdat sy ‘n prent van ‘n

pikkewyngesin saamgebring het. Sy herdefiniëer hul gesin as 'n gesin van pikkewyne en meld dat pikkewyne vir haar nog altyd na an die hart lê.

*Therapist: How do you see it Dee?*

*Dee: Ja...Natalie sort of have a way to always get the better part..[bly onseker stil]*

*Therapist: Would you like to share what you created at home to explain what is going on in the family? Maybe it can give some more light on this?*

*Dee:[haal 'n tydskrifuitknipsel uit van drie pikkewyne en verduidelik watter een elkeen van die gesin is] This is me, this is the pecking Natalie and this little fluffy is Anne. Sorry – I didn't get around to get paint it – but I just thought about the eagles that we spoke about.. and I thought that we are not actually like eagles – more like penguins... I LOVE penguins!!*

*Therapist: This is so special...tell me more about the penguins..*

*Dee: The penguins are actually getting to big for one nest. The older penguin of the young one's is shuffling around a lot...they don't have space...they peck each other..the little one, Fluffy, wants to go out of the nest, but she needs to have stronger feathers...*

*Therapist: You don't want her to go out of the nest yet?*

Die gespreksfokus verskuif egter hierna weer na inhoudelike aspekte, wat die stabiliteit van die gesin, [en die terapeut ook nog] is. Die moeder vra vir hulp.

*Dee: Anne got a letter from school ..... she did not attend the school for about forty days, and she is in big trouble....It's a big problem to get to school in time.Since the car broke down I can't take her to school. I don't want her to walk to school, the way she has to go is not safe at all! I worry about her...I lost my mother through violence....*

Die terapeut se aanvanklike reaksie is weereens om die tersaaklike feite, oorsake, motiewe, gevolge en planne van optrede aangespreek te kry. Sy wil vra:Wat sê die skool owerhede?

Wat het dan gebeur dat Anne so lank nie skool toe gegaan het nie? Met die hulp van die supervisor se insette en aanmoediging oor die telefoon word die navorser geforseer om tweede-orde veranderinge aan te durf. Sy 'n stel 'n sistemiese vraag volgens die insette van die span – 'n vraag wat die verhoudingspatroon tussen die moeder Dee en Anne ondersoek:

*Therapist: You miss her when she goes to school ?”*

*Mother Dee: Not really.*

*Therapist: Anne maybe worries about her mother ?... Do you think about your mother when you are at school ?*

*Anne: Yes I do, I worry about her..*

*Therapist: When Mom and Natalie fight, what happens ?..... Does Anne come and draw the fight to her... and protects mom, maybe ?*

Die ma en dogter “koop” hierdie intervensie oënskynlik nie en reageer nie daarop nie. Dit is nie baie aanmoedigend vir die terapeut nie, sy voel die hipotese wat geformuleer is, was waarskynlik nie korrek nie of moontlik net nie bruikbaar op hierdie stadium van die gesprek nie. Dit is belangrik dat die terapeut moet kan afstand doen van geformuleerde hipoteses, en 'n openheid handhaaf vir die konstruksie van nuwe hipoteses in samewerking met die gesin. Aanvanklik beweeg die gesprek nou weer na die inhoudelike aspekte van die bakleiery tussen die twee dogters. Weereens met die aanmoediging van die span agter die glas bring die terapeut die gesprek terug na die interaksieproses en die bewusmaking van patrone in die gesinsisteem. Die gesin se eie pikkewynmetafoor blyk 'n baie waardevolle hulpmiddel te wees, om telkens na die proses terug te beweeg.

*Therapist: You are like a caring family in a little nest and in caring, they peck on each other...the mother can't push the adult bird out, although she wants to – she keeps on feeding her....?*

*Dee: You bet ! There is a lot of pecking in that nest! ...Yes, maybe...I can't...., I don't really want to hurt Natalie.....*

Die ma se respons op hierdie intervensie, kom weer as aanmoediging vir die terapeut. Alhoewel sy nog onseker voel, is sy meer bereid om te eksploreer. Weereens is die feit dat vele eerste-orde intervensies reeds met die gesin gedoen is, 'n stimulus om te waag met vir die terapeut "vreemde" response wat vir die gesin moontlik iets nuuts kan bring en 'n verskil kan maak. Die terapeut raak bewus van die doelwit om sodanige terugvoering [nuwe bruikbare insette] te gee wat die gesinssisteem in staat sal stel om sigself te begin korrigeer.

#### **4.3.3.2 Die dinamika van die sistemiese terapeutiese proses ten spyte van die onsekerheid van die terapeut**

In volgende sessies word die besorgdheidstema verder geneem en die gesin gehelp om steeds op 'n alternatiewe manier oor hulself, hul situasie en oor mekaar te dink, sonder om probleemoplossend te werk te gaan. Die pikkewynmetafoer word 'n stabiliteit vir die gesin en die terapeut - 'n bekendheid binne die terapeutiese sisteem. Daar word egter ook met tye weer vasgeval in feitelike inligting rondom gebeure by die skool. Die terapeut ervaar dat die gesinslede behoefte het om die inligting te deel. Sy sluit empaties aan by hierdie stabiliteit van die gesin en luister. Die herkenning van tipiese prosesse en temas in die gesin, gebeur eers in nabetragting, en nie tydens die sessie nie. Die supervisor en span lewer nog baie insette, en sistemiese intervensies geskied nog meestal op hul voorstel en met hul aanmoediging. As Anne ontlai oor die skool en die onderwysers wat nie omgee nie, wat hoogmoedig is en wat sy nie kan uitstaan nie, koppel die terapeut die "omgee" hieraan en word die tema van omgee in die gesin verder ontwikkel.



*Anne: She moans all the time...I'm the only one who always helps her..What about Natalie?*

*I don't help because you are fore ever complaining and nagging*

*Dee: I nag the both of you....*

*Therapist: Mommy sounds caring in a way...?*

*Dee: I do care..she does not want to listen...I don't have the energy to clobber her. She is not a child..she wants to be treated like an adult, yet she acts like a two year old. And Natalie throws tantrums like a three year old!*

*Therapist: What do you do when Natalie comes on you like that?*

*Dee: I just keep out of Natalie's way..It's the only way to do that..Take two panado's and the music doesn't irritate me..I just ignore the temper tantrums. The more you say "stop it"..its to put fuel on the fire...*

*Therapist: Most of the fights – are they between you and Natalie, about Anne?*

*Mother Dee: Maybe.....*

*Therapist: Can it be that you want to protect her..or actually Natalie wants to protect you, and Anne wants to protect you again? You are so concerned about each other, that it comes over in a funny sort of way ?*

*Mother Dee: I'm getting nothing out of it myself..Most of the fighting is between Natalie and Anne. The two of them drive me insane – they are like monkeys....Natalie is so lazy..she's got sleeping sickness. It's no use speaking to her, she is not a baby any more. She wants to be treated like an adult. I'll treat her like an adult! That will teach her a lesson..I want her to go. Her toe is in the swimming pool – I want her to jump now..*

*Therapist: You feel powerless concerning Natalie? You want to kick her out because she drives you mad, but in some way you cannot get it over your heart?*

*Mother Dee: Yes...*

*Therapist: You care só much that it was difficult for you to kick her out, although she treated you badly?*

*Mother Dee:.....[bly stil en lyk afgetrokke...sit en dink vir 'n geruime tyd]*

Die moeder word hier met 'n andersoortige en gevorderde empatiese tweede-orde intervensie bewusgemaak van die teenstrydighede in wat sy sê en voel ten opsigte van Natalie. Dit stem haar tot nadenke. Ook die verandering in haar tipiese patroon, van baie praat na stilte vir 'n geruime tyd, is beduidend.

Hierna gaan die gesprek dan weer baie oor feite, maar ook om geleentheid te skep vir die ontlading van emosies, van die gesinslede.

*Anne: She [Natalie] took the bicycle ! She took the bicycle and kicked the bicycle !!*

*Mother Dee: I must take the bicycle and give her the money and pay her radio as well. She knows that she was with me when I got my money subsidy last week. I spent over a R 1000 for groceries. I've got nothing again. She refuses to pay rent She's got new tackies, a new cellphone..new clothes ..two love birds...R 300 for that! They take and take and no-one is bothering to put anything back.*

*Therapist: What do they say about this if you talk to them ?*

Hier beweeg die terapeut weer na die sekerheid van moontlike probleemoplossing en die gesprek gaan voort op 'n inhoudelike vlak

*Mother Dee: The only one who ever bothers to thank me for cooking a meal is Natalie's boyfriend. She doesn't say thank you for supper ...but it's o.k. – it's not much but he'll always say thank you for the food- always.*

*Anne: Like last night we had vegetables and spaghetti – she took two plates full of the stuff.*

*Mother Dee: I know I complain a lot, but when the food is on the stove, she's got to eat already. She can't wait a half an hour for the food to be cooked. Mostly she will go and eat 4 to 6 slices of bread with jam and whatever on the bread. She don't think. I kept the bread for tomorrow.*

*She will just eat it and it's finished. If the food's there we must just eat it. Does not matter what happens tomorrow – nobody thinks tomorrow there will be no food left.*

*Therapist: In that situation, what can you do ?*

Die terapeut beweeg weereens terug na die ou stabiliteit van probleemoplossing , en die terapeutiese proses bly op 'n eerste-orde vlak

*Mother Dee: I feel very frustrated. I can't say don't eat the bread - if she is hungry she is hungry*

*Therapist: It's hard for you ? It hard to deal with her and this type of behaviour ?*

Terapeut gee erkenning aan die ma se gevoel van magteloosheid en eksplorieer rondom die gedragspatrone tussen die moeder en haar dogters. Vanuit die vorige paradigma sou dit die terapeut se stabiliteit wees om kommentaar te lewer op die dogter se 'negatiewe' gedrag en die moeder te steun in haar 'regwees' en verder sou sy nog advies uitgedeel het, of riglyne gegee en geeksplorieer het, van hoe die situasie met die dogter hanteer kon word. Hier is wel ook verandering in die terapeutiese response van die terapeut. Die beweging tussen die ou stabiliteit en die nuwe uitdaging is merkbaar. Die onsekerheid rondom die "waarde" van diagnostiese probleemoplossende proses bied egter voldoende stimulus aan die terapeut om nie na daardie stabiliteit terug te keer nie. Die leerervaring wat in die gesin se response hieruit voortspruit, is vir die terapeut ook 'n terapeutiese leerervaring en aanmoediging om verder te eksplorieer.

Die terapeut sluit persoonsgesentreerd aan by die gevoelens van die gesinslede teenwoordig in die sessie en eksplorieer die belewingswêreld van die gesin – ook van die lede wat nie teenwoordig is nie. Die terapeut beweeg in "sekerder" vaarwaters [vir haar], deur empaties aan te sluit by die gesin se behoefte om te deel oor hul trauma en gevoelens. In refleksie na

die tyd gee die span vir die terapeut terugvoering dat sy baie “geduldig” is om na al die omslagtige vertellings te luister. Dit was egter kongruent met die terapeut se menswees om dit so te doen. Dit wil voorkom of die terapeut op hierdie stadium meer steun op die persoonsgesentreerde oriëntasie. Die terapeutiese proses fluktueer tussen vasval in die feitelike inhoud en telkens doelbewuste pogings [na aansporing van die supervisor] om weer te konsentreer op die prosesse in die gesinsisteem.

In ‘n latere sessie word dit in refleksie waargeneem dat die terapeut met groter selfvertroue die gesinsproses begin gebruik in die terapie. Die metafoor maak dit vir die gesinslede en die terapeut makliker om by die prosesse en die patrone binne die gesinsisteem uit te kom. Wanneer die metafoor gebruik word, word die feitelike detail minder relevant en weerhou dit die gesinslede van oor en weer beskuldigings en ‘n soeke na wat wie se skuld was en wie die skuldigste is. Insteede daarvan om dus te bly vashaak by die probleme, beweeg die terapeutiese sisteem meer na ‘n refleksie en bewuswording van gedragpatrone wat die probleme instandhou. Die pikkewyn-metafoor bring ‘n bietjie afstand tussen die gesinslede en hul “probleme”, sodat hulle hulself ook op ‘n metavlak kan beskou en bespreek. Dit is bemagtigend en maak kommunikasie oor gebeure in die gesin minder bedreigend en meer hanteerbaar. Ook vir Anne word kommunikasie oor meer abstrakte konsepte makliker en waarskynlik ook meer bruikbaar. ‘n Uittreksel uit een van die onderhoude dien as illustrasie hiervan:

*Therapist: Tell me what happened to the penguin family.... And to the little penguin?*

*Mother Dee: I saw the baby penguin brush her feathers...she's still fluffy, but she is starting to grow her stronger feathers...*

*Therapist: I hear a very strong side of the penguin family..*

*Mother Dee: A very strong side...I let them go on..they must work it out... I can't interfere....*

*Therapist: Which side of the penguin is that. Is that the soft part of you or the strong part ?*

*Mother Dee: I don't know...I have a strong feeling of self defence..*

*Anne: She lost her temper !*

*Mother Dee: I don't know what I said. I have a baby penguin and a porcupine in the nest...push and shuff..push and shuff! I went out of the kitchen and I said you stay.. I left them to have a go at each other – they must work it out. You guys sort it out ! They must work it out. I can't interfere the whole time..*

*Anne: She just stood there....*

*Therapist: How was that different from what you always did?*

*Mother Dee: Before I would try and control the fight. Now I would say: You guys work it out! Before I would come and work it out. I can't.... why must I interfere? They must not make their problem my problem. If it gets out of hand, I will step in ..*

*Therapist: In what way is that not the same as always?*

*Mother Dee: I would always quickly jump in and separate them*

Die terapeut is nou reeds meer gemaklik met die proses en verval al hoe minder in haar ou stabiliteit van inhoudelike vrae. Die terapeut en die gesinslede word bewus gemaak van die rekursiewe prosesse in die interaksie tussen die gesinslede. Die terapeut word meer bewus van kommunikasiepatrone en temas in die gesin en kan met groter kongruensie en sekerheid toe tree tot die terapeutiese gesprek. In die liggaamstaal van die terapeut word in 'n mindere mate rustelose bewegings [wat kon dui op moontlike innerlike onsekerheid en ongemak] waargeneem, voordat die terapeut begin om 'n sistemiese intervensie te doen.

*Therapist: Is this what happened in the past?*

*Mother Dee: Before I would try and control them. Now I say- you guys work it out before I would come and work it out. I can't! Why must I interfere? They mustn't make their problem my problem. They must sort it out If it gets out of hand I will step in..*

*Mother Dee: I have come to the conclusion they have to learn. I can't teach them any more. If they think its super to fight each other, they must go for it and kill each other. They scream at each other and have temper tantrums and cool down. Then it served it's purpose. They must sort their own stuff out..*

*Anne: I want to go out ...[badkamer toe]*

*Mother Dee: We [referring to Anne] are not fightingly natured. We are somewhat like our mother. Natalie pushes her to a certain extent that she explodes!*

Anne gaan badkamer toe en die terapeut reflekteer tot watter mate dit deel is van die reaksiepatroon op ma se herhaling van die feite? Die terapeut probeer om op die proses tussen die gesinslede te fokus, om saam met hulle die herhalende patrone te begin herken. Alhoewel Natalie nie fisies teenwoordig is nie, is sy tot so 'n mate die onderwerp van die gesprek, wat die onlosmaaklikheid van dele van die sisteem van die geheel illustreer. Dit wil verder voorkom of hier minder probleemoplossend te werk gegaan is.

*Mother Dee: Yes it is. Its not the sort of thing I can do. It's not the way I get things done....It is..it is going to be different from now on..I have Anne to think of now, It's not natural...I mean she is old enough to look after herself – it's time for that one to fly..*

*Therapist: Its difficult for you to show your hard side to Natalie and to Anne?*

*Mother Dee: Yes very much so...Natalie does so many things to me to antagonize me and irritate the daylight out of me.....The minute I start to turn my back on her and do something for Anne, she antagonizes me even more.*

*Therapist: You are turning more and more your hard side to Natalie and the soft side to Anne?*

*Mother Dee: Yes I think so.*

*Therapist: So when you turn your the soft side to Anne and your hard side to Natalie, then Natalie gets jealous?*

*Mother Dee: Yes...*

*Mother Dee: She calls me to sit with her, or that I must come and see what the cat is doing – if I am so interested in the cat! At the time I was available – when I was there I was ignored.....I was treated like a piece of rubbish!*

*Therapist: And...Anne ?....does she start playing games?*

*Mother Dee: She just hop skips and jumps. I don't know. I won't hop skip and jump any more – I will help where I can, but when I sit down and I am comfortable and do whatever I am doing,they must not call me to look what is happening in the backyard.....*

*Therapist: It seems as if you are firm and strong and you can show your black feathers to Natalie and Anne.*

*Mother Dee: And what does the little penguin do when the mother reacts like that ?...*

*Anne: I don't like that...*

*Therapist: And ?.... What happens then ?*

*Anne:I make her some coffee...and go and sit with her...*

*Therapist: What does Natalie do then?*

*Anne: She goes in her room, slams the door and pust on her Hi-Fi -..loud !*

*Therapist: What happens then?*

*Mother Dee: We just sit outside...what can we do?*

#### **4.3.3.3 Die groeiproses by die gesin te midde van die herkonstruksie van die onsekerheidskonsep deur die terapeut**

Die moeder en jongste dogter kom steeds alleen vir terapie en hul stabiliteit is steeds om feite oor te dra, veral dan betreffende Natalie se nuutste “sonde”. Dikwels in die onderhoude is dit ‘n herhaling van die eerste orde-patrone, die tipiese hantering van die konflikte in die gesinsiteem, oor en oor. Daar word tog mettertyd waargeneem dat die moeder begin reflekteer oor die kenmerkende interaksieproses tussen haar en haar dogters, steeds veral as die pikkewyn-metafoor ingebring word.

*Mother Dee: I can understand that from Anne, but Natalie is eighteen – she is old enough to get off her backside and make up her own bed, clean up her own room, make her own coffee and cook her own food.*

*Anne: They even have our maid – she cleans the house once a week and she gets a room.....*

*Natalie and her Boyfriend hired her to clean for them...now she has to clean three times a week for them and they refuse to pay for her.*

*Mother Dee: My fathers' rule was everyone that cleans for me once a week gets a room, and that was the way I deal with her. For three years she worked for us. Why must I pay her half!*

*Why? They offered her R 300! She still cleans the house like she did the last three years.*

*Why must I pay her?..... I can be very nasty!*

*Mother Dee: I did kick her [apparently now Natalie] out. She didn't want to go!*

*I tried to kick her out – she just did not go – We are going to kick her out some way or other !*

*Therapist: You are really fed-up with her ?*

*Mother Dee: If she doesn't want to move out, we will. I said to her to please go. I said; "find yourself a flat and you and your boyfriend..get out so that I can have my life back."*

*Therapist: What side of you do you think is showing? The vulnerable side?*

*Mother Dee: The baby side definitely. Sometimes she threatened to move, and I say please go. She can't understand why I don't say please stay. I don't want that anymore. I don't want to put up with fighting – I had enough*

*Anne: She [meaning the mother ] says if we don't shut up she will chase us all out.*

*Mother Dee: Sisters will fight – that is normal. In the middle of Pick and Pay they start to fight with each other. I wouldn't give her money to buy a CD. A CD is a luxury. No I won't give her money to buy a CD . I think it's a luxury.*

*Anne:She did lend her R 150 !*

*Mother Dee: They bought beers...a CD... a jacket. I started to pay for her dogs and her cats and make sure that they have food! If they had borrowed R 150 and buy toiletries and things they need, fine! Luxury you can go without.*



*Therapist: How do you feel about borrowing money ?*

*Mother Dee: I hate borrowing money. I hate It! It makes me feel inadequate to supply for my kids. They must also club in – they live under my roof. They must club in – I can't support them on R 50. If I personally have to go to somebody and say lend me R 10, I hate it - I really can't handle it!*

*Therapist: By doing that are you showing your strong side?*

*Mother Dee: Yes, It must be my strong side! I am forcing myself to do it. I have to ! I need it. I can't sit still in the corner. I say – she made it tough!*

*Therapist: Is it maybe your soft side not to be able to say 'no' to Natalie?*

*Mother Dee: I felt it is the stronger side. The check she has ! She forces me to do it !.*

*Therapist: To lend the money or to borrow money?*

*Mother Dee: To lend the money to her, is definitely the weaker one. The stronger one will turn around one day and say : "NO- you are buying rubbish with it !"*

*Anne: The stronger one came out in Pick and Pay!*

*Therapist: Tell me about it!*

*Mother Dee: It's a matter of "Ma, I need this, I need deodarant, I need that, Ma, you can't supply...." I said: "you guys did not pay rent this month – Ma is going to buy for Ma this time!" I can't even remember buying a new dress. In two years time I haven't bought me something. It's time for doing something for myself.*

*Therapist: I think mommy has grown a lot of new strong black feathers*

*Mother Dee: Plenty black ones – green ones – pink ones! I was determined to buy myself a new dress. Why couldn't I buy myself a new dress?*

*Anne: It was the money for the groceries..*

*Mother Dee: No it was'nt. How can I spend R 200 of the grocery money on a dress?*

*Anne: It was R 300!*

*Mother Dee: No it was not – it was R200. No, I know I am wasting money. I am not thinking about Anne, and what she is going to eat. R 200 is bad really, but if they can do what they like, why can't I?*

*Anne: Her boyfriend got R 11,000 and he is going to buy a motorbike and lovebirds for Natalie. She loves lovebirds.*

*Mother Dee: I mean they can do what they like really. It's not my problem. If they asked me for food and we got nothing, I will make a plan for us. But if I have the rent, it goes for the food and everything... then I can supply.. But if I do something for myself – then I am no good. Then I am only thinking of myself and nobody else. It's bad..too bad.That must have been my attitude over the past week.*

*Therapist: Maybe giving things is a way of showing you care for your family? Like the penguin gives a fish to the little penguin ? You give a present or food- it's a way of showing you care ? You providing food is an way of expressing your love?*

*Mother Dee: Not really ...hmnnn. If I have the energy and the money, I would sometimes give them something at the end of the month. If I would see a nice T-shirt, I would get it for them..... If I saw something nice I bought for Natalie and Anne, at that stage. I never went into a shop and look for myself. I think of the kids first. Supply them with everything. I just came to the stage to ask: "WHY?" For two years I could not bring myself to buy anything...not a present or a piece of clothing... I only bought myself a whole bunch of R 20 T-shirts 5 months ago – nothing smart – to wear at home..*

*Therapist: How often were you just giving and giving to them?*

*Mother Dee: Every month... I buy books, T-shirts, skirts.. always if I come in the shop and see something nice and cheap..I buy it for the kids... Its time I look after myself for a change...*

*Therapist: Do you maybe ask yourself that if you stop feeding the penguins, they will stop loving you?*

*Mother Dee: They should know its not material things that count – it should'nt be. If I win million rand on the lottery, I am not going to love them more. It does not work that way. They*

*should know I've put up with the nonsense so many years – that should be enough, without giving the things....*

*Therapist: you mean that the amount of fish doesn't show how much the penguin mom really cares, but they are not able to understand that now? They have a big appetite ?*

*Mother Dee and Anne laugh...*

*Mother Dee: I don't know where to get enough fish....there is never enough for them.*

*Therapist: And for you as well, since your mother died...there is always this lack of food on the island?*

Dit word duideliker dat die terapeut geleidelik in 'n meerdere mate by die gesin se konstruksies en belewenisse bly. Sy slaag toenemender mate daarin om nie in terme van "probleemoplossings" te dink nie, alhoewel sy met tye ervaar dat daar meer "sigbare" vordering moet wees. In die span en supervisie besprekings word dit egter vir die terapeut duidelik hoe waardevol die "klein" veranderinge in die denke en konstrunkte van die gesinslede wel is. Deur die pikkewynmetafoor en "versorgingstema" voortdurend te gebruik word die gesinslede [en veral die moeder] bewus gemaak van teenstrydighede en versteurde simbolisering van gebeure. Die herhalende konflikpatrone en die tema van "tekort" wat altyd sentraal daarin staan word al hoe meer pertinent. In hierdie sessie het die terapeut en die gesin deur die ko-konstruksieproses met behulp van die pikkewynmetafoor, die onderliggende magteloosheid van die sisteem in hul situasie van voortdurende finansiële tekort geklarifiër. Die gedragpatrone van vergoed met materiële middele vir al die tekorte, in die hele sisteem [ma, dogters en losseerder] word ook duideliker.

Dit was ook op hierdie stadium dat die terapeut die "aha-insig" moment beleef het, om self haar eie konstruksies rondom onsekerheid te verbreed. Die waarde daarvan word weerspieël in die toenemende gemak van die terapeut om die by die gesin se leefwêreld aan te sluit, die gesin se konstrunkte te gebruik in die terapeutiese proses, om die gesinsisteem met groter effektiwiteit

en meer deurlopend by die terapeutiese proses te betrek, en om die gesin ook in hierdie interaksieproses die ervaring te gee om op 'n andersoortige manier met hulself, mekaar en hul situasie om te gaan. Die onsekerheid van die terapeut rondom wat die gesinsisteem se konstruksies rondom sekere sake sou wees, dien as voordurende stimulus om verder te ondersoek en in die gesamentlike konstruksieproses in die terapie, rondom die prosesse en die rol van die “probleem “ van die gesin.

In 'n verdere sessie is onder andere die volgende aangeteken:

*Therapist: “How’s things with the penguins?”*

*Mother Dee: “Still pecking...they still fight from Monday to Saturday..”*

Daar is by die terapeut en gesin bekendheid en meer sekerheid en gemaklik in die interaksie en die trant van die gesprek. Die metafoor word die stabiliteit binne die terapeutiese sisteem en die “voertuig” om dit waaroor nie sekerheid is nie, verder te eksploreer. 'n Nou vertroude bootjie in nog onsekere, vir beide gesin en terapeut, vaarwaters.

*Therapist: So what happened ?*

*Mother Dee: Natalie said Anne should go and hang up her clothes...Anne said Natalie could hang it up herself.*

*Therapist: What was different in that from the usual ?*

*Anne: Why should she fight with me..she can fight with her boyfriend..*

*Therapist: Did it make you fight with other penguins as well?*

*Anne: No.... I got videos from the neighbours...we watched videos the whole time...I made a new friend...a kid down the road....*

Dit blyk uit voorafgaande dat die terapeut in 'n meerdere mate slaag daarin om die gesinslede te herlei om bewus te word van die interaksie patroonmatighede in hul gesin, maar die gesinslede word ook uitgelok om te dink oor elkeen se eie aandeel in die instandhouding

daarvan, asook in die sukses om met tye die patroon te kon verbreek. Die gesin word bewus van verandering.

*Therapist: We spoke about a few possible changes in the last session?*

*Mother Dee: Very much so.*

*Therapist: I would like to hear what you have been thinking about that.*

*What happened since we saw each other?*

*Mother Dee: We talked about the rent...they can pay R 3000 for a town house...but they can't pay me R 400. It's not my problem anymore.*

*Therapist: But it is hurting you?*

*Mother Dee: No,...actually I've been offered a flat...She [Anne] is going to King Davids.*

*Therapist: Big changes... you are going to another island..it's something quite different ?*

*Mother Dee: Hundred percent!*

*Therapist: How do you feel about that Anne?*

*Anne: I don't mind...*

*Mother Dee: I don't really want to go... we've been staying there for fourteen years, but its' such a battle..It's not the same. Since my mom died.....*

*Therapist: So you're stuck on an island..where there is always this lack..*

*Mother Dee: Overpopulated!*

*Therapist: Yes...overpopulated...How did you survive on this island for so long ...what is your secret..?*

Die terapeut gebruik hier weereens die metafoor om eerstens die moeder bewus te maak van haar eie oorlewingspotensiaal - om dit waarvan sy nie so bewus mag wees nie, te kan simboliseer en ook hierdie inherente potensiaal tot haar beskikking te gebruik om die situasie anderssoortig te bestuur. Tweedens is die doel van hierdie vraag ook om as stimulus te dien om saam met die moeder te ontdek, wat in haar en haar dogters se menswees en

interaksiepatrone tussen hulle bydrae om die simptome in stand te hou. Die ma brei uit oor die terapeute [me Campbell en terapeut] wat haar so baie sou help om haar” probleme op te los” en ook finansiële bystand te verleen. Sy kan nog nie die faktore in haarself, en die res van die gesin herken en dus gebruik in haar respons op gebeure in haar situasie nie.

*Therapist: Do you need someone to help you... another bird?*

*Mother Dee: Yes, just to help me to solve the problem. I get more help from you and C.*

*Therapist: But you still also need financial support... its getting cold on the island?*

Hierdeur probeer die terapeut die moeder en dogter betrek om die gewaande stabiliteit, van die bekende situasie te bevraag – is dit regtig nog soos dit was – kan dit ooit weer word, soos dit toe Ouma nog geleef het? Op metaforiese vlak daag die terapeut die moeder se stabiliteit van “afhanklikheid” uit. Die patroon van weerloosheid en afhanklikheid begin nou duideliker word [van die Ouma, familie, die welsyn, en dus ook nou die behoefte dat bestaande terapeut daardie rol vervul.]

*Mother Dee: Yes, very cold... the other lady shouts at me...where did she get her degree?...they are really doing nothing...apart from the financial assistance - which they have now stopped !*

*Therapist: What makes that you always go back to them? ...are your feathers getting stronger?*

*Mother Dee: I am...I think I am getting stronger...*

Weereens daag die terapeut die gedrag wat die simptome instandhou uit – wel baie subtiel, maar ook met die indirekte herkonstruksie in die metafoer, van die keuse wat by die moeder lê en dat sy nie ‘n slagoffer hoef te wees nie. Dit was eers in refleksie, wat die terapeut as navorser besef het hoe sy sowel as die gesin, en veral dan die moeder, ingekoop het in die

metafoor, en wat die moeder op die ou end werklik **gesê** [gesimboliseer] het deur die eenvoudige antwoord op die terapeut se vraag. ***I think I am getting stronger...***

Die terapeutiese proses draai vir 'n geruime tyd om die ma en die jongste dogter te help om op 'n ander manier oor hulself en hul situasie te dink. Die herdefiniëring deur die pikkewynmetafoor wat hulself gebring het, en die vorming van nuwe konstruksies rondom hul prosesse en probleemhantering, is as bemagtigend vir die gesin en die navorser ervaar.

Die terapeut is onseker oor waarheen nou - dit wat altyd gewerk het, vir die gesin [hulpverlening van die "welsyn" en ook ander eksterne bronne], werk nie meer nie – sy toets dit derhalwe met die gesin. Die metafoor word weer gebruik omdat dit ook vir die gesin die ruimte bied om dit te gebruik soos en waar dit toepaslike is, en dit wat pynlik is, minder blootstellend te ervaar, as dit hardop gesê word.

*Therapist: I've got the impression the penguin would like a change of food? I've got the impression that maybe you were on the island and everything was O.K...then you moved to another island, and gradually things started to get worse...one of the penguins was killed... but you got stronger..you grew black feathers..*

*Dee: The black feathers is getting grey...*

*Therapist: Is the penguin tired?*

*Dee: I'm getting there, but so slowly...*

*Therapist: Though she gets grey feathers..is she is getting stronger, but tired?*

*Therapist: Must the penguin get a rescue boat? Will the penguins get in, if there comes a boat...will Fluffy get in as well?*

*Dee: They've got nothing to loose*

*Therapist: Fluffy ?*

*Anne: I'll get in..*

Weereens is die terapeut onseker of die moeder besig is met 'n herkonstruksie oor haarself en om verantwoordelikheid te aanvaar om sekere besluite te neem. Is sy bereid om die sprong te waag? Sy kontroleer dus weereens, waarheen die proses beweeg en hoe die gesinslede dit nou konstrueer. Deurdat die terapeut nog steeds onsekerheid oor die uitkoms van die terapeutiese proses ervaar en definitief nie "in beheer" van die terapie voel nie, word sy gedwing om tentatief en verkennend op die spoor en met die tempo van die gesinslede te beweeg.

*Therapist: Do you see it [the moving to another island] as a new beginning?*

*Mother Dee: I can see a better future if I do that*

*Therapist: And with Natalie?*

*Mother Dee: The door is closed... If she want's to go with her boyfriend, it's her problem and not mine..I feel I still have to look after Anne*

*Therapist: What would be different though between you and Anne?*

*Mother Dee: I don't know. Lets put it this way. It's a hassle when there is no food. Anne understands – Natalie does not understand. Anne will be a harder penguin. I think Anne suffers more than Natalie and me. I think it's going to make her a better penguin..."*

Dit is op hierdie stadium waar die verandering in die gesinspatroon duidelik geverbaliseer word deur die moeder. Ook die gesin aanvaar die onsekerheid van die veranderingsproses waaraan hulle onderworpe is. Alhoewel die moeder nie al die antwoorde het nie, is sy besig om sekere besluite te neem, en in die rigting van groter sekerheid rondom haar en haar kinders se toekoms te beweeg. Sy kan dit ook aanvaar dat die "welsyn" nie alles vir haar uitsorteer nie. Hier is tekens van ander konstruksies rondom haar afhanklikheidspatrone en haar hulpeloosheid en magteloosheid in die groter eko-sisteem.



Alhoewel Anne samewerking gee en gereeld na die sessies kom, is sy steeds minder spraaksaam in vergelyking met die moeder. Die moeder sal ook dikwels namens haar antwoord. Hierdie patroon het nie veel verander nie. Die terapeutiese situasie, moontlike assosiasie met kontak met volwassenes buite haar sisteem [soos ook die skoolonderwysers waarvan sy onttrek] en ook haar geaardheid en ouderdom, mag bydrae tot die mindere deelname aan die gesprek. Natuurlik dra die verhoudingspatroon tussen haar baie spraaksame ma en sy as gewillige ondersteuner ook hiertoe by.

Natalie se fisiese afwesigheid tydens meeste van die sessies is steeds betekenisvol en ook waarskynlik deel van die sub-groepvorming in die gesinsisteem. Waar Natalie aanvanklik die “simptoomdraer” was volgens die konstruksie van Ma Dee en Anne, is veral ten opsigte van Moeder Dee, ‘n denkverskuiwing waargeneem en het die gesprek meer om die herhalende patrone in die verhoudinge en die omstandighede binne die gesin en ook in konteks van die breër eko-sisteem, gegaan. Ma Dee begin anders dink oor haar eie rol in die gesinsisteem en die verhoudingspatrone word noodwendig daardeur beïnvloed. Uit die moeder se mededeling blyk dit dat Anne tuis in toenemende mate die moeder opponeer. Dit wil voorkom of die sub-groep wat deur die moeder en Anne gevorm is in die sisteem, se gebondenheid begin afneem. ‘n Nuwe sterkte is by die moeder waargeneem wat ‘n verandering in haar en Anne se verhouding gebring het. Dit is moontlik as ‘n verlies deur Anne ervaar – hulle was nou nie meer “maats” nie teen die ander twee “stoute maatjies” in die huis nie. Anne word ook hierdeur “gedwing” om haar eie rol as kind, as skoolier, as een van ma se twee kinders en nie die “beter” een noodwendig nie, in heroënskou te neem, wat tot verandering in haar gedrag lei. Ma Dee het nou moontlik vir die eerste keer fasette van haar rol as ma begin eksploreer en begin toe-eien, wat die verhoudingspatrone in hierdie huis begin beïnvloed.

Na die laaste sessie [vir die doel van die navorsing], was die gesin se aanmeldings “probleem” van Anne wat nie skool toe gaan nie, nie “opgelos” in terme van die terapeut se ou

positiwistiese paradigma nie. Die afwesigheid van Anne vir meer as sewentig dae, op daardie stadium, uit die skool en die nagevolge daarvan was nog nie uitgesorteer nie. Die konflik met Natalie is nie direk aangespreek nie, maar die veranderinge beskryf in die moeder en in die sub-sisteem het ook op die breër sisteem begin deurwerk. Die terapeut ervaar dat daar tog begin is met 'n proses van herkonstruksie in die gesinsisteem. Die pikkewyn-metafoor het bygedra daartoe dat Ma Dee en Anne, wat die meeste sessies bygewoon het, voortdurend betrek en gestimuleer is om andersoortige vrae te vra oor hulself. Die gebruik van die metafoor het daartoe bygedra dat Dee nuwe konstruksies kon maak oor haarself en haar [tot toe nog ] lewenslange afhanklikheidspatroon [van haar moeder, die "ryk" familie, die welsyn, en haar kinders]. Sy word bewusgemaak van 'n ander manier van kyk na haar gedrag deur die herdefiniëring van "baklei" as hulle gesin se manier van omgee en van "koop" as haar manier van versorg en uitdrukking van liefde gee. Sy leer ook deur herdefiniëring om "nuut" na haarself te kyk – haar weiering om toe te gee aan die kinders se eise kan soms 'n teken van haar krag en sterkte wees en ander kere weer 'n teken van haar moederlike beskerming. Sy is bemagtig om in kontak met haar moontlikhede en selfverwesenlikingsproses te kom. Sy begin die eerste keer in haar lewe konstruktief kyk na haar eie potensiaal as volwassene, selfs ook om buitenshuis te kan werk en 'n inkomste te verdien.

Met die beëindiging van die sessies met die gesin het die terapeut definitief nie die probleme van die gesin opgelos nie. Daar is nooit saam planne gemaak oor waar om geld te kry vir die gesin nie. Daar is nie op die oorsake van die hele situasie ingegaan nie, nog minder het die terapeut advies vir die gesin gegee, soos wat die moeder op 'n verskeie kere direk en indirek versoek het. Dit op sigself was reeds 'n groot oorwinning en 'n groot verskuiwing in die terapeutiese aanslag van die terapeut. Die terapeut het gegroei in die vaardigheid om meer prosesmatig en minder inhoudsgerig met die gesin te werk. Die waarde van tweede-orde intervensies het sigbaar geword.

#### 4.4 HERDEFINIËRING VAN ONSEKERHEID BY DIE TERAPEUT.

Die eerste integrale en werklike skuif is ervaar met die positiewe ervaring van die herdefiniëring van haar eie gewaande “swakheid” as “sterkte” en die ervaring van die krag daarvan!

Deur ‘n persepsieverskuiwing wat plaasgevind het rondom “onsekerheid” is dit nou nie meer noodwendig ‘n slegte ding om onseker te wees nie. Dit is nie noodwendig ‘n indikasie dat sy nie weet wat sy doen nie en ‘n “treurige” terapeut is nie. Die herkenning en erkenning van die gevoel van onsekerheid by die terapeut kan juis van waarde wees vir goeie terapie.

Die ervaring van die gevoel is ‘n werklikheid. Om dit te simboliseer en te erken is opreg en kongruent. Om dit te ontken, te onderdruk of op ‘n versteurde wyse te simboliseer is vals en nie bydraend tot die welsyn van die terapeut nie. Die simbolisering van die gevoelens van onsekerheid is egter van belang, sodat dit gebruik kan word tot voordeel van die terapeut en die gesin in terapie. Die nuus is uit – hierdie terapeut is onseker en dit is nie die einde van die wêreld, nòg van haar terapeutiese loopbaan, nòg van die kliëntegesin nie. Sy mag maar onseker wees – sy is kongruent en eerlik daaroor. Sy is onseker van haarself in hierdie situasie ten opsigte van die terapie en die integrasie van die terapeutiese inhoud, waarvan baie nie vir haar sin maak nie en ander bots met haar eie stabiliteite. Die onsekerheid is egter ook soos die res van die skepping en menswees ‘n proses – ook dit is vloeibaar en daar is voortdurend die moontlikheid tot verdere ondersoek en herkonstruksie. Daar is voortdurend beweging en groei. Die herdefiniëringsproses skep ‘n klimaat van geborgenheid, wat die integrasie van **dit** waarmee die navorser haar kan vereenselwig, moontlik maak. ‘n Selfaktualiseringproses word in werking gestel en die herkonstruksie van ‘n nuwe “terapeutiese self” begin.

Juis die onsekerheid kan nou tot voordeel, ook van die terapeutiese proses, strek. Dit weerhou die terapeut van geïkte aannames en konstruksies oor die gesin en ook van optredes ten opsigte van die gesin sonder die medebetrokkenheid van die gesin. Die “onsekerheid” hou die terapeut op haar tone, om sensitief te luister na die verbale en nie-verbale kommunikasie van die totale gesinsisteem. Dit is die gesin wat die rigting moet aandui en wat die pas aangee. Dit bly verder ook ‘n aanhoudende proses van beweging van onsekerheid na sekerheid, waaruit nuwe onsekerhede weer mag ontwikkel. Dit kan vergelyk word met die golfbeweging van die see, wat nooit voltooidheid bereik nie – dit golf op na sekerheid en dan weer vroeër of later weer af in die onsekerheid in, met die wete dat die sekerheid wel weer sal kom. Die kaptein aan die skip se roer se taak is om net te bly fokus op die huidige gegewe. As dit dan ‘n storm van onsekerheid is, om die skip te bly stuur, totdat die kalmer tyd van sekerheid weer kom, waartydens die skip op ‘n ander manier gestuur moet word, tot tyd en wyl daar moontlik weer ‘n storm opkom.

Die keerpunt het gekom by hierdie navorser as terapeut, toe sy haar onsekerheid teenoor die supervisor en ook aan haarself geïaliseer het in die hitte van ‘n terapie-sessie met die gesin. In die kort gesprek, toe terapeut uitgeroep is om ‘n volgende intervensie te bespreek, het die terapeut bely dat sy “onseker is oor hoe om verder met die gesin te gaan.” Dit was op hierdie kritieke punt dat die supervisor onsekerheid herdefiniër het as ‘n bate waarmee die terapeut toegerus is om die kliëntgesin se wêreld nog beter te kan betree. Dit het by die terapeut se onsekerheidsstabiliteit aangesluit en die boodskap van aanvaarding het tuisgekom. Die warmte en kongruensie van die supervisor tydens die gesprek het bygedra om die openheid by die terapeut te skep sodat die besef deur kon breek dat hierdie angswekkende onsekerheid nie noodwendig ‘n belemmering is nie, maar eerder ‘n hulpmiddel in die terapeutiese proses kan wees.

In die verloop van die gesprek het die supervisor dit so herformuleer, dat die terapeut die seemonster wat die bootjie so lank bedreig het, kon inspan en tot voordeel van die bootjie gebruik om haar stukrag en rigting in die terapeutiese proses te gee. Die sessies hierna was nog moeilik, maar sy het 'n nuwe bemagtiging ervaar deur haar nuwe "bondgenoot", onsekerheid.

Die waarde van die woorde van Richard Byrne het vir die navorser 'n werklikheid geword. "Maximum skill in reframing is shown when it enables clients to deal easily and comfortably with complex situations with which they have not been able to cope." [Byrne 2001:218]

Tydens die interaksieproses tussen supervisor en die terapeut het 'n meer innoverende manier van aanwending van die self van die terapeut ontwikkel. Die supervisor het vanuit haar geïntegreerde konstruktivistiese raamwerk met die herdefiniëring van onsekerheid, in 'n paar minute 'n paradigmaskuif in die navorser as terapeut help skep. "Family therapists, and systemic ones in particular, are experts in the removal of prejudices via a turning of the whole point of observation" [Stierlin 1983:417]

Om dit wat die navorser as terapeut voorheen as haar grootste persoonlike struikelblok ervaar het, as 'n persoonlike bate en voordeel te herkonstrueer, het 'n groot ommekeer bewerkstellig - nie alleenlik vir navorser persoonlik as mens nie, maar veral in haar siening van haarself as terapeut. 'n Groot emosionele las het van die navorser as mens en terapeut afgeval, deurdat dit geblyk het 'n voordeel te wees om onseker te wees! Die blote toestemming om onseker te mag wees, het 'n nuwe sekerheid geskep by die navorser as terapeut. Die betekenis van die konsep onsekerheid met sy toegevoegde waarde van belemmerende emosionele bagasie is totaal deur die proses van eerlikheid en kongruensie van die navorser as terapeut en die supervisor deur 'n herkonstruksieproses verander vir die navorser as terapeut. Onsekerheid is, bloot deur hom in die oë te kyk, ontmasker en het dus oneffektief geraak in sy negatiewe

waarde om die patroon van die terapeut in stand te hou. Deur as 'n bruikbare en waardevolle hulpmiddel geherkonstrueer te word, word "onsekerheid" waardeloos in die sin dat hy nie die terapeut se patroon van om magteloos en paniekerig te voel en dan haar na eksterne hulp, soos die van die supervisor, en die spanlede wat "beter" sou weet, te wend nie.

**Die herdefiniëring van "onsekerheid" as 'n bate in die terapeut se terapeutiese mondering - iets wat alle terapeute nie die voordeel van het nie, het 'n "aha" ervaring by terapeut teweegbring. "...the necessity of giving alternative meanings to the presenting symptoms.." [Andolfi 1979:5]** Die betekenis van onsekerheid het deur 'n proses van herdefiniëring vir die betrokke navorser as terapeut verander, en so ook 'n katalisator geword in die terapeutiese proses. Deurdat die terapeut die "onsekerheid" geïntegreer het as deel van haar menswees, en die onsekerheidselement as't ware deel geword het van die terapeut se terapeutiese mondering, kan dit tot voordeel van die kliënt in gesinsterapie aangewend word.

Soos Coyne [1985:342] egter ook tereg sê, kan die "aha" ervaring dikwels van kort duur wees. "Reframes sometimes grip patients in the artificiality of the therapy session and provide them with an "aha " experience, only to be invalidated in their first encounters with their everyday environments. It is useful to assume that reframes have not taken hold until patients have acted upon them and validated them away from therapy." [Coyne 1985: 342]

Die vraag kan gevra word of hierdie herdefiniëringproses van langtermynwaarde vir die navorser as terapeut sou wees, en of dit ook bruikbaar vir ander terapeute kan wees.

## HOOFSTUK 5

### GEVOLGTREKKINGS

#### 5.1 INLEIDEND

Die waarde van die nuwe konstruksie rondom die onsekerheid van die navorser as terapeut, sou mettertyd meer en meer bevestig word, en as deel van die self van die terapeut geïntegreer word as 'n waardevolle eienskap, sowel as 'n persoonlike terapeutiese sterkte. Die persoonlike ervaring van die proses van herdefiniëring van die terapeut, het die deur oopgemaak vir die proses van voordurende groei en vernuwing op persoonlike en professionele vlak.

#### 5.2 DIE GEBRUIK VAN ONSEKERHEID IN DIE TERAPEUTIESE PROSES

Wanneer die navorser as terapeut bewus word van 'n element van onsekerheid, dien dit as 'n alarm wat afgaan. Aanvanklik is die effek daarvan paniekerigheid – 'n bekende gevoel van hulpeloosheid – totdat die reddingsaksie op die alarm in werking tree. Die rooi alarmliggie flikker: “Ek is onseker” en dan moet die terapeut die groen reddingsknoppie druk “Die feit dat ek onsekerheid ervaar is in orde en ek kan dit gebruik om my deur die kliënt te laat lei oor wat in sy situasie en in die gesprek tussen ons aangaan en waarheen dit moet gaan.” Die onsekerheid word gebruik as 'n flits in die donker en 'n hulpmiddel waarmee gefokus kan word om nuuskierig en empaties die gesin se leefwêreld te betree, om meer sekerheid oor hul konstruksies van hul leefwêreld te verkry. Dit vervang die sekerheid in die sin van dat die terapeut **weet** [volgens haar eie konstruksie dan] wat in die gesin aangaan. “In working with a “client” whose language is “impossible” for the therapist to understand, students are

encouraged to develop a “not knowing” approach to therapy.” [Anderson & Goolishian 1992 , aangehaal deur Helmeke & Prouty 2002:536].

Wanneer die navorser as terapeut dus nie verstaan wat aangaan met 'n gesin nie, is dit des te meer motivering om verder te eksploteer saam met die gesin. Dit is asof die navorser as terapeut elke keer wanneer hierdie gevoel ervaar word met die toetrede tot 'n nuwe terrein in die terapeutiese veld, opnuut bemagtig word deur die herdefiniëring van die onsekerheid. Dit dien as motivering om des te meer kongruent, opreg en aanvaardend binne die terapeutiese sisteem te wees, ten opsigte van die self, maar ook ten opsigte van die kliëntesisteem en die terapeutiese proses. Nie alleen het dit 'n kalmerende effek op die navorser as terapeut wanneer sy haar onsekerheid herken nie, maar het dit ook geblyk voordelig te wees vir die terapeutiese proses. Deur die onsekerheid soms teenoor 'n gesin te verbaliseer kan hulle dikwels so tot groter medeverantwoordelikeheid in die terapeutiese proses gemotiveer word.

**Onsekerheid by die terapeut kan dus pertinent tot voordeel van die kliëntgesin in die terapie aangewend word.**

Die beginsel van opregtheid en kongruensie van Rogers [en dus in hierdie geval die erkenning van die terapeut dat sy nie op 'n bepaalde stadium weet wat om te doen nie, nie weet hoe om die gesin te help nie, nie weet wat om te sê nie of wat die oorsaak of oplossing van 'n probleem is nie] kan as aansporing vir en bemagtiging van die gesin dien om die terapeut te “help”. Die essensie van konstruktivisme is dat die terapeut voortdurend van haar eie proses bewus sal wees en verantwoordelikheid vir innerlike gevoelens en ervarings [wat dus ondermeer onsekerheid kan wees], neem en dit ook konstruktief in die terapeutiese proses gebruik. Dit word ook spesifiek en op 'n besondere manier deur Wallace beklemtoon ten opsigte van die persoonsgesentreerde benadering. “The method and techniques of the person-centered therapist is to be without method and techniques, **to be therapeutically present and to remain congruent in the relationship.**” [Wallace[1986], in Louw 1989:548]



Piercy en Sprenkle, verwys ook hierna as hulle Satir aanhaal: “beyond the skillfull execution of technique, Satir encourages direct, honest communication among family members through the considerable support and warmth she shows them. **She risks and shares herself to encourage risking and sharing from other family members.** In being fully human through direct, present centered encounters, Satir demonstrates several of the most vital tenets of experiential family therapy. “ [Piercy & Sprenkle 1986:51]

Die ervaring van onsekerheid is dikwels steeds sigbaar in die stemgebruik, verbale ekspressie, liggaamstaal en mannerismes van die navorser as terapeut, en kan moontlik deur ander kliënte en professionele persone opgetel word. Ook in hierdie situasies word die herkenning en ruitelike erkenning daarvan as nie alleen bevrydend ervaar deur die navorser as terapeut nie, maar ook as bruikbaar en 'n stimulus vir die kliënt en die terapeut asook vir die terapeutiese proses.

Die ervaring van onsekerheid dien verder ook as aanmoediging vir die navorser as terapeut om nooit professioneel te “gerus en seker” te raak nie, om voortdurend op haar tone te bly en haar eie kennisbasis en terapeutiese vermoëns te verbeter en telkemale weer haar terapeutiese grense uit te brei.

Die element van onsekerheid by die navorser as terapeut, word nou juis 'n kompas om die onbekende terrein van die kliëntsisteem te betree en om voortdurend te kontroleer met die kliëntsisteem of daar nog saam op die regte koers gevaar word. Juis die feit dat die navorser as terapeut nie “seker” is van haar eie bekwaamheid, haar eie kennis, haar eie probleemoplossende vermoëns en vaardigheid in indrukwekkende strategieë en voorskrifte aan die gesin nie, maak die “onsekerheid” die kompas, wat die terapeut dus in staat stel om by wêreld van die kliëntegesin aan te sluit en te verken, en te bly kontroleer met die gesinslede waarheen hulle gesamentlik op pad is. Dit bring nuwe “sekerheid” te midde van die

“onsekerheid” van konstruktivistiese terapie. **Onsekerheid is deel van die konstruktiewe paradigma as ‘n komplimentêre deel van sekerheid.**

Deur hierdie “swakheid” van onsekerheid te herdefiniër en die reeds gemobiliseerde energie konstruktief aan te wend, was, en kan ook voortaan tot groot voordeel vir die navorser as terapeut, ander terapeute, terapie en uiteindelik ook kliënte wees. Om onsekerheid as ‘n vriend in plaas van ‘n vyand te herdefiniër, is om die terapeut te bemagtig met ‘n nuwe stuk toerusting in die terapeutiese situasie. Die navorser as terapeut kon as’t ware onsekerheid herdefiniër as ‘n onontbeerlike en ‘n noodsaaklike hulpmiddel in haar eie mondering . Dit het sodoende ‘n ekstra bonus geword vir die navorser as terapeut – soos ‘n ekstra sensor wat haar meer sensitief, waaksaam en ontvanklik maak vir bruikbare inligting in die terapeutiese sisteem. In die interaksieproses met die gesin, is die navorser as terapeut dus ingestel om deur die proses van terugvoering, voortdurend vas te stel wat met die verskillende gesinslede aangaan, wat hulle onderskeie denkraamwerke is.

Ook waar die onsekerheid lê in die gebrek aan kennis, kundigheid, vaardigheid in tegnieke, beleid, prosedures, werkswyses binne die breër welsynsisteem, moontlike kulturele verskille, kan hierdie “onsekerheid” ‘n *bemagtigende* element eerder as *ontmagtigende* element word. Die onsekerheid kan die dryfkrag word vir die terapeut, om haarself beter toe te rus, ten einde meer “kundig” te word ten opsigte van die faktor waaroor sy onseker is, in plaas daarvan om aan haarself die onrealistiese verwagting te stel, om “altyd alles te moet weet” en in die proses ontmagtig te word.

### **5.3 ‘N LAASTE REFLEKSIE OOR DIE GROEI-PROSES VAN DIE TERAPEUT**

Die Magister studie in Maatskaplike Werk was ‘n unieke groeiproses vir die terapeut. In die groep het almal seker tot ‘n mindere of meerder mate onsekerheid ervaar. In die aanleer van

nuwe teorieë en modelle, word elke terapeut afhange van haar of sy eie raamwerk, in 'n mindere to meerder mate uitgedaag. Die veranderingsproses het op die hele groep destabiliserend ingewerk. In ooreenstemming met sy of haar proses, is aanpassings gemaak, om stabiliteite te herwin. Deur juis dit [onsekerheid], wat die destabilisering in die betrokke navorser as terapeut meegebring het, te kon erken en te kon integreer, het haar op 'n nuwe terapeutiese wentelbaan geplaas.

Vir die terapeut was dit 'n ongelooflike bevrydende ervaring. Om die woorde van Lynn Hofmann soos aangehaal deur Simon, in Hargens te gebruik: “ **But my stance was very different from former days. When I stopped being as an “expert”, I also became less distant and less anonymous. I will now share a much more private side of myself, and I will admit error if I think I have been in the wrong.**” [Simon in Hargens 1988: 57] Die terapeut is bevry om gaandeweg meer oop, deursigtig en kongruent te kon wees – om net haarself te kon wees in die terapie en die terapeutiese masker te kon afhaal, sonder om effektiwiteit en professionaliteit prys te gee. Sy het geleer om die onsekerheidsgevoel te herken en te erken as iets wat kom en gaan te midde van die leerervaringe, en dus iets wat eintlik nooit behoort op te hou nie.

Die selfgekonstrueerde druk om 'n “ekspert-terapeut” te wees het ook gaandeweg vervaag en groot verandering gebring op die wyse waarop sy gesinsterapie benader. Die navorser het die ekspert-rol prysgegee. Lynn Hofmann verwys na 'n soortgelyke ervaring as sy beklemtoon dat sy die beherende terapeutiese styl soos wat Minuchin dit toegepas het, as intimiderend ervaar het, omdat dit nie by haar persoon aansluiting gevind het nie. Sy het doelbewus daarvan wegbeweeg en 'n styl ontwikkel wat by haar eie oortuiginge aansluiting gevind het. [Simon in Hargens 1988:57-75].

Die integrasie van onsekerheid as deel van die navorser as terapeut se mondering sluit aan by die persoonsgesentreerde benadering wat nou reeds deel van haar terapeutiese styl geword het en wat verder ook by haar eie waardesisteem en persoon aansluiting gevind het.

Die ontdekking van die epistemologie rondom konstruktivistiese denke met die konstruksies rondom die “sekerheid” wat die “onsekerheid” juis vir die navorser as terapeut bied, skep ‘n omgewing vir voortdurende verandering en groei. Sy kon uit die verskillende modelle van gesinsterapie met die verskeidenheid tegnieke, **dit** integreer wat met haar menswees kon aansluiting vind.

